

**DIE KLEURLINGE VAN EERSTERUST
SE SIENING VAN HUL HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE
POSISIE IN DIE BREË SUID-AFRIKAANSE BEVOLKINGSTRUKTUUR**

deur

**HENRY B. SMIT
B.A. (Hons.)**

**Voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir 'n M.A. graad
in die Sosiologie**

**Universiteit van Pretoria,
1971**

VOORWOORD

Dit is vir die ondersoeker 'n behoefte van die hart om dank en erkentlikheid te betuig teenoor die persone wat bygedra het tot die afhandeling van die ondersoek.

Ten eerste, aan my promotor, prof dr N.J. Rhoodie wie se studeerkamer feitlik enige uur van die dag oopgestaan het. Sy stimulerende leiding was altyd 'n onder-skraging.

Aan my ouers, dank en erkenning.

My dank ook aan mnr Kellerman verbonde aan die kantoor van Pretoriase Stadsraad te Eersterust. Aan mnr H. Coverdale my dank vir die insiggewende inligting aan my verskaf. My waardering ook aan die verskeie Kleurlingonderwysers wat behulpsaam was met die opname.

'n Opregte woord van dank aan my vrou, Yvonne, vir haar daadwerklike hulp, veral met die proeflees en die persklaarmaking van hierdie verhandeling, asook gedurende vorige studiejaar. My innige waardering aan haar vir die vele opofferings wat dit geveer het. Dank en waardering ook aan my skoonouers vir hul bystand.

PRETORIA.

HENRY D. SMIT
NOVEMBER 1971.

I N H O U D

		<u>BLADSY</u>
HOOFSTUK I	INLEIDING	1
	1.1 Die Keuse van die Vraagstuk	1
	1.2 Die Taakgebied van die Rasse- sosioloog	2
	1.3 Die Uitgangspunt	5
	1.4 Hipotese	8
	1.5 Afbakening van die Onderzoek	9
	1.6 Navorsingsprosedure en -Metode	10
	1.7 Die Steekproef	13
	1.8 Omskrywing van Begrippe	15
	1.9 Opsomming	
HOOFSTUK II	DIE KLEURLINGE VAN SUID-AFRIKA	
	INLEIDING	17
	2.1 Die Historiese Herkoms van die Kleurlinge	18
	2.2 Demografiese Aspekte	23
	2.3 Rassoklassifikasie	33
	2.4 Die Suid-Afrikaanse Kleurling- beleid	36
	2.5 Vernaamste wetgewing wat Blank/ Kleurling verhouding bepaal	41
	2.6 Opsomming	43
HOOFSTUK III	DIE INWONERS VAN EERSTERUST - KENMERKE VAN DIE STEEKPROEF	
	INLEIDING	45
	3.1 Ligging, Ontstaan en Ontwikkeling van Eersterust	45
	3.2 Die Gesinsagtergrond van Eersterust se Kleurlinge	48
	3.3 'n Ontleding van die Veranderlikes	50
	3.4 Opsomming	74

/HOOFSTUK IV.....

DLADSY

HOOFSTUK IV	DIE KLEURLINGE SE HUIDIGE SOSIO-POLITIEKE POSISIE	
	INLEIDING	76
4.1	Gesindheid van die Kleurlinge ten opsigte van hul huidige sosio-politieke posisie	✓ 76
4.2	Is die Kleurlinge 'n Volk?	82
4.3	Party-politieke Dewustheid	91 ✓
4.4	Opsomming	95
HOOFSTUK V	DIE KLEURLINGE SE TOEKOMSTIGE SOSIO-POLITIEKE POSISIE	
	INLEIDING	96 ✓
5.1	Wat Ogeer die Kleurlinge?	96
5.2	Selfbehoud by die Kleurlinge	112
5.3	Opsomming	113 ✓
HOOFSTUK VI	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS	
	INLEIDING	114
6.1	Samevatting	114
6.2	Gevolgtrekkings	120

BIBLIOGRAFIE

DYLAE I - Die Vraelys

DYLAE II - Die Verteenwoordigende Kleurlingraad.

(iii)

LYS VAN TABELLE

<u>TABEL NR.</u>	<u>DLADSY</u>
1	Die 8 tabelle waarvolgens een volwassene in 'n woonhuis vir onderhoudvoering gesolekteer is. 13
2	Die Bevolkingsamestelling van Suid-Afrika, 1904 - 1970. 25
3	Die Gemiddelde Jaarlikse Groeikoers sedert vorige sensus - Persent. 27
4	Sterftes by Dlanke en Kleurlinge oor 'n tydperk van Twintig Jaar. 30
5	Groepsoorsprong van Respondent se Vader. 49
6	Groepsoorsprong van Respondent se moeder. 51
7	Geboorteplek van Vader. 53
8	Geboorteplek van Moeder. 54
9	Familie in die Kaapprovinsie. 55
10	Oorsprong van Respondent. 56
11	Tydperk van Verblyf in Eersterust. 57
12	Verblyf vir die Grootste Gedeelte van hul Lewe. 58
13	Jare van Verblyf in die Kaapprovinsie. 59
14	Geslag en Huwelikstaat. 61
15	Huistaal deur Inwoners van Eersterust Gebesig. 63
16	Ouderdomsverspreiding van die Respondente. 65
17	Hoogste Opvoedkundige Kwalifikasies. 67
18	Beroepsverspreiding van die Respondente. 69
19	Maandelikse Inkomsteverspreiding. 71
20	Geloofsverspreiding van die Respondente. 72a
21	Persentuele Sterkteverhouding van sekere Kerkgenootskappe. 73
22	Voorkeur van Assosiasie met 'n Besondere Groep. 77

TABEL NR.

BLADSY

23	Redes aangevoer vir Besondere Groepassiasie.	79
24	Aanvaarding deur die Kaapse Kleurling van die Griekwa, en/of Maleier in Kaapse Kleurling Woonbuurt.	80
25	Bereidwilligheid van Kaapse Kleurlinge om met Besondere Groep saam te woon.	81
26	Sal die Groepname Griekwa, Maleier en Kaapse Kleurling verdwyn?	81
27	Vorm die Kleurlinge 'n Aparte Volk?	84
28	Beskou u die Kaapse Kleurlinge, Griekwas en Maleiers as Aparte Groepe, of nie?	86
29	Is daar verskille tussen die Kaapse Kleurling, Griekwa en Maleier, of nie?	86
30	Is die Verskille tussen die groepe Groot of Klein?	87
31	Verwerping van Groepe.	87
32	Verwerping van Maleier op Grond van Geloof.	88
33	Behoort die Kaapse Kleurlinge, Griekwas en Maleiers Aparte woonplekke te hê, of nie?	89
34	Sou u bereid wees om met òf 'n Griekwa òf 'n Maleier in die huwelik te tree?	90
35	Vorm die ransvaalse Kleurlinge 'n Aparte Groep van die Kaaplandse Kleurlinge.	91
36	Is u lid van 'n Politieke Party? Indien wel, watter een?	93
37	Behoort Wetgewing aangeneem te word om ondertrouery tussen Kleurlinge, Indiërs en Dantoes te verbied, of nie.	97
38	Watter benaming sou u verkies in plaas van die huidige, naamlik "Kleurlinge"?	101
39	Toekomstige Groepering onder een Regering.	104
40	Verkies u 'n Aparte Vaderland met 'n Aparte Regering?	105

TABEL NR.

BLADSY

41	Sou u wou hê dat die Griekwas en Maleiers saam met u onder één Kleurlingparlement woon?	106
42	Wil u 'n Tuisland hê, of nie?	107
43	Opvoedkundige Kwalifikasies van Kleurlinge wat 'n Tuisland vir die Kleurlinge verkies teenoor kwalifikasies van Kleurlinge wat NIE ten gunste van 'n tuisland is nie.	108
43	Waar Tuisland geleë moet wees.	110
44	Verteenwoordiging van Kleurlinge in die V.V.O.	111

SAMEVATTING

Die onderhawige ondersoek is onderneem om vas te stel wat die siening van die Eersterustse Kleurlinge oor hul huidige en toekomstige sosio-politieke posisie in die breëre Suid-Afrikaanse bevolkingstruktuur is.

’n Algemene oorsig van die historiese herkoms en ontwikkeling van die Kleurlinge in Suid-Afrika word aangebied. Teen dié agtergrond, asook in die lig van die belangrikste wetgewing wat Blank/Kleurling verhoudinge in Suid-Afrika bepaal, word die kenmerke van die Eersterustse Kleurlinge ontleed.

Daar is vasgestel dat Eersterust, wat in 1958 tot Kleurlingwoongebied verklaar is, voorheen hoofsaaklik deur Dantoos bewoon was. Die meeste van die respondente se ouers – vaders, 78% en moeders, 80% – is uit die Kaapse Kleurlinggroep afkomstig. Vyftig persent van die Kleurlinge het geen familie in die Kaap nie. Ongeveer 80% van die Eersterustse Kleurlinge het nog nooit in die Kaap gewoon nie.

Volgens die agtergrond van die respondente van 20 jaar en ouer, blyk dit dat die Eersterustse Kleurlinge ’n verstedelike groep is met ’n gemiddelde ouderdom van 39 jaar.

Die opvoedkundige kwalifikasies van die Kleurlinge te Eersterust is laag. Die inkomstepeil korreleer hiermee en is ook laag.

Ten opsigte van beroepsverspreiding blyk dit dat die grootste groep (31%) huisvroue is waarvan dié met geen inkomste, 26% vorm.

Die betrokke Kleurlinge is ’n "veel-gelowige" gemeenskap en nie minder as 18 kerkgenootskappe word hier aangetref nie. Die Rooms-Katolieke kerkgenootskap se getalle groei sterk aan terwyl die lidmaatskap van die Protestantse Kerke aan die kwyn is.

Die onderhawige ondersoek het aan die lig gebring dat die Maleier- en Griekwaggroep – veral die

SAMEVATTING

Die onderhawige ondersoek is onderneem om vas te stel wat die siening van die Eersterustse Kleurlinge oor hul huidige en toekomstige sosio-politieke posisie in die breëre Suid-Afrikaanse bevolkingstruktuur is.

'n Algemene oorsig van die historiese herkoms en ontwikkeling van die Kleurlinge in Suid-Afrika word aangebied. Teen dié agtergrond, asook in die lig van die belangrikste wetgewing wat Blank/Kleurling verhoudinge in Suid-Afrika bepaal, word die kenmerke van die Eersterustse Kleurlinge ontleed.

Daar is vasgestel dat Eersterust, wat in 1958 tot Kleurlingwoongebied verklaar is, voorheen hoofsaaklik deur Dantoos bewoon was. Die meeste van die respondente se ouers - vaders, 78% en moeders, 80% - is uit die Kaapse Kleurlinggroep afkomstig. Vyftig persent van die Kleurlinge het geen familie in die Kaap nie. Ongeveer 80% van die Eersterustse Kleurlinge het nog nooit in die Kaap gewoon nie.

Volgens die agtergrond van die respondente van 20 jaar en ouer, blyk dit dat die Eersterustse Kleurlinge 'n verstedelike groep is met 'n gemiddelde ouderdom van 39 jaar.

Die opvoedkundige kwalifikasies van die Kleurlinge te Eersterust is laag. Die inkomstepeil korreleer hiermee en is ook laag.

Ten opsigte van beroepsverspreiding blyk dit dat die grootste groep (31%) huisvroue is waarvan dié met geen inkomste, 26% vorm.

Die betrokke Kleurlinge is 'n "veel-gelowige" gemeenskap en nie minder as 18 kerkgenootskappe word hier aangetref nie. Die Rooms-Katolieke kerkgenootskap se getalle groei sterk aan terwyl die lidmaatskap van die Protestantse Kerke aan die kwyn is.

Die onderhawige ondersoek het aan die lig gebring dat die Maleier- en Griekwaggroep - veral die

This research was conducted to ascertain the point of view of the Coloureds of Eersterust concerning their present and future socio-political position in the over-all population structure of South Africa.

A general survey is given of the historical origin and development of the South African Coloureds. The characteristics of the Coloureds of Eersterust are analysed against this background as well as the most salient legislation governing White/Coloured relations in South Africa.

Up to 1958 when Eersterust was declared a Coloured Township, the area had been mostly occupied by Dantu.

Most of the parents of these respondents originated from the Cape Coloured group - fathers, 78% and mothers 84%. Fifty percent have no family ties in the Cape whatsoever. Approximately 80% of the Eersterust Coloureds have never lived in the Cape.

An analysis of the background of the respondents of 20 years and older, substantiated the fact that the Coloureds of Eersterust with an average age of 39, constitute an urbanised community.

There is a very strong correlation between the low standard of education and low income of this Coloured group.

Regarding the occupational distribution among this Coloured group, it proved that 31% were housewives of whom 26% had no income.

This study exposed these Coloureds as a "multi-denominational" community with no less than 18 church denominations of which the Roman Catholics seem to show a growing numerical preponderance. The membership of the Protestant churches seems to be dwindling.

It was brought to light that a very strong "group consciousness", based on group differences, prevails and that the Coloureds most emphatically reject the Malay and Griqua groups - especially the former. Despite the fact

/that approximately.....

that approximately 86% of the Coloureds regard themselves as a people ("volk"), the researcher has come to the conclusion that neither per definition nor in a sociological sense do the Coloureds qualify as a people.

Approximately 75% of the Coloureds admit a strong affinity for and identification with the Cape Coloureds.

Regarding inter-racial marriages, the Coloureds feel that appropriate legislation should be introduced in Parliament to prevent marriages between Coloureds and Bantu as well as between Coloureds and Indian groups.

With reference to party-politics they have no clarity regarding their convictions and do not register any political party affiliations.

The Coloureds are entering an era of far-reaching political vistas which the Coloured Representative Council although with limited power, has brought within their grasp. However, the reaction has been a summary rejection of integration as well as the status quo. Seventy percent of the Coloureds of Eersterust subscribe to separate development and as a separate group also desire their own homeland. One-third of the 70%, however, unequivocally reject the Griqua and Malay "minorities" and would not accept them in a Coloured homeland.

Finally, the socio-political implications of the Coloureds' viewpoint and their desires were analysed and it was evinced that there is a distinct positive correlation between Coloureds who reject a Coloured homeland and their relatively high level of education. In other words, it was evident that it is the "lower" stratum among the Coloureds of Eersterust who desire a homeland.

Various political avenues open to the Coloureds were discussed and it has been pointed out that should South Africa desire political peace of mind and should she foster any hope of achieving a level of sound, mutual understanding and respect in the sphere of race relations, an intensive programme, aiming at accelerating the socio-educational and economical uplifting of the Coloureds, is imperative.

DIE KLEURLINGE VAN EERSTERUST SE SIENING
VAN HUL HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE POSISIE
IN DIE BREÛ SUID-AFRIKAANSE BEVOLKINGSTRUKTUUR

HOOFSTUK I

INLEIDING

Daar word dikwels beweer dat die natuurwetenskappe met byna ongelooflike spronge ontwikkel en vooruitgang maak, terwyl die geesteswetenskappe - veral die sosiale wetenskappe - relatief stagnant is. 'n Mens hoef slegs na die jongste ruimte-navorsingsprestasies te verwys om te kan verstaan waarom sodanige wanopvattings wel bestaan. Weliswaar dat enige wetenskaplike vordering op die gebied van die mens-wetenskappe nie vir die wêreld in die algemeen so dramaties aanskoulik is nie. Maar ongelukkig is dit ook waar dat, ten spyte van die feit dat die mens in Junie 1969 op die maan geland het, die vordering van die sosiale wetenskap tot beter rasseverhoudinge hier op aarde uiters skraal is te oordeel na die rassesspanning en rassekonflikte oor die hele wêreld. Laasgenoemde feit verleen genoeg raison d'etre aan die rassesosioloog; nog meer: dit beklemtoon die enorme taak wat daar op hom wag.

I.1 DIE KEUSE VAN DIE VRAAGSTUK

Die ondersoeker is terdeë bewus van hierdie ontsaglike taak en het gevoel dat hy moontlik 'n beskeie bydrae in Suid-Afrika wat rassesosiologies in so 'n unieke posisie verkeer, kan lewer. Dit gaan ook spesifiek oor die Kleurlinge.

Vorm die Kleurlinge in Suid-Afrika 'n volk? Is die Kleurlinge volksbewus? Kan die Kleurlinge vandag aanspraak maak op 'n eie identiteit en alles wat "nasieskap" impliseer? En hoe pas die Kleurlinge in by die Suid-Afrikaanse beleid van afsonderlike ontwikkeling?

Die plaaslike Blanke bevolkingsgroep het verskillende antwoorde op bogenoemde vrae. Die Eerste Minister van Suid-Afrika het by geleentheid van die Wantroue-debat in Februarie 1969 beweer dat hy "nog nie die einde van die pad vir die Kleurlinge sien" nie. Verder het hy gemeld dat tuislande vir die Kleurlinge nie praktiese politiek is nie

/en dat Kleurlinge.....

2.

en dat Kleurlinge saam met Blankes in laasgenoemde se gebied moet bly. Die Kleurlingraad het die politieke grondslag vir die Kleurlinge se ontwikkeling gelê. Voorts het hy gesê dat die Kleurlinge nog in 'n toestand van nasie-wording is.

Maar 'n volk groei tog immers uit homself, dit wil sê, sy volksbewustheid, volkskultuur en die bewustheid van 'n eie identiteit kan slegs deur homself geskep word. Dan moet ons aanvaar dat die Kleurlinge self ook op bogenoemde vroeë 'n eie standpunt huldig. Hoe voel die Kleurlinge oor hul politieke posisie in Suid-Afrika? Is hulle gelukkig oor die huidige situasie? Hoe sien die Kleurlinge hul toekomst binne of buite die raamwerk van die Suid-Afrikaanse beleid van afsonderlike ontwikkeling?

Vrae soos bogenoemde het die ondersoeker geprikkel en het regstreeks daartoe gelei dat die onderhawige ondersoek aangepak is.

I.2 DIE TAAKGEBIED VAN DIE RASSE-SOSIOLOOG

Val sodanige ondersoek binne die taakgebied van die rasse-sosioloog? Waar twee mense, groepe, volke of rasse in aanraking met mekaar kom, vind sosiale interaksie plaas. En dit vorm deel van die sosioloog se taak om hierdie interaksie wetenskaplik te bestudeer en te beskryf. Maar dit is juis hierdie taak, naamlik die omskrywing van rasseverhoudinge in gegewe omstandighede wat so moeilik is. Dit sou soveel makliker wees as die sosioloog sy taakgebied ten opsigte van rasseverhoudinge kon definieer, maar soos John Rex (20, p.7) dit stel: "... the fact is that, unlike the natural scientists, who may be thought of as applying concepts to things, the sociologists seek to apply concepts to the understanding of social relations, and social relations in turn depend upon the conceptualisations which actors make of their world and of other actors. It is not possible therefore to make an absolute distinction between structures of social relations as they really are interpreted by participant actor's theories and concepts, and the ideas and concepts and theories in terms of which interpretations are made."

/Rex (20, p.9).....

3.

Rex (20, p.9) gaan verder: "We do, therefore, wish to emphasize that the sociology of race relations must take account of subjective definitions, stereotypes, typifications and belief systems in the business of defining its field." Met ander woorde, wat mense dink en voel omtrent ras, en nie wat dit werklik is nie, bepaal die aard van rasseverhoudinge.

Waar twee of meer rasse-groepe binne dieselfde staatkundige grense verkeer, word daar sekere verhoudinge onderling gehandhaaf wat die maatskaplike en politieke geluk, welsyn en toekoms van die betrokke rasse bepaal. 'n Wetenskaplike studie van hierdie verhoudinge val binne die terrein van die sosioloog. Inderdaad 'n veeleisende taak, soos Lazarsfeld (12, p. 39) dit stel: "Sociologists are supposed to convert the vast and ever-shifting web of social relations into an understandable system of manageable knowledge." Wat die spesifieke taak van die rassesosioloog betref, moet dit gesien word in die lig van die probleme en eienskappe van 'n "rasse-situasie" waarmee die sosioloog gekonfronteer is. Hierdie eienskappe sluit byvoorbeeld die volgende in: situasies waarin twee of meer groepe met duidelik onderskeibare identiteite en herkenbare eienskappe, deur ekonomiese of politieke omstandighede gedwing word om in dieselfde samelewing te woon. Verder kan 'n rasse-situasie ontstaan wanneer 'n hoë mate van konflik tussen die groepe heers en sekere kriteria gebruik word om lede van elke groep te identifiseer sodat een groep 'n vyandiggesinde beleid teenoor 'n ander groep kan volg. "...within this group of situations true race relations situations may be said to exist when the practices of ascriptive allocation of rôles and rights ... are justified in terms of some kind of deterministic theory, whether that theory be a scientific, religious, cultural, historical, ideological or sociological kind and whether it is highly systematised, or exists only on the everyday level of folk wisdom or in the fore-shortened factual or theoretical models presented by the media." (20, p. 160)

Dit word ook deur Rex (20) beweer dat 'n ras sy moordwaardige houding en diskriminerende beleid teenoor 'n ander groep baseer op subjektiewe oordeel wat ten nouste saamhang

/met oersgenoemde

met eersgenoemde se waardesisteam. Sodanige beleid word ook "gerasionaliseer" deur argumente sous differensiële opvoedingspeil, minderwaardige kultuur en intellektuele tekortkominge van 'n "onderdrukte" groep. Myrdal¹⁾ stel dit so: "... when there is some kind of strain between the society's ultimate value system and its actual behaviour towards ethnic minorities, there may be a positive compulsion to invent facts." Wanneer dit by argumente oor die politieke regte van mense gaan, is dit dikwels nie argumente oor feite nie maar oor waardes. Intellektuele regverdiging vir die handhawing van 'n besondere rassebeleid is nie altyd bevredigend nie. Volgens Pareto²⁾ "... the reasons which men give in order to account systematically for their behaviour are added after the behaviour is complete, and are not adequate to account for it."

Namate die onderontwikkelde swart volkere ontwaak het en op elke moontlike politieke platform hul bestaansreg uitgebazuin het, het die wêreld intens ras- en kleurbewus geraak. En asof laasgenoemde 'n gewetenswroeging wou stil, is die Deklarasie van Menseregte in die V.V.O. afgekondig: alle mense is gelyk ongeag ras, kleur of geloof. In die (ongelukkig) oorhaastige implementering van hierdie aspek van die V.V.O. se beleid word daar egter nie altyd met die praktiese werklikhede van die hede rekening gehou nie. Realiteite sous verskille in beskawingspeil, lewensbeskouinge, kultuur, ras, ens., bepaal in 'n groot mate die onderlinge verhouding tussen volkere, want feit is dat elke volksgroep 'n sterk bewustheid van hierdie verskille openbaar - al is sy politieke gelykheid op skrif gewaarborg! Dit is ook waar dat 'n verskil van 100 - 300 jaar of meer in beskawingspeil tussen twee volkere nie summier in 'n jaar of tien uitgewis kan word nie - ten spyte van fenomenale bedrae bestee aan tegniese hulp-en kulturele opheffingsprogramme.

In Suid-Afrika met die beleid van afsonderlike ontwikkeling word rasseverskille, andersheid van volkere en die selfbeskikkingsreg wat die geboortereg van elke volksgroep is, erken. Elke ras in Suid-Afrika word geïdentifiseer,

/erken en 'n eie

1) Myrdal, G.: Value in Social Research, p. (Rex 150)

2) Volgens J. Rex (Sien Bibliografie, Nr. 17), p. 137.

erken, en 'n eie ontwikkeling en toekoms gegun Waar prak-
ties moontlik word 'n eie vaderland aan so 'n volk toegeken.

Ten spyte van die meer "menseregte" en groter mate van
erkenning wat genoemde onderontwikkelde volkere geniet, blyk
daar geen tevredenheid en geluk te wees in 'n wêreld van
rassekonflikte, -botsings en voortdurende spanning nie. Of
Suid-Afrika wel 'n oplossing vir sy eie rassesspanning kan
aanbied, sal die toekoms ons moet leer. Gesien in die lig
van bogenoemde wêreldsituasie, met Suid-Afrika sogenaamd "uit
pas" met die res van die wêreld, moet erken word dat daar
nog nooit tevore in die geskiedenis so 'n groot uitdaging aan
die sosioloog gerig was as juis in die huidige tydswrig nie.

I.3 DIE UITGANGSPUNT

In 'n kontaksituasie waarin twee of meer rasse verkeer,
bly konflik latent as 'n potensieële krag. Die twee alge-
meenste bedelings wat op rassekontak volg, is assimilasie
en segregasie. Aangesien rasseverhoudinge 'n dinamiese ver-
skynsel is, kan die basiese prosesse daarvan nie in water-
digte kompartemente afgehoek word nie.

Ons kan egter die volgende prosesse wat uit kontak tussen
mense, volksgroepe of rasse vloei, onderskei. Hierdie proses-
se kan ingedeel word as synde assosiatief of dissosiatief van
aard.

I.3.1. Assosiatiewe prosesse

"Indien ocrwegend assosiatief van aard, lei die maat-
skaplike prosesse wat uit die kontak tussen differensieële
groeperinge voortvloei, uiteindelik tot die uitwissing van
daardie verskille wat die betrokke groepe met die aanvang
van hul kontak met mekaar onderskei het." (26, p. 98)

I.3.1.1. Akkommodasie

Wanneer twee of meer groepe met mekaar in kontak kom
in een omvattende maatskaplike sisteem, en daar spanning en
konflik kan ontstaan, moet onderlinge aanpassings gemaak
word tussen die onderskeie groepe om vrede en stabiliteit
in die hele maatskaplike sisteem te handhaaf. Nie slegs
beteken dit aanpassings teenoor mekaar nie, maar ook ten
opsigte van die omstandighede waaronder die kontak plaasvind.

/Hierdie proses

Hierdie proses staan bekend as akkommodasie. Die huidige Verteenwoordigende Kleurlingraad is 'n goeie voorbeeld van 'n "akkommodasie-stap" aan die kant van die Blankes. Die Verteenwoordigende Kleurlingraad vorm die institusionele struktuur wat minstens in breë lyne die mate van differensiasie en segmentasie ten opsigte van die Kleurlinge en die Blankes in Suid-Afrika bepaal.

I.3.1.2 Akkulturasië

Indien differensiële groepe aan langdurige en on-
onderbroke kontak met mekaar onderwerp is, kan die proses bekend as akkulturasie, ontstaan. Dit wil sê kultuuroordrag vind wedyersyds tussen die betrokke groepe plaas. Die omstandighede vir akkulturasie moet egter gunstig wees.

I.3.1.3 Assimilasie

"Assimilasie is die maatskaplike proses waardeur die grense tussen die onderskeie groeperinge algaande ver-
vaag, differensiasie tussen die onderskeie groepe afneem, en integrasie in 'n omvattende maatskaplike sisteem plaasvind." (26, p. 102) Huwelike speel 'n belangrike rol by assimilasië om die nivellering van die differensiële groepe te bewerkstellig.

I.3.1.4 Amalgamasie

Die proses wat hand aan hand gaan met die assosiatiewe maatskaplike en kulturele prosesse van akkulturasie, staan bekend as amalgamasie. Rassevermenging gaan gepaard met akkulturasie, en rasse-absorbering met assimilasië. Alhoewel akkulturasie en assimilasië nie biologiese vermenging as vereiste het nie, is die biologiese proses noodsaaklik vir volledige assimilasië.

I.3.2 Dissosiatiewe prosesse

Hier onderskei ons hoofsaaklik drie prosesse, naamlik kompetisie, weerstand en konflik. Alhoewel dié drie prosesse dieselfde dissosiatiewe uitwerking op die omvattende maatskaplike sisteem, in gemeen het, verskil hulle ten opsigte van graad en intensiteit. Dit moet in gedagte gehou word dat die reaksie op kontak tussen differensiële groepe nie in die geheel assosiatief of absoluut dissosiatief van aard is nie. Met

/ander woorde

ander woorde faktore wat ten gunste van integrasie van die maatskaplike sisteem inwerk, mag geneutraliseer en teëgewerk word deur faktore wat 'n bedreiging vir die omvattende maatskaplike sisteem inhou.

I.3.2.1 Kompetisie

Kompetisie is fundamenteel 'n botsing van belange "... competition (is) a social process whereby two or more persons or groups seek to obtain the same objectives." (3, p.99) Hier het ons nie persoonlike kompetisie in gedagte nie, maar wedywering tussen groepe waar groepsolidariteit 'n vername rol speel. Die aard en intensiteit van kompetisie hou verband met die bepaalde waarde- en normsisteem in die betrokke samelewing. Kompetisie word byvoorbeeld deur sentiment, gewoontes en morele standaarde gereguleer. Selfs die wet speel 'n belangrike rol as kontrole.

Verskillende vorms van kompetisie kom voor, byvoorbeeld status-, rasse-, kulturele en ekonomiese kompetisie. Dié verskillende vorms van kompetisie kom egter nie absoluut voor nie. Daar is soveel faktore wat 'n rol speel dat oorvleueling plaasvind en die vorm van kompetisie moeilik identifiseerbaar word.

I.3.2.2 Weerstand

Weerstand is 'n meer intensiewe proses van dissosiasie en dit word in die volgende vorms gemanifesteer: vanaf passiwiteit ten opsigte van samewerking tot beskuldiging, verkleinerings, onderdrukking, boikot en diskriminasie. Weerstand word ook weerspieël deur 'n gevoel van onsekerheid en teruggetrokkenheid teenoor die ander persoon, groep of kultuur waarmee kontak gemaak word. As gevolg van kontak kan weerstand ontwikkel tot afkeur, haat en weersin, maar sluit nie die gebruik van geweld in nie.

Vooroordeel teenoor 'n ander groep vorm 'n belangrike onderliggende aspek van weerstand en die opvatting dat die ander groep minderwaardig teenoor die eie groep is.

I.3.2.3 Konflik

Wanneer die dissosiatiewe prosesse só intens en hewig word dat 'n bepaalde groep glo dat die enigste wyse

/om sy eie

8.

om sy eie doelstellings te bereik, beteken dat hy die ander groep met dieselfde doelstellings en begeertes, gewelddadig uit die weg moet ruim, staan dit sosiologies bekend as konflik. Dit is die mees intense dissiatiewe proses. Dié proses van konflik is gewoonlik van relatief korte duur vanweë die fisiese en emosionele uitputtende en destruktiewe effek wat dit op die mens het. Na die konflik tree gewoonlik 'n toestand van weerstand of kompetisie of selfs akkommodasie in. In weerstand en kompetisie word die onderlinge stryd slegs in gewysigde vorm voortgesit, terwyl akkommodasie aanvaar word ter wille van die stabiliteit van die omvattende maatskaplike sisteem.

Goeie en gesonde betrekkinge tussen rassegroepe in dieselfde land is 'n voorvereiste vir vrede, stabiliteit en geluk by dié betrokke groepe. Hoe word genoemde vrede bewerkstellig in die kontaksituasie tussen die Blanke en die Kleurlinge in Suid-Afrika? Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is 'n poging in dié rigting; met ander woorde die vier hoofrasse in Suid-Afrika (Blankes, Kleurlinge, Bantoevolke en Indiërs) word die geleentheid gegee om maatskaplik-polities apart ten volle te ontplooi. Maar dan moet ons aanvaar dat elke hoof volkseenheid staatkundige onafhanklikheid sal begeer. Indien sodanige begeerte nie bestaan nie, is die betrokke volk nog nie ryp vir outonome staatkundige bestuur nie.

I.4 HIPOTESE

In die lig van bogenoemde en die huidige patroon van rasseverhoudinge in Suid-Afrika, gaan die ondersoeker van die standpunt uit dat die Kleurlinge nog nie 'n volk in die sosiologiese sin van die woord is nie. Die ondersoeker stel dan ook die hipotese dat daar nie die eensgesindheid en samchorigheid onder die Kleurlinge heers soos algemeen aanvaar word nie. Trouens, die ondersoeker meen die Kleurling is nog té bewus van die "statutêre saamgevoegdheid" van Kaapse Kleurlinge, Griekwas en Malciërs om enigsins 'n volksbewussyn te openbaar. Robert E. Park (19, p. 104) beweer "... interracial adjustments ... involve racial competition, conflict, accommodation, and /eventually

eventually assimilation, ..." Assimilasie begin gewoonlik op kulturele vlak met biologiese fusie as laaste stadium. Die finale stadium van assimilasië is dan amalgamasie, dit wil sê waar absolute etniese homogeniteit intree.

Gegrand op bogenoemde glo die ondersoeker verder dat hierdie stadium van amalgamasie tussen die Kaapse Kleurlinge, Griekwas en Maleiers nog nie bereik is nie. En van hierdie onderlinge etniese verskille is die Kleurlinge deeglik bewus, soos blyk uit die onderhawige ondersoek. (In Hoofstuk 4 meer hieroor).

I.5 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK

Soos die betiteling van die verhandeling aandui, gaan dit om die Kleurling se siening van sy huidige en toekomstige sosio-politiese posisie in Suid-Afrika.

I.5.1 Geografiese afbakening

In die lig van onvoldoende fasiliteite vir 'n ondersoek op nasionale grondslag is dit in die eerste plek prakties onmoontlik om elke Kleurling in Suid-Afrika in 'n ondersoek soos die onderhawige te betrek. Die aangewese wetenskaplike metode is dan om die ondersoekgebied geografies af te baken. Aangesien die ondersoek oor die Kleurlinge - en meer spesifiek die Transvaalse Kleurlinge - gaan, is besluit op die Kleurlingbuurt Eersterust, naby Pretoria. Hierdie buurt lê noordos van Pretoria, sowat 10 myl vanaf die middestad. Na die gewone verkenning van die veld vooraf, verskeie besoeke aan die betrokke gebied, en in oorlegpleging met plaaslike amptenare, is finaal besluit om slegs Uitbreiding 1 en 2 te betrek. (Sien "Bylaag 2")

I.5.2 Tydsafbakening

Hierdie aspek van tyd is nou ineengeskakel met die geografiese afbakening. Die ondersoeker het na sorgvuldige oorweging besluit om sy ondersoek te beperk tot die situasie in Eersterust soos op 31 Desember 1968. Dit het ipso facto meegebring dat slegs Uitbreiding 1 en 2 besoek is aangesien die jongste ontwikkeling in Uitbreiding 3 en 4 geheel-en-al sporadies bewoon was en laasgenoemde twee uitbreidings op dié stadium nog nie gereed vir intrekkers was nie. Op

/grond van

grond van voornoemde is besluit dat insluiting van Uitbreiding 3 en 4 dus nie geregverdig sou wees nie.

I.6 DIE NAVORSINGSPROSEDURE- EN METODE

I.6.1 Beplanning

Die prosedure wat in hierdie empiriese ondersoek gevolg is, is onderhoudvoering met behulp van 'n gestruktureerde vraelys.

Die ondersoeker is heeltemal bewus van die tekortkominge en beperkinge van 'n gestruktureerde vraelys, maar was noodsaak om sodanige vraelys te gebruik omdat hoofsaaklik Kleurlingonderwysers betrek is as veldwerkers en dit die aangewese manier was om te verseker dat die vrae met dieselfde bewoording elke keer gestel word. Sodoende is sogenaamde "oop vrae" tot 'n minimum beperk. Hierdeur wil die ondersoeker geensins impliseer dat genoemde veldwerkers nie opgewasse was vir die taak nie. Trouens, gedurende die eerste paar dae is gereelde samesprekings gevoer om wesentlike probleme gedurende die opname op te los, asook om die korrekte interpretasie, moontlike implikasies van vrae en reaksies van respondente, te bespreek. Gedurende sodanige besprekings het dit dan ook geblyk dat die veldwerkers die doel van die ondersoek volkome gesnap het en 'n besondere insig getoon het ten opsigte van die hele ondersoek.

Die ondersoeker het gevoel dat dit noodsaaklik was om Kleurlingveldwerkers te gebruik aangesien die aard van die vrae sodanig was dat die proefpersoon gehinhibeer en terughoudend kon reageer teenoor 'n Blanke veldwerker. Dit sou natuurlik meebring dat die probleme van geen response, of vals en misleidende antwoorde na vore kom. Ten spyte hiervan agter, wou die ondersoeker nie slegs self ervaring in so 'n empiriese ondersoek opdoen nie, maar ook vasstel of daar enige noemenswaardige en opvallende verskil in respons sou wees teenoor 'n Blanke veldwerker. Hierdie aspek sal weer aangeraak word in Hoofstuk IV.

I.6.2 Die Vraelys (Sien "Bylaag 1")

Die Vraelys het bestaan uit 43 vrae wat verdeel is in drie groepe, te wete identifiseringsvrae, agtergrondvrae en laastens, pertinente vrae oor die Kleurlinge

se mening van die huidige en toekomstige posisie van die Kleurling in Eersterust in die besonder, en in Suid-Afrika in die algemeen.

Al die vrae is vooraf gekodifiseer. Voorsiening is gemaak vir een oop vraag. Hierdie "oop vraag"-response is na die opname ingedeel in verskillende veralgemenings wat alle soortgelyke antwoorde die beste sou saamvat. In die geval van Vraag B.7 is die antwoord van B.6 basies as uitgangspunt vir klassifikasie geneem. Toevallig loop die aantal indelings op 8 uit. (Vergelyk "Bylaag 1", p. 3). Die 8 veralgemeningsindelings is soos volg:

1. Het met Kleurlinge grootgeword.
2. Het met Griekwas grootgeword.
3. Solank hulle Kleurlinge is.
4. Sterk afsydig teenoor Griekwa en Maleier.
5. Aspireer om erkenning as Kleurling.
6. Het as Maleier grootgeword.
7. Dit maak nie saak nie.
8. Koester affiniteit met Griekwa.

I.6.3 Die ondersoekmetode

Daar is besluit om onderhoude te voer op die basis van een volwassene per huis. Dit het meegebring dat 'n wetenskaplik aanvaarde tegniek gevind moes word om te verseker dat die proefsteek verteenwoordigend van ouderdom - sowel as geslagsverspreiding sou wees. Die ondersoeker het besluit op die deurproefde tegniek van L. Kish (16, p. 399) waar soos volg te werk gegaan word:

Op die buiteblad van elke vraelys is twee tabelle aangebring, waarvan die een 'n seleksietabel is. Die twee sien soos volg daaruit:

LYS VAN ALLE PERSONE 20 JAAR EN OUER IN HUIS

Verwantskap met Hoof	Gesl.	Oud.	Volw nr.	Kontr Resp.
HOOF	M	52	2	
Vrou	V	45	5	
(Hoof se) Vader	M	70	1	
Seun	M	23	3	
Dogter	V	26	6	
(Vrou se) tante	V	64	4	
ens.				

SELEKSIETABEL

<u>SELEKSIETABEL E1</u>	
Aantal Volw. in Huis:	Voer Onderh. met Volw. genommer:
1	1
2	2
3	3
4	3
5	3
6 of meer	5

Op hierdie lys word alle familie wat 20 jaar en ouer is, in dié betrokke huis genoteer. Die vader word aanvaar as die hoof van die huis en al die ander volwassenes word aangedui volgens hul verwantskap met die hoof, byvoorbeeld vrou, seun, broer, skoonmoeder, ens. Die geslag en ouderdom van elk word aangedui. Hierna word 'n volgnummer aan elke volwassene toegeken; eerstens die manlike lede in volgorde van oudste na jongste, gevolg deur die vroulike lede in dieselfde volgorde. (Vergelyk die tabelvoorbeeld hierbo).

Die prosedure wat gevolg word is soos volg: die veldwerker neem eerstens genoemde besonderhede van die familie, raadpleeg die seleksietabel (sien voorbeeld) en bepaal sodoende wie sy respondent gaan wees. Hierna stel hy dit aan die proefpersoon dat baie van die vrae van persoonlike aard is en hulle (die veldwerker en respondent) verkieslik privaat moet verkeer. Dit is noodsaaklik aangesien die respondent maklik as gevolg van familie teenwoordigheid sy of haar antwoorde wysig.

Om die steekproef verteenwoordigend ten opsigte van geslag en ouderdom te maak, is 8 verskillende tabelle in die volgende verhoudings gebruik:

/TABEL 1*

TABEL 1* Die 8 tabelle waarvolgens een volwassene in 'n woonhuis vir onderhoudvoering geselekteer is.

Verhouding waarin tabel- le toegeken is.	Tabel nommer	Aantal volwassenes in huis- houding					
		1	2	3	4	5	6 of meer
$1/6$	A	1	1	1	1	1	1
$1/12$	B ₁	1	1	1	1	2	2
$1/12$	B ₂	1	1	1	2	2	2
$1/6$	C	1	1	2	2	3	3
$1/6$	D	1	2	2	3	4	4
$1/12$	E ₁	1	2	3	3	3	5
$1/12$	E ₂	1	2	3	4	5	5
$1/6$	F	1	2	3	4	5	6

* (L. Kish - p. 400)

Die behoorlike breukdeel-verteenvoordiging van elke volwassene is goed benader deur slegs dié 8 tabelle. Vir huishouding met 1, 2, 3, 4 en 6 volwassenes is dié verteenvoordiging 100% korrek. Omdat vir meer as 6 volwassenes nie voorsiening gemaak is nie, is 'n klein persentasie nie verteenvoordig nie; miskien een uit elke duisend. Hiervoor is egter gekompenseer in die óór-verteenvoordiging van nommer 5 in huishouding met 5 volwassenes, terwyl nommer 3 ook arbitrêr óór-verteenvoordig is. Om groter akkuraatheid te bewerkstellig, het die ondersoeker egter die E-tabel geroteer in die geval van huishoudings met 5 volwassenes. Soos later sal blyk was daar in elk geval min sodanige gevalle.

Indien nadere besonderhede in verband met dié tegniek van meningsopname verlang word, word die lesers verwys na die werk van prof L. Kish, p. 400. (Sien Bibliografie).

I.7 DIE STEEKPROEF

Soos reeds genoem, is slegs Uitbreiding 1 en 2 betrek by die ondersoek. Vanweë die gebrek aan 'n absoluut

/betroubare de facto-.....

betroubare de facto-bevolkingsyfer vir Eersterust, as gevolg van 'n legio praktiese probleme ten opsigte van verhuising, ontwikkeling van die gebied sedert die jongste bevolkingsensus van 1960, ens., het die ondersoeker besluit om die de jure-syfer wat deur die owerheid aanvaar word, as basis te gebruik. In dié verband verwys die ondersoeker na die ondersoeke van twee ander navorsers, te wete Tj. v.d. Walt (27) en P.P. Jacobs³⁾. Genoemde persone het ook in hul ondersoeke gevind dat 6.2 siele per huis as korrekte gemiddelde vir Eersterust aanvaar kan word.

Die totale aantal huise in Eersterust op 31 Desember 1968, was 1,356. Hiervan was egter 444 in Uitbreiding 3 en 4 wat baie skraal bewoon was. Dit laat 'n totaal van 912 in Uitbreiding 1 en 2. Teen 'n gemiddelde sieletal van 6.2 per huis, het ons 'n totale inwonertal - alle ouderdomme - van 5,654.4. Aangesien reeds besluit is om slegs volwassenes van 20 jaar en ouer te betrek, is tot die gevolgtrekking geraak dat die aanvaarding van die de jure-persentasie volgens die 1960 sensus ten opsigte van die verhouding tussen persone onder 20 en bo 20 jaar, die bes-verteenvoerdigende steekproef tot gevolg sou hê.

Volgens die de jure-syfers van die 1960 sensus vir die Republiek is vasgestel dat 46% van alle Kleurlinge 20 jaar en ouer is. Die ondersoeker het egter besluit dat aangesien die ondersoek in Transvaal geskied - binne die metropolitaanse gebied van Pretoria - 'n meer akkurate steekproef verkry sou word indien die 1960 sensussyfers vir Transvaal gebruik word. Die verhouding tussen onder 20 en bo 20 verskil ietwat van die nasionale syfer: 49% van die Transvaalse Kleurlingbevolking is 20 jaar en ouer.

Nege-en-veertig persent van die totale inwonertal van Uitbreiding 1 en 2 van Eersterust, blyk dan 2,772.4 te wees. Uit hierdie getal volwassenes is die steekproef getrek en omdat, soos reeds gestel, een volwassene per huis ondervra sou word en hierdie 2,772 volwassenes oor 912 huise versprei is, is besluit om elke derde huis te betrek. Dit besorg ons 304 respondente, dit wil sê byna 'n 11% steekproef.

/I.7.1 PROBLEME ONDERVIND...

3) Jacobs, P.P.: Die herkoms en sosiale, ekonomiese en opvoedkondingsaspekte van die Kleurlinge van Eersterust, 1968 (M.A. Verhandeling)

I.7.1 Probleme ondervind met die navorsing

Die ondersoek het beslis nie sonder probleme verloop nie. Vooraf is reeds bepaal dat indien 'n huis wat betrek is, om enige rede nie gebruik kan word nie, of as daar 'n leë erf bestaan, die veldwerker na die huis onmiddellik daarnaas moet gaan. Hierna moes elke huis egter betrek word soos die patroon wat vooraf bepaal is, met ander woorde enige bewuste of onbewuste seleksie of vooroordeel sou uitgeskakel word. Hierdie aspek is goed gekontroleer deur die adresse vooraf op die vraelys aan te bring.

Gedurende die opname het dit geblyk dat die amptelike kaart van die gebied nie absoluut juis was nie en gevolglik is talle leë erwe aangetref wat die finale huistotaal op 226 te staan gebring het, dit wil sê 'n goed-verteenwoordigende steekproef van 7.4%.

Slegs twee geen-response is teëgekem. Een respondent het 'n onaangename ervaring vroeër in verband met soortgelyke meningsopnames deur - soos later geblyk het - 'n politieke groep, beleef. Gevolglik staan alle sodanige opnames sterk onder verdenking by hom en hy het summier geweier om enige vrae te beantwoord. 'n Tweede respondent het sonder enige verduideliking botweg geweier om enige vrae te beantwoord. In hierdie twee gevalle is daar glad nie aangedring op samewerking nie en twee ander huise is geneem.

Die ondersoeker moet egter beklemtoon dat dwarsdeur die hele opname slegs algehele bereidwilligheid en samewerking albei miskien 'n mate van teruggetrokkenheid, ondervind is. Trouens, 'n gees van vriendelike hulpvaardigheid is by al die respondente gevind. Gepaard hiermee, het die algehele belangstelling by die respondent ten opsigte van 'n korrekte interpretasie wat daar aan sy antwoord geheg moet word, die betroubaarheid van die ingesamelde gegewens verhoog.

I.8 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Uiteraard is dit noodsaaklik om duidelikheid te hê ten opsigte van begrippe soos gebruik in die ondersoek.

/Met 'n "Kleurling"

Met 'n "Kleurling" word bedoel 'n persoon wat ingevolge die Wet op Bevolkingsregistrasie, Wet nr. 30 van 1950, soos gewysig, as 'n Kleurling geklassifiseer is. Dit wil sê 'n "Kleurling" is 'n persoon wat nie tot die Blanke, Bantoe of Asiatiese bevolkingsgroepe behoort nie."

"Blanke" velkleur word aanvaar as die normale ligte kleur wat algemeen by die Blanke is en as sodanig 'n onderskeidende faktor is vir klassifikasie as Blanke.

"Kleurling"-velkleur word aanvaar as daardie kenmerkende roomgeel na ligbruin kleur van die Kaapse Kleurling asook 'n bruin gelaatskleur, maar in elk geval nie Blank genoeg om as "Blank" aangedui te word nie.

Met "Bantoe" velkleur word bedoel 'n donkerbruin na swart velkleur.

Wanneer mense in beroepe soos huurmotorbestuurder, vragmotorbestuurder, of beroepe wat nie as ambagte of professionele dienste geklassifiseer kan word nie, teëgekomp is, is hulle as "geskoolde werkers" aangegee. Semi-geskoolde persone in fabriek is as "fabriekswerkers" geklassifiseer.

1.9 OPSOMMING

Rasse-spanning en -konflik het oor die hele wêreld toegeneem. En Suid-Afrika met sy veelvolkige samestelling is geen uitsondering nie. Die soeklig het onder andere op die politieke posisie van die Kleurlinge in Suid-Afrika geval en die ondersoeker is geprikkel oor die standpunt wat die Kleurlinge self oor hul huidige en toekomstige sosio-politieke posisie in Suid-Afrika mag huldig. Dit het gelei tot die onderhawige ondersoek.

Dit is vasgestel dat 'n studie van rasseverhoudinge binne die taakgebied van die rasse-sosioloog val.

Die hipotese is gestel dat die Kleurlinge in Suid-Afrika nie 'n volk uitmaak in die sosiologiese sin van die woord nie.

Die ondersoek is afgebaken tot Eersterust, 'n Kleurlingwoonbuurt ongeveer 10 myl noord-oos van Pretoria.

16.a.

Slegs Uitbreiding 1 en 2 van die genoemde woonbuurt is betrek soos die situasie op 31 Desember 1968 was.

'n Opname deur middel van 'n gestruktureerde vraelys is gemaak en 226 proefpersone is betrek. 'n Onderzoekmetode van L. Kish waarvolgens een persoon in 'n huis van persone 20 jaar en ouer geselakteer is vir onderhoudvoering, is gebruik. Elke derde huis is in die ondersoek betrek. Slegs twee geen-response is teëgekem. Kleurlingveldwerkers het saam met die ondersoeker die opname onderneem.

Deegrippe ten opsigte van definisies van bevolkingsgroepe is omskryf volgens die Wet op Bevolkingsregistrasie, Wet Nr. 30 van 1950 (soos gewysig). Verder is beroepe ingedeel as "geskoolde werkers" en "fabriekswerkers."

HOOFSTUK II

DIE KLEURLINGE VAN SUID-AFRIKA

INLEIDING

Daar is vandag haas geen Westerse land wat daarop aanspraak kan maak dat hy geen "gekleurde" gemeenskap in sy bevolkingsamestelling het nie. Trouens, hierdie gekleurdtes vorm die "smeltkroes" waartoe elk van die onderskeie bevolkingsgroepe - Blank en nie-Blank - wat hul in 'n besondere land bevind, in 'n mindere of meerdere mate bygedra het. Suid-Afrika is geen uitsondering nie.

Afgesien van die onderskeie Blanke bevolkingsgroepe, tref ons die volgende nie-Blanke samestelling in Suid-Afrika aan: die Bantoes, Asiate, Kleurlinge (waarby ingesluit is die Griekwas en Malciers), en selfs Boesmans (wat vinnig besig is om uit te sterf).

In beide die populêre en wetenskaplike taal bestaan daar wyduiteenlopende definisies van "Kleurling". So praat diegene van die Amerikaanse denkrigting byvoorbeeld van Kleurlinge (Coloureds) as synde Negers, sowel as persone van gemengde bloed. In Suid-Afrika egter geld die definisie soos gemeld in Hoofstuk I.8. 'n Kleurling is 'n persoon wat nie tot die Blanke, Bantoe of Asiatiese bevolkingsgroepe behoort nie. (Later meer oor rasseklassifikasie in Suid-Afrika).

Die Blankes, sowel as die onderskeie nie-Blanke groepe in Suid-Afrika handhaaf 'n groepsidentiteit op kollektiwiteitsvlak wat gebaseer is op die waardes en norme van elke groep. Op hierdie wyse kan sodanige groepe selfs binne dieselfde samelewing langs mekaar bly voortbestaan. Dit moet egter onthou word dat vooroordeel en stereotipes deurwerk tot op die vlak van rolle. "Deur die prosesse van internasionalisering en institusionalisering word gesindhede wat geïmpliseer word deur vooroordeel en stereotipes opgeneem in die persoonlikheidsstruktuur en geformaliseer in die institusionele struktuur. Die individu ontwikkel derhalwe 'n betreklik vaste oriëntasie in terme waarvan hy ten opsigte van en teenoor lede van buitengroepe optree, en terselfdertyd bepaal die institusionele struktuur minstens in breë lyne

die mate van differensiasie en segmentasie ten opsigte van rasse of etniese groepe wat daar in die samelewing bestaan." (4, p. 262).

Bogenoemde prosesse, en hoe ver hulle gaan, en in watter mate afsonderlikheid in die samelewing sal bestaan, sal bepaal word deur die intensiteit van interne groeps-identifikasie, vooroordeel en stereotipering ten opsigte van buitengroepe. Die aard en verloop van die hele historiese proses van kontak en assosiasie tussen betrokke ras- en etniese groepe, bepaal weer bogenoemde prosesse. "Om hierdie rede kan die vraagstuk van rasseverhoudings wat op 'n gegewe moment in 'n bepaalde samelewing mag bestaan alleen verstaan word teen die agtergrond van die historiese ontwikkeling van die prosesse van kontak en assosiasie tussen die betrokke groepe." (4, p.262).

Vervolgens word die historiese herkoms van die Kleurlinge in Suid-Afrika in oënskou geneem.

2.1 DIE HISTORIESE HERKOMS VAN DIE KLEURLINGE

Daar is bepaald 'n groot deel van ons Blanke bevolking - veral in die Noorde van Suid-Afrika waar die Kleurling baie minder bekend is - wat onder sekere wanindrukke aangaande die Kleurlinge vekeer. So byvoorbeeld glo baie mense dat die Kleurlinge die produk is van bloedvermenging tussen Blank en Bantoe. Dit is 'n wanbegrip.

Die oorsprong van die Kleurlinge reik terug tot die tydperk van Jan van Riebeeck. Met die Blanke volkstigting in 1652 was daar slegs die Khoisan-volke, of te wel Hottentotte en Boesmans wat as rondswerwende herdersgroepe en jagtersbendes 'n bestaan gevoer het (24, p. 1). Weens hulle nomadiese lewenswyse het hierdie sogenaamde Khoisan-volke egter nooit permanente nedersettings geskep nie, omdat hulle geen vorm van landbou beoefen het nie. Hulle het nie tot die donker Negroïde bevolking van Afrika behoort nie, maar 'n duidelik oer-Hamitiese of selfs moontlik 'n oer-Semitiese inslag gehad (9, p. 21).

Dit was die kontak tussen die gevestigde Blanke bevolking en veral die oorspronklike herdersvolke, wat hulleself

die Khoi-Khoïn genoem het, tesame met die aanwesigheid van 'n sterk slawe element aan die Kaap, wat mettertyd gelei het tot die ontstaan van die Kleurlinge, of "Bruinmense", as 'n aparte groep naas die Blankes (7, p. 102).

Die omstandighede waaronder hierdie etniese samestelling van die Kleurlinge teweeggebring is, is soos volg:

2.1.1 Die Khoisanvolke

Duidelikheidshalwe kan die Khoisanvolke in twee groepe onderverdeel word:

(a) Die Hottentotte

Hierdie veeherdersgroep was die eerste mense met wie die vroegste nedersetters aan die Kaap in aanraking gekom het. "The first natives of the country with whom the Dutch Uitlanders came into contact were Hottentots." (18, p. 5) Die Hottentotte het hoofsaaklik as arbeiders van die koloniste met laasgenoemde en hul slawe, die lewe aan die Kaap gedeel.

(b) Die Boesmans

Soos reeds gestel vorm die Boesmans deel van die etniese samestelling van die Kleurlinge en "Their contribution, though a minor one, is more important than is generally realised." (18, p. 13).

Ten eerste word algemeen aanvaar dat, in die verlede, die Hottentotte uit die Boesmans gespruit het as gevolg van 'n kruising tussen Boesmans en 'n Hamitiese ras (9, p. 21). Verder was daar gedurig oorloë tussen die Hottentotte en Boesmans waarna die Boesmanvroue dan as slawe weggevoer is en sodoende in die Hottentotbevolking verdwyn het.

In die oorloë tussen die Blankes en die Boesmans is daar dikwels van die Boesmankinders onder lede van die Kommando's uitgedeel en die gevangenes was dan verplig om die oorwinnaars te dien saam met ander Hottentot loonarbeiders (9, p. 23). So het Hottentot- en slawe vermenging plaasgevind.

2.1.2 Die Slawe

Kort na die volksplanting in 1652 het Jan van Riebeeck slawe ingevoer om die tekort aan arbeiders vir landbou doeleindes die hoof te bied. Hierdie slawe-element is dan een van die belangrikste faktore waarop die etniese verband van die Kleurlinge berus.

Dié slawe was hoofsaaklik vanuit Oos-Afrika en Asië afkomstig. Van die uit Oos-Afrika was die grootste meerderheid afkomstig uit Mosambiek en Madagaskar en hulle was hoofsaaklik Negroïde met 'n infiltrasie van Indonesiese bloed (18, p. 1). Die Asiatiese slawe was veel minder in getal en "They came from various parts of the Malay Archipelago, Ceylon and India, from areas either under or in contact with the Dutch East India Company." (18, p. 1). 'n Groot aantal van hierdie Asië was misdadigers en politieke bannelinge. Baie van hulle was Moslems en Mohammedane.

Dit is belangrik om te let dat "... the most important contribution to the evolution of the Coloured people was that resulting from miscegenation between the Hottentots and the slaves." (11, p. 15). 'n Belangrike aspek is dat sekere van die slawe-elemente soos die Maleiers min of meer apart gebly het, met die gevolg dat alhoewel hulle deel uitmaak van die Kleurlingbevolking, hulle grootliks 'n gemeenskap van hul eie gevorm het. By die Maleiers was geloof die grootste enkele faktor wat hiervoor verantwoordelik was.

2.1.3 Die Blankes

Die Blankes het self 'n belangrike bydrae gelewer tot die etniese samestelling van die Kleurlinge as gevolg van kontak tussen Blanke mans en Hottentot- en slawe vrouens. Veral die besoekende matrose en soldate van verskillende nasionaliteite wat die Kaap aangedoen het, het in dié verband aan die vermengingsproses deelgeneem.

2.1.4 Die Bantoe

Die Bantoe het aanvanklik nie enige noemenswaardige aandeel gehad in die etniese samestelling van die

21.

Kleurling nie en is hoofsaaklik 'n faktor wat betreklik reserent is. Hierdie Dantoe-element het egter tans so 'n belangrike faktor geword dat Kleurlinge hul verontrusting hieroor teenoor die ondersoeker uitgespreek het. (In hoofstuk 5.4 meer hieroor).

2.1.5 Groepvorming

Uit bogenoemde proses van vermenging het verskillende groepe kristalliseer wat elkeen in 'n mate 'n eie identiteit behou het. Hierdie groepe is die Kaapse Kleurlinge, Griekwas, Maleiers, Koranas en Oorlamse (7, p. 104). Ander groepe wat hul beslag gevind het, is byvoorbeeld die Dasters van Rehoboth, die Buyse, Die Dunns en Nunns. Die Buysstam en Dunns van Natal is egter tot stand gebring deur Blank-Dantoe-vermenging en hulle afstammeling wil ook nie as Kleurlinge geklassifiseer wees nie. Hulle word dan ook nie volgens wet as Kleurlinge geklassifiseer nie. "Ook die halfbloed-bevolking afkomstig van St. Helena en Mauritius word in die Unie nie as Kleurlinge beskrywe nie." (9, p. 3).

Die Koranas is geabsorbeer deur die Kleurlinge van die noorde, veral langs die Oranjerivier terwyl die Oorlamse saamgesmelt het met die Namas van Suidwes-Afrika. Tans kan hoofsaaklik die volgende groepe onderskei word:

(a) Die Kaapse Kleurlinge

Soos reeds aangedui, het hierdie groep hul beslag in die Kaap gekry deur die samevloeiing van Blanke-, Hottentot-, Boesman- en slawe-elemente.

Tydens die Hollandse bewind aan die Kaap is staatkundig slegs onderskei tussen Blankes en die sogenaamde Khoisan-volke. Met die vestiging van die Blankes en die disintegrasie van die swerwende Khoisan-volke en gevolglik geleidelike vestiging tussen die Blankes, is die Khoisan-volke naderhand aanvaar as 'n geïntegreerde deel van die Kaapse bevolking.

Amptelike bevestiging van hierdie integrasie vind ons egter eers in Caledon se

"Proklamasie van 1809" nadat die Engelse die Kaap in 1795 oorgeneem het. Deur hierdie proklamasie val die Kaapse Kleurlinge onder die jurisdiksie van die Kaapse Owerheid - 'n historiese gebeurtenis wat daartoe lei dat die Kleurlinge aanvaar word as deel van die burgerlike bevolking. Hierdie proklamasie is verder uitgebou deur "Ordonnansie Nr 50 van 1828" asook "The Cape of Good Hope Constitution Ordinance of 1852." Die staatkundige posisie van die Kleurlinge is nou vasgelê en alhoewel daar later differensiële maatreëls gevolg het, is dié posisie van die Kleurlinge, as gevestigde groep, gehandhaaf.

Alhoewel Kaapland die kerngebied van die Kaapse Kleurlinge gebly het, het hulle mettertyd na ander dele van die land versprei - selfs sover as Suidwes-Afrika.

(b) Die Maleiers

Hierdie groep, afkomstig vanuit die Maleise Skiereiland, vorm 'n sterk identiteitsgroep hoofsaaklik as gevolg van hul baie sterk Mohammedaanse geloof, wat al hul tradisies en gewoontes ten grondslag lê. Hulle is veral in die Kaapse Skiereiland en Kaapstad saamgetrek.

Vanweë hul besonder hoë integriteit en geloofsbewustheid het die Maleiers hulle identiteit behou en hulle meng nie graag met die Blankes en Kaapse Kleurlinge nie.

(c) Die Griekwas

Die Griekwas is 'n groep met 'n sterk Negroïde voorkoms en hul spruit uit die Gorigurikwa en Khoisan-volke. Alhoewel hul duidelike affiniteite met die Blankes het, het hulle 'n eiesoortige identiteit bewaar wat hulle hoofsaaklik te danke het aan Adam Kok († 1710) (24, p. 5).

/Nadat die

Nadat die Griekwas by Piketberg en Karriesberg gewoon het, het hulle van plek tot plek verhuis en hulle eindelik by Klaarwater gevestig. Hier het egter 'n skeuring in hul midde plaasgevind as gevolg van onenigheid tussen die leiers Andries Waterboer en Cornelius Kok. Vervolgens het die Kokgroep na Philippolis verhuis maar is in 1861 na Griekwaland-oos verskuif, waar Kokstad aangelê is.

Hulle gemengde bloed, aanname van die Blankes se taal en kultuur, hul godsdienssin en gehegtheid aan tradisie het veel bygedra tot die handhawing van 'n eiesoortige identiteit.

(d) Die Basters

Reeds vanaf die 18de eeu het klein groepies gekleurdes die destydse Kaapkolonie-grense oorgesteek en uitgewyk na selfs so ver as Suidwes-Afrika. Ander het op verskeie sendingstasies soos Leliefontein, Kommaggas, Concordia, Richtersveld, Steinkopf en andere saamgetrek. "Reeds in 1840 word van die groepe by Kommaggas en Concordia geskryf as 'Basters.'" (24, p. 6).

Vanuit hierdie groepe het verdere verspreiding plaasgevind, byvoorbeeld 'n groepie onder Dirk Velder het hulle in 1865 by Mier gevestig. Nog 'n groep onder Hermanus van Wyk het na Suidwes-Afrika getrek en hulle in 1870 by Rehoboth gevestig waar hulle tans nog bekend is as die Rehobothbasters." (24, p. 6).

2.2 DEMOGRAFIESE ASPEKTE

Vervolgens gaan ons die Kleurlingbevolking in demografiese sin van nader beskou. Waar moontlik het die ondersoeker gepoog om statistiese gegewens van, en vergelykings met die 1970 sensusopname aan te toon. Ongelukkig was die 1970 gegewens nie volledig beskikbaar tydens die afhandeling van die onderhawige nie en die ondersoeker moes hom noodwendig verlaat op die sensusgegewens van 1960. Dit moet egter nie uit gedagte verloor word nie dat syfers niksseggend is as dit nie in die regte perspektief geplaas word

en teen die sosio-kulturele en ekonomiese agtergrond van die betrokke individue geïnterpreteer word nie. Hierdie statistiese gegewens kan slegs betekenisvol wees indien ons 'n begrip het van die spesifieke waardes en normes asook sosio-ekonomiese beginsels waarop gegewens berus.

Om derhalwe behoorlike perspektief te kry, is dit nodig om die statistiek van die Kleurlinge, waar nodig, met die van die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika te vergelyk. Dit moet ook beklemtoon word dat die Kleurlinge ten opsigte van hul samestelling geen homogene volk is nie. En alhoewel die mate waarin hierdie diverse samestelling die statistiek beïnvloed en die feit dat die Kleurlinge byvoorbeeld insypeling van die Bantoe ervaar, nie statisties direk te bepaal is nie, is die Kleurlinge se bevolkingstendense nou verwant aan hul heterogene samestelling en herkoms.

2.2.1 Bevolkingsgroei en Bevolkingsverhoudings

Ten spyte van faktore soos genoem blyk dit uit die statistiek dat die Kleurlinge 'n besondere groei getoon het oor 'n tydperk van 1904 tot 1960. Die volgende tabel gee ons 'n insae in die bevolkingsamestelling vir die hoofrasse in Suid-Afrika.¹⁾

/TADEL 2

1) Amptelike Sensus, 1960: Nr. 02-02-01.

TABEL 2

BEVOLKINGSAMESTELLING VAN SUID-AFRIKA, 1904 - 1970

JAAR	TOTAAL G	%	BLANKES G	%	KLEURLINGE G	%	ASIATE G	%	INDIANES G	%
1904	5,175,824	100	1,116,806	21.6	445,228	8.6	122,734	2.4	3,491,056	67.4
1911	5,973,394	100	1,276,242	21.4	525,943	8.8	153,203	2.6	4,019,006	67.2
1921	6,928,580	100	1,519,488	21.9	545,548	7.9	165,731	2.4	4,697,813	67.8
1936	9,587,863	100	2,003,334	20.9	769,241	8.0	219,691	2.3	6,595,597	68.8
1946	11,415,925	100	2,372,044	20.8	928,062	8.1	285,260	2.5	7,830,559	68.6
1951	12,671,452	100	2,641,687	20.8	1,103,016	8.7	366,664	2.9	8,560,083	67.5
1960	15,982,664	100	3,088,492	19.3	1,509,258	9.4	477,125	2.9	10,907,789	68.4
*1970	21,303,000	100	3,800,000	17.8	1,996,000	9.4	614,000	2.9	14,893,000	69.9

*Volksraad-debatte, Nr. 10 (21 - 25 Sept 1970), Kolom 5132 (Engelse uitgawe).

/As n mens

As 'n mens na die persentuele posisies van die onderskeie 4 groepe vir die tydperk 1904 - 1970 kyk, val dit op dat die Blankes deurgaans 'n dalende koers handhaaf behalwe tussen 1911 - 1921 waar 'n effense styging (21.4% tot 21.9%) te bespeur is. Waarskynlik is laasgenoemde styging toe te skryf aan die beter mediese en gesondheids-fasiliteite en -standaarde van die Blanke teenoor die van die nie-Blanke groepe tydens die griepiepidemie.

Wat die Kleurlinge betref, word deurgaans 'n styging in die persentuele posisies gehandhaaf, terwyl in die tydperk 1911 - 1921 'n skielike daling van 8.8% tot 7.9% voorkom. Na dié tydperk vervat die geleidelike toename in verhouding tot die totale bevolkingstal. In die tydperk tussen 1960 - 1970 merk ons 'n daling, naamlik 9.44% in 1960 tot 9.36% in 1970! Weliswaar is dit 'n baie geringe daling maar besonder betekenisvol aangesien die Kleurlinggroep tot dusver die grootste gemiddelde groeikoers van die 4 bevolkings-groepe in Suid-Afrika getoon het. (Vergelyk Tabel 3).

Die Asiate het 'n fluktuerende patroon gevolg met 'n konstante syfer van 2.9% vir die tydperk 1951 - 1970. Die Bantoe toon 'n geleidelike toename in persentuele posisies wat sedert 1951 progressief skerp styg sodat die Bantoes (1970) 70% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking vorm!

Van die Blanke se oogpunt gesien, lyk bogenoemde syfers onrusbarend. Tussen 1960 - 1970 het die persentasie Blankes in verhouding tot die totale bevolking skerp verminder van 19.3% tot slegs 17.8%!

Oor die betrokke tydperk van 66 jaar het die Suid-Afrikaanse bevolking toegeneem met meer as 16,127,176. Dit verteenwoordig 'n persentuele toename van 311. Vir die onderskeie rasse-groepe was die persentuele toename soos volg: Blankes, 240; Kleurlinge, 348; Asiate, 400 en Bantoes, 326. Volgens hierdie getalle toon die Kleurlinge en Asiate besonder hoë groeikoerse.

/TABEL 3

TADEL 3

GEMIDDELDE JAARLIKSE GROEIKOERS SEDERT VORIGE SENSUS - PERSENT

JAAR	TOTAAL	BLANKES	KLEURLINGE	ASIATE	DANTOES
1911	2.07	1.93	2.39	3.12	2.03
1921	1.49	1.76	0.37	0.73	1.57
1936	2.19	1.86	2.32	1.90	2.29
1946	1.76	1.70	1.89	2.65	1.73
1951	2.10	2.18	3.51	5.15	1.79
1960	2.54	1.69	3.43	2.87	2.65
1970	2.50	1.87	2.44	2.23	2.68

/As ons die.....

As ons die gemiddelde jaarlikse aanwassyfer (in persent) in ag neem, dan is 'n groot wisseling in groeikoers vir die totale bevolking sowel as die afsonderlike groepe merkbaar. Dit kan onder andere aan die volgende faktore toegeskryf word:

- (a) die griep epidemie in die tydperk 1911 - 21 het 'n laer groeikoers tot gevolg gehad, terwyl repatriasie in die geval van die Asiate en emigrasie by die Blankes die aanwassyfer beïnvloed het.
- (b) Immigrasie gedurende 1947 en 1948 het die Blanke groeikoers beïnvloed.
- (c) Die wisseling van groeikoers tussen 1946 en 1951 in vergelyking met vorige jare kan nou verband hê met onvolledige volkstellingen en onwettige immigrasie.

Teen hierdie agtergrond kan die vinnige toename van die Kleurlinge temeer besef word. Die gemiddelde jaarlikse aanwas van die Kleurlinge was sedert 1951 meer as 35 per 1,000 en twee keer so hoog as dié van die Blankes!

Uit die bevolkingsamestelling en veral groeikoers van die Kleurlinge blyk die numeriese belangrikheid van die Kleurlingbevolking. En dit is onder andere juis hierdie numeriese oorwig by die nie-Blanke bevolking van Suid-Afrika wat die Blanke, as heersende minderheidsgroep (volgens getalle), uit selfbehoud, na apartheidswetgewing laat gryp. Die Kleurling is egter op 'n hoër beskawingspeil as die Bantoe en vir hoe lank gaan eersgenoemde tevrede wees om dieselfde gemeenskaplike gebied saam met die Blanke te deel sonder absolute gelyke politieke regte? Later meer hieroor.

Om bogenoemde te beklemtoon toon statistiek dat die Kleurling die hoogste gemiddelde jaarlikse aanwassyfer toon tussen 1951 en 1960, naamlik 3.54, teenoor slegs 1.75 by die Blankes en 2.62 in die geval van die hele bevolking. Hierdie fenomenale groei van die Kleurlinge se getalle word toegeskryf aan die besonder hoë geboortesyfer en 'n steeds dalende sterftesyfer - veral kindersterftes. Daar

/het egter.....

het egter tussen 1960 en 1970 'n dalende geboortesyfer ingetree. Trouens, hierdie daling is merkbaar by die Kleurlinge en Asiate. Die Blankes se aanwas-koers het egter gestyg, terwyl dié van die Dantoos 'n baie klein styging toon.

Die hoër aanwassyfer by die Blankes kan waarskynlik toegeskryf word aan die doelgerigte immigrasie-skemas wat die regering die afgelope tien jaar loods. Die daling by die Kleurlinge is kenmerkend van die bekende verskynsel van 'n hoër lewenstandaard wat gepaard gaan met 'n laer geboortesyfer en dus kleiner gesinne.

2.2.2 Geboortes

Soos reeds genoem, is dit 'n universele verskynsel dat 'n betreklik hoë geboortesyfer steeds gepaard gaan met 'n relatief laer lewenspeil en algemene toestande van onderontwikkeltheid, terwyl die proses van verstedeliking en industrialisasie, veral waar dit met 'n verhoging in die lewenstandaard gepaard gaan, 'n daling in die geboortesyfer tot gevolg het.

Nadat prof J.L. Sadie egter 'n deeglike studie en ontleding van die vrugbaarheid en natuurlike aanwas van die Kleurlingbevolking oor 'n tydperk van ongeveer 15 jaar (1936 - 1952) gemaak het, kom hy tot die gevolgtrekking (22, p. 27 - 28):

"Die gevolgtrekking moet dus gemaak word dat verstedeliking wat normaalweg onder Westerse bevolkings tot 'n afname in die geboortekoers lei, in die geval van Kleurlinge nie 'n sodanige uitwerking gehad het nie en onder Asiate selfs 'n stimulerende effek gehad het. Na hierdie getuienis geoordeel, kan ons dus skynbaar nie verwag dat verdere verstedeliking sy neerdrukkende invloed op die vrugbaarheid van die Kleurlinge teen dieselfde tempo as in die geval van die Blankes sal laat geld nie."

Nogtans merk ons in die 1970 geboortekoers 'n dalende neiging by die Kleurling. Maar die faktore "... wat die geboortesyfer en die grootte van die gesin sal beïnvloed is uiteindelik faktore soos beskouings oor die huwelik en gesin as instellings, die rol van kinders as 'n potensiële bate of las en voor-huwelikse en buitehuwelikse verhoudings." (24, p. 13).

30.

Wat vrugbaarheid betref, merk ons dat dié syfer byna tweemaal hoër is as dié van die Blankes. Om dié verskil duideliker aan te toon, kan ons die algemene vrugbaarheidsyfer per 1,000 vroue in die ouderdomsgroep 15 - 49 vergelyk. Die gemiddelde vrugbaarheidsyfers vir die tydperke 1945 - 1947 en 1950 - 1952 was jaarliks soos volg (24, p. 12):

	<u>BLANKES</u>	<u>KLEURLINGE</u>
1945 - 47	103.9	204.0
1950 - 52	100.4	200.8

Dit moet egter onthou word dat hierdie differensiële vrugbaarheid ten nouste saamhang met sosio-ekonomiese verskille en opvoedings- en geletterdheidspeil.

Nog 'n faktor wat die geboortestatistiek beïnvloed, is buite-egtelike geboortes. 'n Vergelyking met die Blanke buite-egtelike syfer vir 1950 - 52 toon dat die Kleurling 142.5 buite-egtelike geboortes per 1,000 ongetroude Kleurling vroulikes in die ouderdomsgroep 15 - 49 jaar gehad het teenoor 5.2 per 1,000 vir die Blankes (24, p. 13).

'n Verdere faktor wat die Kleurlinggeboortesyfer verhoog, egtelik sowel as buite-egtelik, is die aanwesigheid van duisende ongetroude en getroude Dantoemans in Wes-Kaapland. In hoofstuk V meer hieroor.

2.2.3 Sterftes

Die Kleurlinge het 'n relatief hoë sterftesyfer, hoër as die Blankes en selfs hoër as die Asiate. Uit die volgende tabel blyk dit baie duidelik:

TABEL 4

STERFTES BY BLANKES EN KLEURLINGE
OCR 'N TYDPERK VAN TWINTIG JAAR

	<u>BLANKES</u>	<u>KLEURLINGE</u>	<u>ASIATE</u>
1942	9.3	24.6	14.3
1952	8.2	18.5	9.2
1962	9.0	15.1	7.7

/By beide

By beide die Kleurlinge en Asiate is die sterftesyfer aan die afneem. Met die verbetering van sosio-ekonomiese lewensomstandighede, opvoedingspeil en voortrefliker maatskaplike en mediese dienste, kan verwag word dat die Kleurling sterftesyfer verder sal daal. As ons in gedagte hou dat die sterftesyfer van die Blanke reeds van die laagste in die wêreld is, beseft ons die potensiële groeikrag van die Kleurling teenoor dié van die Blanke.

Die kindersterftesyfer is 'n goeie aanduiding van 'n bevolking se lewenspeil. Dié syfer by die Kleurlinge is hoog - byna vier maal dié van die Blanke en dubbel dié van die Asiate (24, p. 17).

Uit die gegewens wat ons so pas bespreek het, kan ons aflei dat die Kleurlinge 'n jong bevolkingsgroep is wat oor 'n hoë groeipotensiaal beskik.

2.2.4 Huwelike

By die Kleurling is die huwelik nie by alle klasse 'n voorvereiste vir die verwekking van kinders nie. Oor die algemeen is die huweliks- en gesinslewe van die Kleurling egter op Christelik-Westerse beginsels gebaseer. Die Maleier wat die Islam-geloof aanhang is egter die uitsondering (24, p. 21). Die monogame huweliksvorm is ook die algemene vorm.

Volgens Theron (24, p. 21) is dit duidelik dat die gewone huweliksyfer van die Kleurling konsekwent laer is as die ooreenstemmende syfer vir die Blanke. Die huweliksouderdom vir die Kleurlinge is 'n geringe mate hoër as dié vir die Blankes.

Vanaf 1935 tot 1957 was daar 'n geleidelike styging in die aantal huwelike tussen Dantoemans en Kleurlingvrouens, naamlik van 216 tot 535 (24, p. 23). Huwelike tussen Kleurlingmans en Dantoevrouens was oor dieselfde tydperk baie minder, maar weliswaar ook 'n toename van 147 tot 337. Hierdie ongetemde rassevermenging tussen Kleurling en Dantoe is onrusbarend - 'n feit wat by verskeie geleenthede al geopper is. Die Kleurlinge self voel baie ongelukkig hieroor soos in die volgende hoofstukke aangetoon sal word.

/Wat die

Wat die egskeidingsyfer betref, wil dit voorkom asof dit by die Kleurling heelwat laer is as by die Blanke. Dit is egter nie 'n ware weerspieëling van die toedrag van sake nie, aangesien huwelike wat by die Kleurling op die rotse loop, nie noodwendig amptelik geregistreer word nie. Buitendien word dit nie formeel as egskeiding geregistreer as 'n gesin verbrokkel indien twee persone slegs "saamgeleef" het nie en nie wettig getroud was nie. Dit is egter ook moontlik dat onder die getroudes waar daar gesinsverbrokkeling plaasgevind het, formele egskeiding of verlating nie geregistreer is nie as gevolg van 'n gebrek aan finansies. Met ander woorde die egskeidingsyfer vir Kleurlinge weerspieël slegs 'n de jure toestand en nie die werklike de facto omstandighede nie.

2.2.5 Geografiese verspreiding

Ten slotte is dit wenslik om 'n blik te werp op die verspreiding van die Kleurling oor Suid-Afrika. Met die historiese agtergrond van die Kleurling in gedagte, kan ons verwag dat die grootste konsentrasie in Wes-Kaapland is. Die Westelike Provinsie beskik oor 88.1% van die Kleurlingbevolking. Die res van die Kleurlingbevolking is soos volg versprei (24, p. 27 - 29):

Transvaal	:	7.2%
Natal	:	3.0% en
Oranje-Vrystaat	:	1.7%.

Met die sensusopname van 1960 het ongeveer 40% van die Kleurlinge in die groter Wes-Kaap, begrens deur die volgende landdrosdistrikte, gewoon: Kaapstad, Hopefield, Malmesbury, Tulbach, Ceres, Worcester en Caledon - insluitend die grootste gedeelte van die streek Westelike Provinsie-Doland, teenoor slegs 13% van die Blanke bevolking.

Die meeste van die Kleurlinge is woonagtig in die stedelike gebiede van Wes-Kaapland, Port Elizabeth, Uitenhage asook dorpe en plattelandse gebiede van die streke Westelike Provinsie-Doland.

Volgens die 1960 sensus blyk dit dat 68.9% van die totale Kleurlingbevolking in stede woonagtig was teenoor

/83.7% Blankes,

83.7% Blankes, 83.1% Asië en 31.7% Dantoës. Wat die provinsies Transvaal en Natal betref, is die Kleurlinge as verstedelike groep hoofsaaklik om en in die volgende sentra versprei: Witwatersrand, Pretoria, Durban en Pietermaritzburg.

2.2.6 Arbeidsindeling

As ons die 1946 sensus as uitgangspunt neem, vind ons dat die landbou, visserij en bosbou die belangrikste enkele bedryfsgroep in die ekonomiese lewe van die Kleurling vorm aangesien 27.9% van die ekonomies-bedrywige Kleurlinge hieraan deel het. Volgens die 1960 sensus was 30.86% van die ekonomies-aktiewe Kleurlingmans aan die landbou verbonde in vergelyking met 32.96% in 1951.

Ná bogenoemde bronne van verdienste volg die fabriekswese met 16.84%, dienste met 11 - 14%, konstruksie met 10.70% en handel met 8.91%.

Wat die Kleurlingvroue betref, word 'n groot persentasie, naamlik 55.79% van alle vrouens in die dienstebedryf gevind.

'n Ander nywerheidsfaktor waaraan ongeveer 20% van die ekonomies-bedrywige Kleurlingvrouens verbonde is, is die fabriekswese.

Dit blyk dat die aantal Kleurlingvrouens wat sedert 1951 deur die Handel in diens geneem is met 201.80% vermeerder het.

Dit kom voor asof die fabriekswese aan meer as een-derde van die vroue-arbeiders in Transvaal en Natal, 'n heenkome bied. In die Kaapprovinsie word slegs een-vyfde van die vrouens in die fabriekswese betrek. Wat die Oranje-Vrystaat betref is daar byna geen Kleurlingvrouens by die fabriekswese betrokke nie, behalwe by die dienste-nywerheid.

2.3 RASSEKLASSIFIKASIE

In 'n veelvolkige land soos Suid-Afrika wat 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling volg, sou 'n mens verwag om klinkklare definisies en duidelike klassifikasies van die verskillende

/rassegroepe aan

rassegroepe aan te tref. Maar dit is 'n ontnugterende openbaring om na 'n deeglike ondersoek te besef met watter probleme en komplikasies sodanige poging tot rasseklassifikasie gepaard gaan. So beweer Suzmann: "An examination of such legislation in the Union of South Africa reveals the absence of any uniform or consistent basis of race classification and presents a bewildering variety of statutory definitions of the various racial groups. The legislation abounds with anomalies and the same person may, in the result, fall into different racial categories under different statutes." (23, p. 339).

Een van die amptelike pogings om 'n eenvormige standaard van rasseklassifikasie daar te stel, was 'n Inter-departementele komitee wat in 1956 deur die regering in die lewe geroep is om in dié verband te adviseer. Die verslag van die komitee is egter nooit gepubliseer nie en is ook nie beskikbaar nie.

Ons rasse-wetgewing in verband met klassifikasie is uitsluitlik statutêr van aard. Geen definisie van enige rassegroep is in ons Grondwet - Die Suid-Afrika-Wetsontwerp van 1909 - te vinde nie. Vae en verwarrende definisies deurspek ons statutêre wetgewing. "The statutory terms most generally used to denote the main racial groups, are 'European', 'White person', 'Native', 'Bantu', 'Non-European', 'Coloured person' and 'Asiatic!'" (23, p. 340).

In die alledaagse lewe is voorkoms, en veral kleur, voldoende asook die mees algemene kriterium wat "die man in die straat" gebruik om 'n ras aan te dui: 'n mens kan gewoonlik met 'n oogopslag oordeel of 'n persoon swart, blank of gekleurd is. Wanneer dit egter by wetsoms krywing kom, moet 'n hof hom bepaal by die toetse wat deur statutêre bepalings voorgeskryf is. Die vier basiese kriteria waarby die wet hou, is:

- (a) Herkoms of oorsprong.
- (b) Voorkoms, byvoorbeeld velkleur, gelaats-trekke, haartekstuur, en beenstruktuur.
- (c) Algemene aanvaarding of aansien("repute").
- (d) Lewenswyse, insluitend kennis en vriende, gewoontes, klere, plek en omstandighede van verblyf asook gewoontelike medium van taalgebruik.

Wet Nr. 64 van 1967 wysig "Artikels 1, 5, 9, 11, 15 en 19 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950, om die wyse van klassifisering van persone nader voor te skryf;..." en die volgende kriteria is bygevoeg, naamlik opvoeding, spraak en algemene houding en gedrag.

In die meer resente wetsomskrywings vind ons dat meer klem gelê word op voorkoms, maar dat algemene aanvaarding en aansien ("repute") die deurslag gee wanneer ander kriteria in twyfel getrek word (23, p. 343).

Dy verro na die belangrikste enkele wetsontwerp wat handel oor rasseklassifikasie is die Wet op Bevolkingsregistrasie, 1950 (Wet Nr 30 van 1950) soos gewysig (in 1960, 1962 en 1967). Hierdie wetgewing is dan ook dié statuut wat een van die hoekpilare vorm waarop Suid-Afrika se beleid van afsonderlike ontwikkeling rus. Trouens, hierdie Wet gee die eerste basiese definisies van rassegroepe wat voortaan in alle verwysings gebruik sou word. Ons vind selfs verwysings in ander wetgewing na die definisies in die Wet op Bevolkingsregistrasie, 1950.

Genoemde wetgewing maak voorsiening daarvoor dat alle persone in die (destydse) Unie van Suid-Afrika deur die Direkteur van Sensus geklassifiseer moet word. In terme van die Wet word die volgende onderskeidings gemaak:

"n Blanke" is "iemand wat volgens voorkoms klaarblyklik 'n Blanke is of wat gewoonlik vir 'n Blanke deurgaen, maar nie ook iemand wat, alhoewel hy volgens voorkoms klaarblyklik 'n Blanke is, gewoonlik vir 'n gekleurde deurgaen nie."

"Naturel" word gedefinieer as "n persoon wat klaarblyklik 'n Naturel is, of algemeen aanvaar word as 'n lid van enige inboorling ras of stam van Afrika."

"n Gekleurde persoon" word gedefinieer as "n persoon wat nie 'n Blanke of Naturel is nie."

Met ander woorde, dié Wetsontwerp dui geen positiewe onafhanklike kriteria aan om lidmaatskap van die Kleurlinggroep te bepaal nie; lidmaatskap word alleenlik bepaal deur die negatiewe proses van uitsluiting (dit wil sê uit die ander groepe). Die implikasies hiervan is verwarrend.

/So word die.....

So word die Asiate wat 'n geheel-en-al andersoortige rasse-groep is, gevolglik vir die doeleindes van hierdie Wetgewing as "gekleurde persone" geklassifiseer.

Deur Proklamasie Nr. 46 van 1959²⁾ het die Goewerneur-generaal, egter ingevolge die bevoegdheid aan hom verleen deur sub-artikel (2) van artikel 5, verklaar dat sewe spesifieke groepe "gekleurde groepe" sal wees vir die doeleindes van hierdie Wet. Die sewe groepe is soos volg:

- (1) Kaapse Kleurlinggroep;
- (2) Maleise groep;
- (3) Griekwa-groep;
- (4) Sjinese groep;
- (5) Indiërgroep;
- (6) Ander Asiatiese groep;
- (7) Ander Kleurlinggroep.

Elk van bogenoemde groepe is gedefinieer op die volgende patroon: "Die Kaapse Kleurlinggroep sluit in enige persoon wat tot die bevolkingsgroep behoort, of algemeen aanvaar word as 'n lid van die ras of groep bekend as Kaapse Kleurlinge." Die Maleier en Griekwa is, mutatis mutandis, op dieselfde wyse gedefinieer.

Die "Ander Asiatiese Groep" is gedefinieer as enige persoon behorende tot dié bevolkingsgroep of wat algemeen aanvaar word as 'n lid van 'n ras of stam wie se nasionale tuiste binne enige land of gebied van Asië, behalwe Sjina, Indië of Pakistan, val.

Die sewende groep, naamlik die "Ander Kleurlinggroep", word gedefinieer as synde insluitend enige persoon wat nie in enige van die eerste ses genoemde groepe val nie en wat nie 'n Blanke persoon of Naturel is soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet, nie.

Met bogenoemde rasseklassifikasie in gedagte is dit noodsaaklik dat ons 'n blik slaan op

2.3.1 Die Suid-Afrikaanse Kleurlingbeleid

Voordat daar oorgegaan word tot 'n ontleding van die opname te Eersterust, moet ons die Suid-Afrikaanse Kleurlingbeleid, tesame met die basiese wetgewing wat die

/Blanke-Kleurling-.....

2) Staatskoerant, Nr. 6191, 6/3/59

Dlanke-Kleurling-verhouding bepaal, in oënskou neem. Die gegewens in Hoofstuk III sal dan in beter perspektief gesien en bespreek kan word.

Die bedoeling is hier om slegs die huidige Kleurling-beleid na te gaan. Om die huidige situasie egter te waardeer, is dit nodig om baie kortliks die politieke ontwikkeling van die Kleurling en die onvermydelike gewig wat dit weer dra ten opsigte van die Kleurling se politieke bestemming, in retrospeksie te neem.

Sedert die Kleurling aan die politieke horison verskyn het, was hy in 'n groot mate as 'n politieke speelbal rondgeskop. 'n "Politieke speelbal" omdat hy voortdurend beweeg het tussen die pole van twee sosio-politiese be-redderingsmoontlikhede, naamlik integrasie of segregasie.

So vroeg as 1850 het die Kleurling stemreg onder Britse bewind verkry. Na Unifikasie in 1910 is die Kleurling op die gemeenskaplike kieserslys geplaas. Tot 1948 duur hierdie fase waarin die Kleurling ten spyte van konstitusionele verteenwoordiging in die parlement slegs deur medium van sy stem, geen belofte of selfs aanduiding ontvang ten opsigte van politieke selfstandigheid nie. Met ander woorde na die heil en welsyn van die Kleurling is in dié tydperk nie spesifiek omgesien nie.

In 1956 is die Kleurlinge op aparte kieserslyste geplaas met verkiesbare verteenwoordigers in die parlement. Op 2 Junie 1965 verklaar die Minister van Kleurlingsake ondubbelsinnig dat die gemeenskaplike kieserslyste verwerp word omdat "... dit miskien die grootste bydraende faktor was tot misverstand, wantroue en agterdog tussen Blankes en Gekleurdes in Suid-Afrika..."³⁾ Met die vergestaltung van die Dantoetuislande, het dit duidelik geblyk dat ingevolge die Dlanke se beleid van afsonderlike ontwikkeling, die Kleurling ook regmatige aanspraak kan maak op die versnelling van sy politieke selfverwesenliking.

/In 1961 stel.....

3) Volksraaddebatte, 1963, Deel 15, 1965, p. 7226.

In 1961 stel die destydse Eerste Minister in sy beleidsverklaring die volgende:⁴⁾

"Stedelike Kleurlinggebiede moet so gou moontlik ontwikkel word, onder meer deur middel van 'n positiewe behuisingsprogram, en moet omskep word tot selfonderhoudende gemeenskappe onder hulle eie plaaslike regering, uitsluitlik beheer en gekies deur Kleurlinge..."

Op 5 Junie 1963 stel die destydse Minister van Kleurlingsake soos volg: "Daar is geen sprake van 'n Kleurlingstan nie, daar was nog nooit sprake daarvan nie en die Regering beoog nie so-iets nie."⁵⁾ In dieselfde verband verduidelik die Minister van Finansies op 27 Junie 1963 "... Wat die Kleurlinge betref, is dit keer op keer hier gesê dat hulle geen tuisland het in die sin wat die Dantoe dit het nie, maar ons wil hulle ook laat ontwikkel volgens hulle aard en sodat hulle soveel as moontlik hulle volle regte hier kan kry. Dit is nie iets nuuts nie."⁶⁾

Die Kleurling se toekomstige status kom dus neer op 'n "staat binne 'n staat."

Die tweede stap in die rigting van die 10 jaar plan vir die skepping van 'n Kleurling "Staat-binne-n-Staat" het in 1964 'n aanvang geneem toe die destydse Minister van Kleurlingsake, Mnr. P.W. Botha wetgewing in die Parlement ingedien het vir die daarstelling van 'n Kleurlingverteenvoordigende Raad om die ou Raad vir Kleurlingsake te vervang en om as skakel tussen die Kleurlinge en die Regering te dien. Met die Wet op die Verteenvoordigende Kleurling Raad (Wet No. 49 van 1964) is hierdie Wetsontwerp aanvaar en bekragtig. Die funksies van hierdie nuwe Raad sluit onder andere die volgende in:

- (i) Die daarstelling van Wetgewing ten opsigte van sekere spesifieke aangeleenthede wat deur die Staatspresident aan die Raad opgedra word. Hierdie spesifieke aangeleenthede moet egter eers deur die Minister van Kleurlingsake en die Minister van Finansies goedgekeur word, voor die Raad hulle met die oog op die wetgewing kan bespreek.

/(ii) Die.....

4) Volksraaddebatte, 1963, Deel 7, 1965, p. 9488

5) Ibid, p. 7694.

6) Ibid, p. 9530. © University of Pretoria

39.

- (ii) Die verskaffing van Advies aan die Re-gering wanneer daarom gevra word.
- (iii) Die maak van aanbevelings vir die op-heffing van die Kleurlinggemeenskap.
- (iv) Die verkoop en aankoop van eiendom en die aanstelling van personeel met die goed-keuring van die Minister van Finansies.
- (v) Ten slotte moet die Raad dien as 'n skakel tussen die Minister van Kleurlingsake en die Kleurlingbevolking.

Indien die Raad dus 'n Wetsontwerp indien wat deur die betrokke Ministers goedgekeur is moet dit eers deur die Staatspresident aangeneem en in die Staatskoerant gepubliseer word, alvorens dit, as Wet van krag sal wees.

Alhoewel die Raad dus grootliks adviserende mag sal hê, kan dit egter ook wetgewende mag verkry wanneer die Staatspresident sodanige mag ten opsigte van sekere aangeleenthede aan die Raad opdra.

Hierdie "volle regte" is 'n ideaal wat gedeeltelik ver-wesenlik is in die totstandkoming van die Verteenwoordigende Kleurlingraad wat op 20 November 1969 amptelik geopen is deur sy Edele Marais Viljoen, Minister van Kleurlingsake, in Bellville-Suid. Hiermee het die "Uniale Raad van Kleurling-sake" wat tot 1969 fungeer het, amptelik ontbind.

Die ondersoeker gebruik die woorde "gedeeltelik ver-wesenlik" met oorleg want die destydse Minister van Kleur-lingsake het in 1969 met sy amptelike opening van die Eerste Sitting van die Verteenwoordigende Kleurlingraad onder andere gesê: "... En omdat ons glo in evolusie en nie in rewolusie in die ontwikkeling van ons land en sy mense nie, daarom kan ek ook vandag vir u sê dat hierdie Raad wat 'n groot voorwaartse stap op die vorige Uniale Raad vir Kleurling-sake is, geensins die einde van u konstitusionele pad is nie."

"Net soos die Uniale Raad 'n fase in u konstitusionele ontwikkeling was, so is hierdie Raad 'n verdere ontwikkelings-
/fase."?).....

fase."7) Aldus die voormalige Minister van Kleurlingsake, mnr. Marais Viljoen. Die voordele wat die Kleurlingbeleid - wat noodwendig 'n uitvloeisel is van ons beleid van afsonderlike of parallelle ontwikkeling - inhou vir die Kleurlinge, is op 17 Junie 1965 deur wyle dr H.F. Verwoerd soos volg geformuleer: "Daarteenoor hou ons beleid die volgende voordele in: nie alleen sal die Kleurlinge saamgetrek word in eie woongemeenskappe waaroor hulle hul eie volle beheer sal ontwikkel nie; nie alleen sal hulle daar sonder enige plafon of mededinging al die dienste vir hulle eie mense kan lewer op elke moontlike beroepsterrein nie; nie alleen sal hulle, afgesien van werkgeleenthede in die primêre en sekondêre nywerhede, alle beroepe op tersiêre gebied onder hul eie mense alleen beoefen nie, en open dit also vir hulle 'n vista van werksaamhede wat vandag nog byna totaal onontgin lê nie, maar daarbenewens bied ons beleid vir hulle iets op hoër terreine as plaaslike bestuur en ekonomiese vooruitgang, iets wat geen minderheidsgroep in die wêreld van enige regering gekry het nie. Dit is naamlik selfbestuur met 'n eie wetgewende liggaam, en 'n eie uitvoerende raad of kabinet van daardie wetgewende liggaam om die funksies te beheer wat hulle in belang van hulle eie mense kan beoefen."8)

Ten opsigte van die struktuur en werksaamhede van die Verteenwoordigende Kleurlingraad het dr. Verwoerd gesê dat so 'n verteenwoordigende raad met wetgewende magte nie sonder 'n Uitvoerende Raad kan fungeer nie. Sy woorde was: "Ek dink hier aan een van vier lede wat soos 'n minister, verantwoordelik sal wees vir 'n deel van die funksies waaroor die Raad as geheel beheer het. Hierdie mense sal soos ministers werk." Dit is hoe Dr Verwoerd dit gevisualiseer het.

Vandag is die Verteenwoordigende Kleurlingraad 'n realiteit - die "hoogste staatkundige liggaam om aangeleenthede te behartig wat basies tot die welsyn en vooruitgang van die Kleurlingbevolking is."9) Die Raad bestaan uit 60 lede waarvan 40 verkose deur geregistreerde Kleurlingkiesers, en 20 deur die Staatspresident-benoemde /lede is.

7) Dylaag tot "Alpha", Des 1969, p. 4.

8) Volksraaddebatte, Deel 15, 1965, p. 8799.

9) "Alpha", Sept. 1969, p. 3.

lede is. Die Raad is statutêr en met dieselfde bevoegdheidsas die vorige "Uniale" Raad beklêe, maar het "uitgebreide uitvoerende asook wetgewende bevoegdheids".¹⁰⁾ Die Uitvoerende Bestuur bestaan uit 5 lede wat die volgende portefeuljes behartig: (Sien bylae 3).

- (a) Landelike gebiede en nedersettings,
- (b) Onderwys,
- (c) Finansies (tans onder beheer van die Voorsitter van die Bestuur),
- (d) Plaaslike Bestuur, en
- (e) Gemeenskapswelsyn en Pensioene.

Dit is ook in vooruitsig gestel dat die Kleurlingkiesers uiteindelik al die lede van die Raad sal kies. Die Raad is in Bellville-Suid gesetel maar sy jurisdiksie strek oor al die Kleurlinge in Suid-Afrika.

2.5 DIE VERNAAMSTE WETGEWING WAT BLANK/KLEURLING-VERHOUDING BEPAAL

Omtrent die volle verhoudingspektrum ten opsigte van Blank en Kleurling is statutêr vasgelê en van die belangrikste wetgewing is die volgende - in chronologiese volgorde (24, pp. 208 - 211):

- (a) Die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike, 1949 (Wet Nr. 55 van 1949), verbied huwelike tussen Blank en nie-Blank.
- (b) Die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet Nr. 30 van 1950), onderskei die drie bevolkingsgroepe Blankes, Bantoes en Ge-kleurdes en maak voorsiening vir die verdere indeling van die Bantoe- en Kleurlingvolks-groepe op grond van etniese en ander gronde.
- (c) Die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers, 1951 (Wet Nr. 46 van 1951), waardeur die Kleurlingkiesers op aparte kieserslyste geplaas is met die reg om 4 Blanke Volksraadslede en 2 Blanke Provinsiale Raadslede te verkies.

/(d) Die Wet.....

¹⁰⁾ Ibid.

(d) Die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, 1953 (Wet Nr. 49 van 1953), maak voorsiening daarvoor dat enige persoon wat beheer het oor 'n openbare plek (terrein, gebou, saal, en dies meer wat vir die publiek toeganklik is) of 'n openbare voertuig, wanneer hy dit wenslik ag, sodanige plek of voertuig, of enige gedeelte daarvan, of enige toonbank, en dies meer daarop of daarin, kan afsonder vir die uitsluitlike gebruik van persone wat tot 'n bepaalde klas of ras behoort.

(e) Die Wysigingswet op Motortransport (Wet Nr. 44 van 1955 en Wet Nr. 42 van 1959), maak voorsiening dat die Nasionale Vervoerkommissie of 'n plaaslike Padvervoerraad mag bepaal watter soorte persone vervoer mag word, of die kategorieë van persone mag aanwys wie se goedere vervoer mag word in vervoermiddele waarvoor 'n motortransport-sertifikaat uitgereik is.

(f) Die Wet op Nywerheidsversoening, 1956 (Wet Nr. 28 van 1956), maak voorsiening vir die instelling van liggame met die nodige bevoegdhede om nywerheidsgeskille te besleg, die registrasie van vakverenigings waar te neem, ens. Sonder om hier te veel op besonderhede in te gaan, kan slegs genoem word dat hierdie wet bepaal dat die konstitusies van vakunies met gemengde lidmaatskap voorsiening maak vir die instelling van afsonderlike takke vir Blankes en Gekleurdes; die hou van afsonderlike vergaderings deur Blankes en Gekleurdes; dat die uitvoerende bestuur van so 'n vakunie slegs uit Blankes mag bestaan.

(g) Die Ontugwet, 1957 (Wet Nr. 23 van 1957), vervang die Wet op Ontug, 1927 en die Ontugwysigingswet, 1950 en maak ontug tussen Blank en nie-Blank strafbaar. Die Wet van 1926 het slegs ontug tussen Blankes en Dantoes strafbaar gemaak.

/(h) Die Wet.....

(h) Die Wet op Groepsgebiede, 1957 (Wet Nr. 77 van 1957), wat die oorspronklike wet (Wet Nr. 41 van 1930) vervang, onderskei drie bevolkingsgroepe, naamlik Blankes, Gekleurdes en Dantoes, met 'n moontlike indeling van subgroepe vir laasgenoemde twee groepe. Hierdie wet bepaal dat die beginsel van skeiding ingevoer word ten opsigte van die besit of okkupasie van grond en persele.

(i) Die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsgeriewe, 1959 (Wet Nr. 45 van 1959), maak voorsiening vir die instelling van universiteitskolleges vir Kleurlinge, Dantoes en Indiërs. Hierdie Wet bepaal ook die uitsluiting van nie-Blankes uit Blanke universiteite behalwe Universiteit van Suid-Afrika en die Mediese Skool vir nie-Blankes van die Universiteit van Natal.

Bo genoemde wetgewing, alhoewel statutêr van aard en gebaseer op die landsbeleid van eiesoortige en afsonderlike ontwikkeling, is 'n logiese uitvloeisel van, en moet gesien word teen die agtergrond van die historiese gebonde, komplekse bevolkingsverhoudinge wat oor baie jare diep gewortel geraak het in die Suid-Afrikaanse lewenspatroon.

2.6 OPSOMMING

Ten opsigte van die wye vertolking van die begrip "Kleurling" deur die res van die wêreld, geld die definisie vir Suid-Afrika, soos neergelê in die Wet op Bevolkingsregistrasie Nr. 30 van 1950 (soos gewysig).

Wat die historiese herkoms van die Kleurlinge aanbetref, bestaan die wanbegrip dat die Kleurlinge bloot die produk is van Blank en Dantoe vermenging. Die Kleurlinge het ontstaan as gevolg van Hottentot- en slawe- vermenging. Die Boesmans sowel as die Blankes het ook 'n aandeel in die vermengingsproses gehad. Later het die Dantoe as bykomende faktor tot die "smeltkroes" toegetree. Vandag het hoofsaaklik drie groepe uitkristalliseer naamlik die Kaapse Kleurlinge, die Griekwas en die Maleiers.

'n Ander groep bekend as die Rehobothbasters het hul heil in Suidwes-Afrika gesoek.

In vergelyking met die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het die Kleurlinge 'n besonder hoë groeikoers. Hiervoor is hoofsaaklik 'n hoë geboortesifer en relatief lae sterftesifer verantwoordelik. Die geboortesifer is egter aan die daal. Verstedeliking is nie die grootste faktor wat 'n dalende geboortesifer veroorsaak by die Kleurling nie. Die sterftesifer is hoog in verhouding met dié van die Blankes, maar is ook aan die afneem.

Die gewone huweliksifer vir die Kleurling is laer as dié vir die Blanke.

Landbou, vissery en boshou vorm die belangrikste enkele groep in die ekonomiese lewe van die Kleurling. Die Kleurlingvroue vind hoofsaaklik 'n heenkome in die dienstebedryf, naamlik 55.79%. Die fabriekswese trek 20% van alle ekonomies-bedrywige Kleurlingvrouens.

Rasseklassifikasie in Suid-Afrika is verwarrand. Die belangrikste wetsontwerp in dié verband is die Wet op Devolkingsregistrasie, 1950 (Wet Nr. 30 van 1950) soos gewysig (in 1960, 1962 en 1967).

Die Kleurlingbeleid in Suid-Afrika kan saamgevat word in die begrip van parallelle ontwikkeling. Die Kleurlinge deel 'n gemeenskaplike vaderland saam met die Blankes maar met eersgenoemde se eie wetgewende liggaam naamlik die Verteenwoordigende Kleurlingraad. Die Verteenwoordigende Kleurlingraad se wetgewing is egter onderhewig aan goedkeuring van die Blanke kabinet en die Staatspresident.

Die vernaamste wetgewing wat Blank en Kleurlingverhouding bepaal, is: die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike, 1949; die Devolkingsregistrasiewet, 1950; die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers, 1951; Die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, 1953; die Wysigingswet op Motortransport; die Wet op Nywerheidsversoening, 1956; die Ontugwet, 1957; die Wet op Groepsgebiede, 1957 en die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsgeriewe, 1959.

HOOFSTUK III

DIE INWONERS VAN EERSTERUST - KENMERKE VAN DIE STEEKPROEF

INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die historiese agtergrond van Eersterust kortliks nagegaan word voordat die verskillende veranderlikes bespreek word. Die kenmerke van die steekproef sal hoofsaaklik by wyse van tabelle aangebied word. Daarbenewens sal hierdie kenmerke as agtergrond dien ter evaluering van die response en gevolgtrekkings wat uit die ondersoek afgelei kan word. Ook sal daar vasgestel kan word in watter opsigte (indien enige) die **Eersterustse** Kleurlinge as groep van die algemene kenmerke van die Kleurlinge as geheel verskil.

3.1 DIE LIGGING, ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN EERSTERUST

Informasie in verband met die oorspronklike ontstaan van Eersterust was aanvanklik moeilik te bekom en sekere feite deur inwoners verskaf het mekaar weerspreek. Waardevolle inligting is egter van mnr. H. Coverdale, 'n vooraanstaande inwoner van Eersterust, verkry.

Eersterust is as Kleurlinggroepsgebied vir Pretoria verklaar en word volledig omskrywe in 'n bylae van Proklamasie Nr. 150/1958. Ingevolge hierdie Proklamasie word die voorskrifte in artikels 20 en 23 van die Wet op Groepsgebiede vervat, op Eersterust van toepassing gemaak. Proklamasie Nr. 150/1958 is op 6 Junie 1958 in Duitengewone Staatskoerant Nr. 6067 gepubliseer en die bepalings daarvan het op die datum van publikasie in werking getree.

Eersterust is sowat 10 myl (16.1 km) noordoos van die middestad Pretoria geleë en maklik per spoor en pad bereikbaar. Dit is oos van die Blanke woonbuurte East Lynne en Riverside geleë, noordoos van Silverton en die Koedoespoortse Spoorwegwerkwinkels, noord van Despatchdorp, en wes van die Dantoewoonbuurt Mamelodi. Die gebied is 'n deel van die plaas Derdepoort Nr. 469 wat noordoos van Pretoria geleë

is. Die totale oppervlakte van die gebied beslaan ± 666.6887 hektaar waarvan ongeveer 116,5 hektaar in die onderhawige ondersoek betrek is. Hierdie ± 116 hektaar staan bekend as Uitbreiding Nr. 2.

Sedert die proklamering van Eersterust, het hierdie Kleurlingwoonbuurt ontwikkel op presies die gebied wat Uitbreiding Nr. 1 was. Dié woonbuurt wat vroeër bekend gestaan het as Eerste Rust, het in 1905 ontstaan toe die destydse eienaar van die plaas, ene mnr. Wolmarans 'n deel van sy grond in woonerwe verdeel het en hoofsaaklik Dantoos van Cullinan en Premiermyn dit gekoop het (27, p. 32).

'n Dogter van mnr. Wolmarans, dr. Van Ginkel vertel dat haar vader destyds beoog het om 'n rusplek aan "... the descendants of the slaves" aan te bied. (27, p. 33). Hoe die plek egter aan sy naam gekom het, is moeilik vas te stel. Selfs die Pleknamekomitee van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap kon geen lig op die saak werp nie. Van die Kleurlinge in Eersterust meen dat dié plek die eerste rusplek was van poskootse wat teen die einde van die vorige eeu van Pretoria na Lydenburg op pad was.

Wat die verdere ontwikkeling van Eersterust (of liever Eerste Rust van destyds) betref, kon dr. Van Ginkel slegs die volgende meedeel: "... dat sy as kind die betrokke woonbuurt dikwels saam met haar vader besoek het. Sy kan egter nie onthou hoedanig toestande destyds in dié woonbuurt was nie. In die dertigerjare het sy na voltooiing van haar studies 'n mediese kliniek in Eerste Rust geopen en met die lewering van mediese dienste in die woonbuurt volgehou tot met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Sy verklaar dat behuisingstoestande in dié jare in die woonbuurt uiters swak was. Daar was geen sanitêre voorsiening nie, siekte-toestande was haglik en veral die kindersterftesyfer was ontsettend hoog." (27, p. 33).

Teen 1938 was die meeste woonerwe nog in die hende van Naturelle-eienaars. Onreëlmatige onderverdeling het ontsettende wantoestande van oorbevolking geskep soos die Thornton-Verslag van 1938 aangetoon het: "... daar was 'n opmerkbare vermeerdering in die Naturellebevolking in die

47.

twee jaar tussen Augustus 1936 en September 1938, naamlik van 1,713 tot tussen 4,000 en 5,000." (33, p. 54). Volgens die verslag was sanitêre toestande uiters swak, weersinwekkend en "n ernstige gevaar vir die openbare gesondheid, en 'n epidemie van ingewandskoors in die nabye toekoms kan voorspel word." (33, p. 55).

Dogenoemde toestande het voortgeduur tot 1958 toe die gebied geproklameer is. Genoemde Proklamasie het voorsiening gemaak vir die algehele opruiming en ontwikkeling van Eersterust as 'n woonbuurt uitsluitlik vir die vestiging van Pretoria se Kleurlinge.

In opvolging van hierdie proklamering, is Eersterust Uitbreiding Nr. 1, dit wil sê "Eerste Rust", se grond ont-eien. Nuwe verdeling van woonerwe is bewerkstellig nadat 'n heropmeting van die gebied plaasgevind het. Tans staan die ou Uitbreiding Nr. 1 bekend as Uitbreiding Nr. 2. In Februarie 1962 is die eerste behuisingskema bestaande uit 200 ekonomiese wonings voltooi. 'n Tweede skema is in 1965 en 'n derde in 1966 afgehandel.

Om 'n volledige indruk te kry van die ontwikkeling van Eersterust teen 1966, word die volgende aangehaal uit "Alpha" - maandelikse onderwysblad uitgegee namens die Administrasie van Kleurlingsake - Augustus 1966:

"Die Kleurlingbevolking van Pretoria beloop tans sowat 9,000 waarvan 4,000¹⁾ tans in Eersterust is en mettertyd sal al Pretoria se Kleurlinge daarheen verhuis. Tans is daar 15 besigheidspersonele in Eersterust. Vir eienaarbouers is 181 erwe uitgehou en 99 daarvan is verkoop terwyl op drie daarvan tans huise gebou word. Sowat 775 gesinne woon tans in Eersterust en die laerskole word bygewoon deur 1,073 kinders. Hierbenewens is daar nog sowat 700 laerskoolleerlinge in ander dele van Pretoria en 'n derde laerskool word reeds vir Eersterust beplan."

"... 'n Pragtige kleuterskool is tans in aanbou en sal binnekort voltooi wees. Langs die gemeenskapsaal, wat sitplek aan 500 mense bied, word 'n nuwe sakesentrum opgerig. Dit voorsien onder meer vir 'n slaghuis, restaurant, melkery en drie ander winkels."

/ "n Groot.....

1) Dit wil sê 1969. Die huidige (1971) syfer is nader aan 6,000.

"n Groot sportterrein word verskaf en etlike tennisbane is reeds byna voltooi."

"Gesondheidsdienste word gereeld by die munisipale kliniek in Eersterust verskaf en 'n voltydse Kleurlingverpleegster is onlangs aangestel. Die Kleurlingwelsynorganisasie is tans besig om 'n perseel wat deur die Stadsraad aan hulle geskenk is as 'n ouetehuis in te rig. By die munisipale kantoor, waar etlike Kleurlingklerke werksaam is, is ook 'n pragtige biblioteek - 'n tak van die Pretoriase Openbare Dibiblioteek." (31, pp. 17, 18).

Wat die werklike behuisingsomstandighede van die bewoners van Eersterust is, vergelyk die ondersoek van Van der Walt in 1966 (27). Soos in die meeste gemeenskappe tref ons egter hier veral die uiterstes ten opsigte van sindelikheid ook aan: van die vuilste en mees onversorgde tuine, tot 'n mooi versorgde en beplande tuin. Dié twee pole korreleer ook eweredig met die sosio-ekonomiese en opvoedkundige peil van die inwoners.

Ten slotte kan vermeld word dat daar nie slegs na die fisiese welsyn van die bewoners omgesien is nie. 'n Raadplegende Komitee is op 25 September 1963 ingestel om die inwoners van Eersterust 'n aandeel te waarborg in die bestuur en ontwikkeling van Eersterust op alle gebiede. Hierdie stap was ingevolge die voorskrifte van Ordonnansie Nr. 22 van 1962 soos aangekondig in die Provinsiale Koerant. Van der Walt (27, p. 36) getuig dat volgens 'n woordvoerder van die Dorperaad van die Provinsiale Administrasie van Transvaal, Eersterust die eerste afsonderlike woonbuurt vir 'n nie-Dlanke bevolkingsgroep in Transvaal was, "waarin die bewoners van die woonbuurt deur die instelling van 'n Raadplegende Komitee 'n aandeel verkry het in die plaaslike bestuur van hul woonbuurt."

Om die inwoners van Eersterust nader te leer ken, neem ons die volgende veranderlikes in oënskou.

3.2 DIE GESINSAGTERGROND VAN EERSTERUST SE KLEURLINGE

In die volgende tabelle 5 - 8 word die oorsprong van die ouers van die Kleurlinge van Eersterust aangedui. Die steekproef het bestaan uit 215 (95.1%) Kaapse Kleurlinge, 4 (1.8%) Griekwas, 6 (2.7%) Maleiers en 1 (.4%) Dlanke. Totaal: 226.

TADEL 5

GROEPSOORSPRONG VAN RESPONDENT SE VADER

VOLKSGROEP	KAAPSE KLEURLING	GRIE- KWA	MALEIER	BLANK	DANTOE	INDIÖR	ARABIER	WEET NIE	TOTAAL
	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %
Kaapse Kleurling	175 81.7	8 3.7	1 .5	10 4.7	5 2.3	10 4.7	1 .5	5 2.3	215 100
Griekwa		3 75						1 25	4 100
Maleier	1 16.7		3 50		1 16.7	1 16.7			6 100
Blanke				1 100					1 100
TOTAAL	176 77.9	11 4.9	4 1.8	11 4.9	6 2.7	11 4.9	1 .4	6 2.7	226 100

/Dit sal
.....

50.

Dit sal opgemerk word dat die persentasies nie noodwendig met die totale klop nie as gevolg van benadering tot die eerste desimaal.

Uit bogenoemde tabel blyk dat die meeste Kleurlinge se vaders uit die Kaapse Kleurlinggroep spruit, naamlik 77.9%, gevolg deur die Blanke en Indiër met 4.9% onderskeidelik. Dit is treffend dat min vaders uit die Bantoebevolking kom - slegs 2.7%.

Ter verduideliking moet ondersoeker noem dat die "Volks-groep"-kolom links in die tabel, en trouens in al die tabelle in hierdie ondersoek, gebaseer is op die antwoord verstrekk deur die respondent op die volgende vraag in die gestruktureerde vraelys (Vergelyk Dylaag 1):

"B.1. Beskou u uself as 'n Kaapse Kleurling/Griekwa/Maleier?"

/TABEL 6.....

TABEL 6

GROEPSOORSPRONG VAN RESPONDENT SE MOEDER

VOLKSGROEP	KAAPSE KLEURLING	GRIEKWA	MALEIER	BLANK	BANTOE	INDIËR	WEET NIE	TOTAAL
	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %
Kaapse Kleurling	187 87.0	6 2.8	2 .9	3 1.4	10 4.7	3 1.4	4 1.9	215 100
Griekwa		3 75			1 25			4 100
Maleier	3 50	1 16.7	1 16.7		1 16.7			6 100
Blanke				1 100				1 100
TOTAAL	190 84.1	10 4.4	3 1.3	4 1.8	12 5.3	3 1.3	4 1.8	226 100

/Tabel 6.....

51.

Tabel 6 toon dat 84,1% van al die Kleurlinge se moeders as Kaapse Kleurlinge deurgegaan het. Die Blanke- en Indiër-groep se bydrae was hier min: 1,8% en 1,3% respektiewelik. Dit is opmerklik dat die Bantoe-moeders die tweede hoogste persentasie vorm, naamlik 5,3%. Met ander woorde terwyl slegs 2,7% van die Kleurlinge se vaders Bantoes was (vergelyk tabel 5), was tweemaal soveel - 5,3% - van die Kleurlinge se moeders van Bantoe-oorsprong. Dit wil dus voorkom asof dit die Kleurlingman is wat hoofsaaklik buite groepsverband trou. Verder is dit duidelik en heel verstaanbaar dat daar 'n groter persentasie Blanke vaders as Blanke moeders by die Kaapse Kleurlinggroep voorkom, naamlik 4,7% teenoor 1,4%.

Interessantheidshalwe kan genoem word dat die een Blanke aangedui in beide Tabelle 5 en 6, 'n Italianer is wat in Suid-Afrika met 'n Kleurlingvrou getroud is. Suzman (23, p.362) stel dit so:

"Where a person who would otherwise fall into a particular racial group is married to or cohabits with a person who would otherwise fall into another racial group, the general principle has been adopted that the man or woman, as the case may be, falls into the group of what may be termed the lower common denominator. Thus, for example, a woman of any race who is married to or cohabits with a non-White man follows the group of her husband or the person with whom she cohabits, ... By the same token, a White man does not import his group character to a non-White woman. If he is married to or cohabits with a Native or Coloured woman, he follows the group of the woman."

In Tabelle 7 en 8 kry ons 'n insae in die geboorteplek van die respondente se ouers.

/TABEL 7

TABEL 7
GEDOORTEPLEK VAN VADER

VOLKSGROEP	KAAP	TVL	NATAL	O.V.S.	WEET NIE	INDIë	ENGE-LAND	ITALIë	MAURI-TIUS	ST. HELENA	SKOT-LAND	TOTAAL
	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %
Kaapse Kleurling	65 30.2	105 48.3	2 .9	3 1.4	34 15.8	2 .9	1 .5		1 .5	1 .5	1 .5	215 100
Griekwa			1 .25		3 75							4 100
Malëier	3 50	2 33.3			1 16.7							6 100
Blanke								1 100				1 100
TOTAAL	68 30.1	107 47.3	3 1.3	3 1.3	38 16.8	2 .9	1 .4	1 .4	1 .4	1 .4	1 .4	226 100

/Eerstens

5

54.

Eerstens blyk dit dat die meeste vaders (47.3%) uit Transvaal afkomstig is, terwyl die Kaapprovinsie volg met 30.1%. 'n Groot persentasie, 16.8% weet nie waar hul vader gebore is nie. Insiggewend is dit dat .9% van die Kaapse Kleurlinggroep en NIE van die Maleiergroep nie, uit Asië afkomstig is.

In Tabel 3 kyk ons na die geboorteplek van die moeder.

TABEL 3
GEDOORTEPLEK VAN MOEDER

VOLKSGROEP	KAAP		T.M.L.		NATAL		O.V.S.		WEET NIE		ST. HELENA		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	53	27.0	131	60.9	3	1.4	6	2.8	16	7.4	1	.5	215	100
Griekwa	1	25	1	25					2	50			4	100
Maleier	1	16.7	4	66.7					1	16.7			6	100
Dlanke			1	100									1	100
TOTAAL	60	27.0	137	60.6	3	1.3	6	2.7	19	8.4	1	.4	226	100

Volgens Tabel 8 blyk dit dat 60.6% van die moeders van al 4 groepe gesamentlik uit Transvaal kom, terwyl die tweede meeste, 27.0%, vanuit die Kaap afkomstig is. Veral wat die Maleiers betref, is dit interessant dat 4 se moeders Transvalers was. Indien ons nou Tabel 7 en 8 vergelyk, kom die volgende verskynsel na vore: dat die meeste Maleiermans 'n lewensmaat in Transvaal gevind het aangesien 4 moeders uit Transvaal en 3 vaders uit die Kaapprovinsie kom. Dié verskynsel is waarskynlik toe te skryf aan arbeidsmigrasie na die Rand en Pretoria.

In Tabel 9 kry ons 'n insae in die mate waarin daar nog kontak met die Kaap behou word deur middel van òf familie òf vriende.

TABEL 9

FAMILIE IN DIE KAAPPROVINSIE

VOLKSGROEP	LANDELIK ²⁾		STEDELIK		GEEN		WEET NIE WAAR		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	2	.9	103	47.9	109	50.7	1	.5	215	100
Griekwa			1	25	3	75			4	100
Maleier			4	66.7	2	33.3			6	100
Blanke					1	100			1	100
TOTAAL	2	.9	108	47.8	115	50.9	1	.4	226	100

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat 115 (50.9%) Kleurlinge geen familie in die Kaap het nie. Eenhonderd-en-ag (47.8%) Kleurlinge het familie in stede of dorpe in die Kaapprovinsie. Dit is insiggewend dat van die Kleurlinge wat familie in die Kaap het, slegs .9% van sodanige familie landelik gevestig is.

Tabel 10 verskaf gegewens oor die oorsprong ten opsigte van landelike of stedelike verblyf van die respondent self.

/TABEL 10.....

2) Dit is Kleurlinge wat of op plase, of klein dorpies soos Stellenbosch, Tulbach ens., woonagtig was.

56.

TABEL 10
OORSPRONG VAN RESPONDENT

VOLKSGROEP	STEDELIK		LANDELIK		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	211	98,1	4	1,9	215	100
Griekwa	4	100			4	100
Maleier	6	100			6	100
Blanke	1	100			1	100
TOTAAL	222	98,2	4	1,8	226	100

Volgens Tabel 10 is die oorgrrote meerderheid van die Kleurlingproefpersone, naamlik 222 (98,2%) vanuit 'n stad of dorp afkomstig, terwyl slegs 4 (1,8%) van plase afkomstig is.

Hierdie gegewens uit Tabelle 9 en 10 dui onteenseglik op 'n bevestiging van die feit dat die Kleurlingvolk hoofsaaklik 'n verstedelike bevolkingsgroep is.

Vervolgens kyk ons na die tydperk wat die Kleurlinge al in Eersterust woon sedert proklamasie van die woongebied en beskikbaarstelling van huise en erwe.

/TABEL 11.....

TADEL 11
TYDPERK VAN VERDLYF IN EERSTERUST

VOLKSGROEP	MINDER AS 1 JAAR		1 - 2 JAAR		3 - 5 JAAR		6+ JAAR		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	12	5.6	28	13.0	79	36.7	96	44.7	215	100
Griekwa			2	50	1	25	1	25	4	100
Maleier	2	33.3			2	33.3	2	33.3	6	100
Blanke			1	100					1	100
TOTAAL	14	6.2	31	13.7	82	36.3	99	43.8	226	100

Volgens.....

Volgens Tabel 11 blyk dit dat die grootste enkele groep Kleurlinge, naamlik 99 (43,8%), dié is wat ten minste 6 jaar en langer in Eersterust woonagtig is. Twee-en-tagtig Kleurlinge, dit wil sê 36,3% woon al tussen 3 tot 5 jaar in Eersterust. Die rekenkundige gemiddelde van jare van verblyf is 4,41 jaar. Met ander woorde die meeste van die Kleurlinge in Eersterust is inwoners met 'n lang tydperk van verblyf in Eersterust.

Dit moet in gedagte gehou word dat alhoewel Eersterust reeds in 1958 as Kleurlingwoonbuurt geproklameer is (vergelyk 3.1), die eerste behuisingskema eers in 1962 voltooi is toe 200 wonings beskikbaar gestel is. Van dié 43,8% Kleurlinge soos in Tabel 11 aangedui, was daar pre-1958 inwoners wat saam met Dantoes en Indiërs, ou en vervalde wonings bewoon het. Hierdie wonings was egter van "... so 'n gehalte dat almal gesloop moes word en nie herstel of behou kon word nie." (27, p. 34).

In die volgende tabel kry ons 'n insae in die inwoners se gebiedsoorsprong.

TADEL 12

VERDLYF VIR DIE GROOTSTE GEDEELTE VAN HUL LEWE

VOLKSGROEP	STEDELIK		LANDELIK		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	215	100			215	100
Griekwa	4	100			4	100
Maleier	6	100			6	100
Blanke	1	100			1	100
TOTAAL	226	100			226	100

Dogenoemde Tabel 12 dui aan dat al die Kleurlinge vanuit 'n stedelike gebied afkomstig is. Ter verduideliking kan slegs genoem word dat op die vraelys aangetoon is dat al die inwoners hervestig is uit ou Kleurlinggebiede soos Claremont, Highlands en selfs Marabastad, in en om Pretoria. Kleurlinge van ander stede en dorpe kom van so ver verspreid as Kaapstad en Kimberley.

/TADEL 13.....

TABEL 13
JARE VAN VERBLYF IN DIE KAAPPROVINSIE

VOLKSGROEP	NOOIT IN KAAP		1 - 4 JAAR		5 - 9 JAAR		10-19 JAAR		20+ JAAR		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	179	83.3	5	2.3	6	2.8	13	6.0	12	5.6	215	100
Griekwa	1	25	2	50					1	25	4	100
Maleier	4	66.7	1	16.7	1	16.7					6	100
Blanke	1	100									1	100
TOTAAL	185	81.9	8	3.5	7	3.1	13	5.8	13	5.8	226	100

/Tabel 13.....

60.

Tabel 13 toon dat 81.9% van al die Kleurlinge nog nooit in die Kaapprovinsie gewoon het nie. Van dié Kleurlinge wat wél voorheen in die Kaap gewoon het, naamlik \pm 18%, het 5.8% tussen 10 en 19 jaar, en 5.8% meer as 20 jaar in die Kaap deurgebring.

3.3 'N ONTLEDING VAN DIE VERANDERLIKES

Vervolgens gaan ons die veranderlikes in hierdie ondersoek in oënskou neem.

3.3.1 Voorkoms

Die ondersoeker moet hier meld dat die veldwerkers ongelukkig onbewus uiters subjektief te werk gegaan het ten opsigte van die klassifisering van respondente in een van die drie klasse onderskeidelik op grond van die respondent se velkleur - sien Dylaag I, Vraag A1 - ten spyte daarvan dat die Kleurlingveldwerkers daarop attent gemaak is. Soos reeds gemeld, het ondersoeker self 50 van die 226 vraelyste voltooi gedurende onderhoude en sterk onder die indruk gekom dat die meeste van die Eersterust-inwoners se velkleur strek vanaf donkerbruin na swart. Met ander woorde baie van die Kleurlinge se velkleur wat die ondersoeker sou klassifiseer as "Dantoe", het die veldwerkers as "Kleurling" ingedeel. Die veldwerkers self was baie donker van kleur.

Om bogenoemde rede is die volgende syfers eintlik onbetroubaar en selfs misleidend:

VELKLEUR VAN RESPONDENT
SOOS DEUR VELDWERKERS WAARGENEEM

<u>BLANK</u>	<u>KLEURLING</u>	<u>DANTOE</u>
7	196	23
3.1%	86.7%	10.2%

3.3.2 Geslag en huwelikstaat

Om 'n onmiddellik ooglopende vergelyking te kan tref, is die twee veranderlikes geslag en huwelikstaat in Tabel 14 saamgevat:

/TABEL 14.....

TADEL 14
GESLAG EN HUWELIKSTAAT

GESLAG	GETROUD		NOOIT GETROUD		OORLEDE		VERLAAT		GESKEI		TOTAAL	
	G	%	-	%	%		-	%	%		G	%
Manlik	87	82.1	16	15.1	1	.9			2	1.9	106	100
Vroulik	76	63.3	19	15.8	15	12.5	4	3.3	6	5.0	120	100
TOTAAL	163	72.1	35	15.5	16	7.1	4	1.8	8	3.5	226	100

/Die ondersoeker

Om die geldigheid van die steekproef te bepaal, sal die ondersoeker waar moontlik vergelykings tref met die nasionale gegewens vir die Kleurlinge van Suid-Afrika. Ten opsigte van korrekte geslagsverteenvoording in die steekproef te Eersterust kan aan die hand van bogenoemde tabel afgelei word dat die 106 manlike respondente van Eersterust 47.7% van die totale steekproef vorm, terwyl die ooreenstemmende persentasie vir Transvaal 49.2%³⁾ is. Dus, kan aanvaar word dat die manlike respondente in die steekproef te Eersterust korrek volgens hul getalsterkte in die Transvaalse Kleurlinge universum verteenwoordig is.

Dit blyk dat 163 (72.1%) van die Kleurlinge getroud is. Vyf-en-dertig (15.5%) is ongetroud. Alhoewel die egskedings- en "verlaat"-syfer laag is, is dit soos in Hoofstuk II aangedui, nie noodwendig die ware toedrag van sake nie. Egpere mag mekaar verlaat het sonder om dit te erken of om 'n formele egskeding aan te vra. Met ander woorde die werklike "getroud"-syfer kan laer wees as in Tabel 14 aangedui en die werklike egskedingsyfer kan hoër wees.

Verder is dit insiggewend dat so 'n hoër persentasie, naamlik 82.1% van die mans getroud is, terwyl die persentasie getroude vrouens slegs 63.3% is. Die ondersoeker soek die verklarings hiervoor in die volgende: As 'n mens die "verlaat"- en "oorlede"-kolomme vir die twee geslagte vergelyk, tref dit dat slegs een manlike respondent sy vrou aan die dood afgestaan het en geen manlike respondent se vrou hom "verlaat" het nie. Die situasie by die vroulike respondente is ietwat anders: 15 (12.5%) se mans is oorlede en 4 (3.3%) se mans het hulle verlaat. Indien hierdie 12.5% (oorlede-kolom) en 3.3% (verlaat-kolom) by die "getroud"-kolom van die vroulike respondente gevoeg word, kry ons 'n totaal van 79.1% vrouens wat wél getroud was.

Ook moet in gedagte gehou word dat van die 82.1% getroude mans "verlatenes" van hul vrouens kan wees, maar verkies om deur te gaan as "getroud". Dit wil egter voorkom asof in ooreenstemming met die jongste mortaliteitstendense (hartversaking, ens.) meer mans vóór hul vrouens sterf, Ook

/blyk dit.....

3) Devolkingsensus: 6 Mei 1970, Vol. D1, D10.

blyk dit volgens Tabel 14 dat geen vrouens hul mans verlaat nie, maar dat die mans makliker van hul vrouens wegvlug. Laasgenoemde feit blyk dan ook moontlik te wees as in ag geneem word dat die vrou hoofsaaklik die middelpunt van die gesin se morele kodes, sedes en algemene opvoeding vorm en veral in die laer strata van die Kleurlingbevolking is dit feitlik algemeen dat die vrou die beursie hanteer en "die wet slaan."⁴⁾

3.3.3 Die Huistaal

Tabel 15 toon 'n ontleding van die mate waarin die twee amptelike tale, Afrikaans en Engels, in die huis gebesig word.

TADEL 15

HUISTAAL DEUR INWONERS VAN EERSTERUST GEDESIG

VOLKSGROEP	AFR EN ENG		AFR		ENG		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	11	5.1	200	93.0	4	1.9	215	100
Griekwa	1	25	3	75			4	100
Maleier			6	100			6	100
Dlanke	1	100					1	100
TOTAAL	13	5.8	209	92.5	4	1.8	226	100

Tabel 15 toon duidelik dat 209 (92.5%) Kleurlinge hoofsaaklik of slegs Afrikaans in die huis besig. Dertien (5.8%) besig beide Afrikaans en Engels, terwyl slegs 4 (1.8%) Engels alleenlik as kommunikasie-medium in die huis gebruik. Die feit dat Afrikaans deur 92.5% gebesig word, korreleer baie goed met die parameter vir die nasionale universum van 88.7%. Alhoewel die parameter vir Transvaal slegs 82.6% is vir Kleurlinge wat Afrikaans as huistaal gebruik, moet nie uit die oog verloor word nie dat 72,955 van die Transvaalse 107,990 Kleurlinge gevestig is in en om die Johannesburgse landdros- en ekonomiese streek wat komplekse soos Denoni, Doksburg, Drakpan, Germiston, Kempton Park en Springs insluit. Die

/Johannesburg-streek.....

4) Vergelyk Steyn, Anna F.: Die rolle van die man en die vrou in die Kaapse Kleurlinggesin, Stellenbosch, 1961. (D. Phil, U.S.).
 © University of Pretoria

Johannesburg-streek alleenlik huisves 59,428 Kleurlinge. En feit is dat hierdie komplekse in 'n groter mate Engels ge-oriënteerd is as Pretoria. In Pretoria met sy oorheersend Afrikaanstalige bevolking is die getal Kleurlinge maar 7,987.

Die ondersoeker meen dat bogenoemde gegewens die verskil in taalmedium by die Pretoriase en Transvaalse Kleurlinge grootliks verklaar.

3.3.4 Ouderdom

In Tabel 16 word die ouderdomsverspreiding van die Kleurlinge van Eersterust aangedui.

TADEL 16
OUERDOMSVERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE

VOLKSGROEP	20-24	25-29	30-34	35-39	40-44	45-49	50-54	55-59	60-99	TOTAAL	
	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	%
Kaapse Kleurling	27 12.6	27 12.6	32 14.9	28 13.0	32 14.9	33 15.3	12 5.6	8 3.7	16 7.4	215	100
Griekwa				1 25			1 25	1 25	1 25	4	100
Maleier	1 16.7	2 33.3	1 16.7	1 16.7	1 16.7					6	100
Blanke									1 100	1	100
TOTAAL	28 12.4	29 12.8	33 14.6	30 13.3	33 14.6	33 14.6	13 5.8	9 4.0	18 8.0	226	100

/Tabel 16.....

65

66.

Tabel 16 toon dat die meeste volwasse Kleurlinge van Eersterust in die ouderdomsgroep tussen 30 en 49 jaar val - 57.1%.

Dy die Malciers tref ons 2 van die 6 aan in die 25 - 29 ouderdomsgroep.

Om 'n rekenkundige gemiddelde te bereken is die gemiddelde van elke klasinterval geneem as verteenwoordigend van die besondere klasinterval. Vir die laaste klasinterval van 60 - 99 het die ondersoeker egter besluit op 65 as die verteenwoordigende ouderdom op grond van die moontlike lewensverwagting vir Kleurlinge. En aangesien op die vraelys slegs genoteer is of die proefpersoon ouer as 60 is of nie, is baie ouer persone nie van veel belang ten opsigte van hul siening van die Kleurling se toekoms nie. Tabel 16 toon dat die gemiddelde ouderdomsgroep van Eersterust se volwasse inwoners van 20 jaar en ouer, 39.2 jaar is.

3.3.5 Hoogste opvoedkundige kwalifikasies

/TADEL 17.....

TABEL 17

HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES

VOLKSGROEP	LAER AS ST 6		ST 6	ST 7	ST 8	ST 9	ST 10	DIPLOMA NA ST 8	DIPLOMA NA ST 10	GRAAD	DIPLOMA EN GRAAD	TOTAAL										
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%										
Kaapse Kleurling	69	32.1	47	21.9	28	13.0	45	20.9	8	3.7	5	2.3	5	2.3	2	.9	1	.5	215	100		
Griekwa	3	7.5							1	2.5									4	100		
Maleier	1	16.7	3	50			2	13.3											6	100		
Blanke							1	100											1	100		
TOTAAL	73	32.3	50	22.1	28	12.4	43	21.2	8	3.5	5	2.2	6	2.7	5	2.2	2	.9	1	.4	226	100

/Dogenoende.....

67.

68.

Bogenoemde tabel toon dat 32.3% van die Kleurlinge in besit van 'n kwalifikasie van laer as St 6 is. 'n Tweede grootste groep van 22.1% het 'n St 6-kwalifikasie. Dit blyk dat 21.2% wel St 8 behaal het.

Hierdie gegewens toon baie duidelik die geweldige groot taak van opheffing, veral ten opsigte van formele onderrig en opleiding, wat onder die Kleurlinge vermag moet word. Later in hoofstuk VI meer hieroor.

3.3.6 Deroep

In Tabel 18 word die beroepsverspreiding van die Kleurlinge van Eersterust aangedui.

/TADEL 18.....

TADEL 18

BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE

VOLKSGROEP	HUIS- VROU	WERK- LOOS	ARBEIDER	KLERK	AMDAGS- MAN	PROFES- SIONEEL	FABRIEKS- WERKER	GESKOOL- DE WERKER	DEELTYDS HUIS- VROU	WELSYN- AFHAALIK- LIK	PENSIOEN	SAKE- MAN	TOTAAL
	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %
Kaapse Kleurling	63 29.3	4 1.9	40 18.6	22 10.2	29 13.5	22 10.2	9 4.2	19 8.8	1 .5	1 .5	3 1.4	2 .9	215 100
Griekwa	3 75					1 25							4 100
Maleier	4 66.7				1 16.7		1 16.7						6 100
Dlanke			1 100										1 100
TOTAAL	70 31.0	4 1.8	41 18.1	22 9.7	30 13.3	23 10.2	10 4.4	19 8.4	1 .4	1 .4	3 1.3	2 .9	226 100

8

/Voor enige.....

70.

Voor enige verdere bespreking moet verduidelik word wat verstaan word onder "geskoolde" werker. Onder "geskoolde" werker is alle vragmotorbestuurders, afleweringswa-bestuurders, ens. ingesluit. Ondersoeker het gevoel dat genoemde persone oor 'n sekere mate van vaardigheid en verantwoordelikheid beskik wat meebring het dat hy nie as "arbeider" geklassifiseer kon word nie.

Die 1 Kleurling -- 'n vrou -- wat ingedeel is onder "Welsynafhanklike" het wel 'n inkomste van minder as R20 per maand aangesien sy wasgoed inneem en verdere bystand van die plaaslike welsynorganisasie ontvang.

Tabel 18 toon dat 70 (31.0%) Kleurlinge huisvroue is. Die tweede grootste groep is die arbeiders, naamlik 41 (18.1%). Dan volg die ambagsmanne, 30 (13.3%) en vierdens die professionele beroepe met 23 (10.2%). Daar is slegs 4 (1.8%) werkloses.

3.3.7 Inkomste

Tabel 19 toon die maandelikse inkomsteverspreiding van Eersterust se broodwinners.

/TADEL 19.....

TABEL 19

MAANDELIKSE INKOMSTEVEERSPREIDING VAN RESPONDENTE

VOLKSGROEP	GEEN: STUDENT		GEEN: HUIS- VROU		GEEN: WERK- LOOS		MINDER AS R20		R20-29		R30-39		R40-49		R50-59		R60-69		R70-99		R100 - 149		R150 - 199		R200+ TOTAAL			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
Kaapse Kleurling	3	1.4	52	24.2	2	.9	12	5.6	9	4.2	14	6.5	22	10.2	15	7.0	23	10.7	32	14.9	24	11.2	3	1.3	4	1.9	215	100
Griekwa			3	75									1	25													4	100
Maleier			4	66.7													1	16.7	1	15.7							6	100
Dlanke																								1	100		1	100
TOTAAL	3	1.3	59	26.1	2	.9	12	5.3	9	4.0	14	6.2	23	10.2	15	6.6	24	10.6	33	14.0	24	11.2	4	1.8	4	1.8	226	100

71.

/Dit blyk.....

72.

Dit blyk dat die grootste enkele getal Kleurlinge per klasinterval, die huisvrouens is met geen inkomste naamlik 59 (26.1%). Hierna volg 33 (14.6%) Kleurlinge met 'n maandelikse inkomste van tussen R70 en R99. Dan volg die twee groepe: 24 (10.6%) Kleurlinge wat tussen R60 - 69 verdien; 24 (10.6%) Kleurlinge verdien tussen R100 - R140.

'n Insiggewende feit is dat vier van die Maleiergroep deur die huisvrou - geen inkomstegroep - gevorm word. Verder val een van die Malciers in die R60 - 69 en een in die R70 - R99 groep respektiewelik.

Die gemiddelde inkomste per maand is R51,29. Tabel 19 toon dat ± 53.7% van die Kleurlinge minder as R100 per maand verdien. Hierby is nie ingesluit die "geen-inkomste"-groepe soos studente, huisvrouens en werkloses nie. As ons na Tabel 17 kyk, sal ons merk dat bogenoemde feite direk met die opvoedkundige kwalifikasies van die Kleurlinge verband hou. Hoe laer die opvoedkundige kwalifikasies, hoe laer is die besoldiging, soos natuurlik te wagte is.

3.3.8 Geloof

In Tabel 20 word die geloofsverspreiding van die Eersterustse Kleurlinge aangetoon.

/TADEL 20.....

TABEL 20
GELOOFSVERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE

VOLKSGROEP	ROOMS KATOLIEK	ANGLI- KAANS	LUTHERS	N.G.	METHO- DISTE	OU APOSTO- LIES	NUWE APCS- TOLIES	EVANGE- LICAL DIDLE CHURCH	SPADE- REENS	TWAALF APOS- TELS
	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %
Kaapse Kleurling	52 24.2	47 21.9	15 7.0	35 16.3	25 11.6	7 3.3	10 4.7	2 .9	6 2.8	1 .5
Griekwa	1 25	1 25	1 25							
Maleier	1 16.7									
Blanke	1 100									
TOTAAL	55 24.3	48 21.2	16 7.1	35 15.5	25 11.1	7 3.1	10 4.4	2 .9	6 2.7	1 .4

TABEL 20 (VERVOLG)

VOLKSGROEP	NAZA- RENERS	MCHAM- MEDAANS	CONGRE- GATION CHURCH	DAPTIS- TE	VERENIGDE PINKSTER	EMMANUEL CONGREG	GOD'S HEALING CONGRE- GATION	EDEN- EZER	TOTAAL
	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %	G %
Kaapse Kleur- ling	2 .9	1 .5	2 .9	1 .5	4 1.9	2 .9	1 .5	2 .9	215 100
Griekwa					1 25				4 100
Maleier		5 83.3							6 100
Dlanke									1 100
TOTAAL	2 .9	6 2.7	2 .9	1 .4	5 2.2	2 .9	1 .4	2 .9	226 100

72.b.

Volgens Tabel 20 blyk dit dat 55 (24.3%) van die Kleurlinge die Katolieke geloof aanhang. Wat getalsterkte aanbetref, volg die Anglikaanse Kerkgenootskap met 21.2% lidmate; die Nederduits Gereformeerde Kerk met 15.5%; die Methodiste, 11.1%.

Dit is die "veel-gelowigheid" van die Kleurlinge wat 'n mens tref: nie minder as 19 Kerkgenootskappe nie!! Hierdie verskynsel korreleer met 'n lae sosio-ekonomiese lewenspeil en ons tref dit ook aan by die laer strata in ons Blanke gemeenskap.

Dit is insiggewend hoe die syfers van Tabel 20 vergelyk met dié van 1960 vir al die Kleurlinge in Suid-Afrika (24, p. 133).

TABEL 21

PERSENTASIE STERKTEVERHOUDING VAN SEKERE KERKGENOOOTSKAPPE

Kerkgenootskap	Suid-Afrika (1960) - %	Eersterust (1969) - %
Ned Geref. Sendingkerk	29.3	15.5
Anglikaanse Kerk	17.8	21.2
Methodiste Kerk	7.8	11.1
Rooms-Katolieke Kerk	8.0	24.3

Die mees ooglopende verskil in bogenoemde tabel is seer sekerlik die verhouding van getalsterkte tussen die N.G.Sendingkerk en die Rooms-Katolieke Kerkgenootskap. Prof. Theron beweer egter wat die godsdienspatroon ten opsigte van die Kleurlinge in Suid-Afrika betref (24, p. 133): "Die Christene is oorwegend Protestants maar die Rooms-Katolisisme en sekte-groepe is tans besig om veld te wen." Verder: "Met die uitsondering van die Ned. Geref. Kerk beweeg die ontwikkelingsgang van die meeste Protestantse kerke onder die Kleurlinge gedurende die afgelope paar dekades langs 'n dalende lyn ... Relatief gesproke het die Rooms-Katolieke Kerk en sommige sektes heelwat vinniger onder die Kleurlinge gegroei as die gevestigde Protestantse Kerke." (24, p. 132).

/Hierdie groei.....

Hierdie groei van die Rooms-Katolieke Kerk onder die Kleurlinge word dramaties geïllustreer met Eersterust se syfers - en dit in 'n hoofsaaklik Afrikaans-georiënteerde stadsgebied! Ondersoeker meen dat laasgenoemde feit waarskynlik toe te skryf is aan die groter aandag wat in die jongste tyd deur die Katolieke Kerkgenootskap oor die algemeen op die Afrikaanssprekende bevolkingsgroepe toegespits word.

3.4 OPSOMMING

Eersterust is ongeveer 10 myl noordoos van Pretoria geleë. Uitbreiding 2 wat in hierdie ondersoek betrek is, beslaan ongeveer 116 hektaar. Eersterust was oorspronklik deur Dantoes bewoon wat in haglike higiëniese toestande verkeer het. In 1958 is Eersterust verklaar tot Kleurlingwoonbuurt.

Die meeste Kleurlinge naamlik byna 78% se vaders kom uit die Kaapse Kleurlinggroep. Slegs 2.7% Kleurlinge se vaders spruit uit die Dantoebevolking. Van die moeders kom 84% uit die Kaapse Kleurlinggroep. Dit blyk dat dit hoofsaaklik die Kleurlingman is wat buite groepsverband trou. Die meeste vaders, \pm 47%, is uit Transvaal afkomstig - dertig persent kom uit die Kaap. Van die moeders is 60% vanuit Transvaal afkomstig en 27% vanuit die Kaap.

Dyna 51% van Eersterustse Kleurlinge het geen familie in die Kaap nie, terwyl 47% wél familie in die Kaap het, waarvan slegs .9% landelik gevestig is. Van die respondente self is 98% vanuit 'n stad of dorp afkomstig - 'n bevestiging van die feit dat die Kleurlinge hoofsaaklik 'n verstedelike bevolkingsgroep is. Die meeste Kleurlinge van Eersterust woon al lank in dié gebied.

Dykans 32% van Eersterustse Kleurlinge het nog nooit in die Kaap gewoon nie.

'n Ontleding van die verdere aspekte toon dat alhoewel die "verlaat"-syfer en "egskeidingsyfer" onderskeidelik 1.8% en 3.5%, laag is, dit nie die ware toedrag van sake weerspieël nie.

/Ongeveer 92%.....

75.

Ongeveer 92% van die Kleurlinge besig hoofsaaklik Afrikaans as huistaal.

Die meeste van die respondente, naamlik 57% val in die ouderdomsgroep 30 - 49 jaar; dit wil sê die Kleurlinge is 'n "jong" volk. Die gemiddelde ouderdom vir die volwassenes van Eersterust is 39 jaar.

Twee-en-dertig persent van die Kleurlinge het nie 'n St 6 kwalifikasie nie, maar gesamentlik is daar 66.8% wat nie oor 'n St 8 sertifikaat beskik nie.

Ten opsigte van beroepsverspreiding vorm die huisvrouens 31% terwyl die arbeiders die volgende grootste enkele groep uitmaak, dit wil sê 18.1%.

Ongeveer 58% van die Kleurlinge verdien minder as R100 per maand. Die gemiddelde inkomste per maand beloop R51.29.

Wat geloof aanbetref, het Eersterust nie minder as 19 Kerkgenootskappe nie! Die Rooms-Katolieke Kerk vorm die grootste enkele groep met 24.3% van die respondente as lidmate.

HOOFSTUK IV

DIE KLEURLINGE SE HUIDIGE SOSIO-POLITIEKE POSISIE

INLEIDING

In hoofstuk III het ons die agtergrond van spesifiek Eersterust se Kleurlinge nagegaan en alle gegewens ten opsigte van hul sosio-ekonomiese omstandighede in oënskoue geneem. Vervolgens word in hierdie hoofstuk die Kleurlinge se houding en siening ten opsigte van hul huidige posisie in die bevolkingstruktuur van Suid-Afrika ontleed. Dit word afgelei aan die hand van tabelle saamgestel uit response op die vraelys. Die ondersoeker sal egter ook, waar van toepassing, opmerkings van respondente aanhaal asook kommentaar lewer ten opsigte van reaksies by die Kleurlinge. Laasgenoemde is natuurlik gebaseer op blote waarneming deur die ondersoeker self en van die ander veldwerkers.

4.1 GESINDHEID VAN DIE KLEURLINGE TEN OPSIGTE VAN HUL HUIDIGE SOSIO-POLITIEKE POSISIE.

Soos die opskrif terag aandui, gaan dit hier om sowel die sosiale as politieke posisie van die Kleurlinge. Die volgende tabelle toon aan wat, eerstens, die onderlinge verhouding, gesindheid en gevoel van die getalsterkste Kleurlingegroep, naamlik die Kaapse Kleurlingegroep, jeens die Griekwas en Maleiers is, en tweedens die gevoelens van die Kleurlinge teenoor die Dlanke.

Ten eerste moet gekonstateer word dat baie Kleurlinge aan die ondersoeker beken het dat hulle dankbaar is vir sekere aspekte van die regeringsbeleid, soos onder andere die mate waarin en wyse waarop behuising voorsien word. Trouens, dit is ook die ondervinding gewees van Van der Walt (27, p. 86) met sy ondersoek oor behuisingstoestande in Eersterust. Weliswaar was daar ook dié wat ontevrede was met die behuising wat verskaf is.

Dit is algemeen bekend dat indien 'n gemeenskap enigens gelukkig en positief wil wees in sy bydrae tot die welsyn en stabiliteit van die staatkundige eenheid waarbinne

hy verkeer, daar 'n onderlinge welwillendheid en toegeneentheid tussen die verskillende bevolkingsgroepe in die gemeenskap - en veral in die geval van volksgroepe - moet heers. Tensy hierdie absolute aanvaarding van ander groepe se gelyke menswaardigheid, ten spyte van verskille (groot of klein), teenwoordig is, kan 'n kollektiewe gevoel van afkeur, voorwaardelike aanvaarding en gereserveerdheid teenoor die "minderwaardige" of "gevreese" groep, ontwikkel - veral as integrasie juridies afgedwing word. In sy ergste vorm kan dit lei tot wrywing, botsings en konflikte. Dit moet egter in die gedagte gehou word dat kleur vandag een van die grootste en mees deurslaggewende determinante in rasseverhoudings geword het. Ons hoef slegs na die V.S.A. te verwys, waar integrasie deur wetgewing afgedwing word, om bogenoemde te staaf.

Ondersoeker meen dat hierdie toestand van "verskilbewustheid" by die Kleurlinge van Eersterust teenwoordig is ten opsigte van die twee "Kleurlingminderheidsgroepe", naamlik die Griekwas en Maleiers. Alhoewel hierdie toestand waarskynlik nooit tot enige openlike botsing sal lei nie - die beslissende pigmentasie-determinant ontbreek - bly onderlinge spanning latent.

Vervolgens kyk ons wat die Kleurlinge van Eersterust se reaksies in hierdie verband was.

TABEL 22

VOORKEUR VAN ASSOSIASIE MET 'N DESONDERE GROEP

VOLKSGROEP	KAAPSE KLEURLING	GRIEKWA	MALEIER	MAAK NIE SAAK NIE	TOTAAL
	G %	G %	G %	G %	G %
Kaapse Kleurling	187 87.0	3 1.4	1 .5	24 11.2	215 100
Griekwa	2 50			2 50	4 100
Maleier			5 83.3	1 16.7	6 100
Dlanke	1 100				1 100
TOTAAL	190 84.1	3 1.3	6 2.7	27 11.9	226 100

/Volgens Tabel 22.....

78.

Volgens Tabel 22 blyk dit dat 190 (84,1%) van die Kleurlinge verkies om met Kaapse Kleurlinge te assosieer. Dit is egter insiggewend dat twee van die Griekwas met die Kaapse Kleurlinge assosieer en die ander twee van die Griekwas beweer het dat hulle nie omgee met watter groep hulle assosieer nie. Die feit dat vyf van die ses Maleiers te kenne gegee het dat hulle verkieslik met Maleiers assosieer op grond van hul geloof (vergelyk Tabel 23: Redes vir Assosiasie) toon dat die Maleiers hul geloof as dié bepalende faktor laat geld selfs wanneer hul besondere skakeling met die Kaapse Kleurling in gedrang kom. Weer word hier geïllustreer dat ten spyte van samewoning (dit wil sê geen woonbuurt-skeiding), saamgroepering as volk en saam-beoefening van hul kultuur (wat onderling sekere verskille toon), bly die geloof 'n faktor wat 'n struikelblok in die weg van algehele integrasie tussen die Kaapse Kleurling en die Maleiers kan wees. Die velkleur speel hier geen noemenswaardige rol nie. Indien ons 'n parallel mag trek, sou ons die Blanke Jode in Suid-Afrika in dieselfde posisie kon plaas tussen sy mede Blanke Suid-Afrikaners. Met ander woorde kleur speel geen rol nie en taal speel slegs 'n geringe rol. Geloof het die Jodedom in 'n redelik streng "geslote" volk laat ontwikkel. Ondersoeker meen dat hierdie "geslotenheid" as groep (later volk) 'n moontlikheid is wat nie ten opsigte van die Maleiers uitgesluit is nie. Dit is interessant dat die Griekwas wat 'n totale "minderheidsgroep" onder die 3 sub-groepe vorm, beskerming soek in hul skaring by die Kleurlinge as statutêre groep. Bogenoemde word bevestig deur die twee van die vier Griekwas wat beweer het dat "dit nie saak maak" met watter groep hulle assosieer nie.

As ons na die redes wat vir bogenoemde voorkeure aangevoer is, kyk, werp dit meer lig op die saak.

/TABEL 23

TADEL 23

REDES AANGEVOER VIR BESONDERE GROEPASSOSIASIE

VOLKSGROEP	HET GROOT GEWORD MET KLEURLINGE		HET GROOT GEWORD MET GRIEKWA		SO LANK HULLE KLEURLINGE IS		AFSYDIG TEEN GRIEKWA EN MALEIER		ASPIREER NA AANVAARDING AS KLEURLING		WORD GROOT AS MALEIER, AS GEVOLG VAN GELOOF		MAAK NIE SAAK NIE		KOESTER AFFINITEIT JEENS GRIEKWA		TOTAAL		
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	
Kaapse Kleurling	143	66.5	2	.9	25	11.6	29	13.5	2	.9			13	6.0	1	.5	215	100	
Griekwa					1	25			2	50			1	25			4	100	
Maleier												5	83.3	1	16.7			6	100
Dlanke	1	100																	
TOTAAL	144	63.7	2	.9	26	11.5	29	12.8	4	1.8	5	2.2	15	6.6	1	.4	226	100	

79.

/Dit is

Dit is nodig om hier te verduidelik dat die verskillende redes soos deur respondente aangevoer as gevolg van uitdrukkingsverskille s6 uiteenlopend was, dat die ondersoeker dit moes saamgroepeer en eindelik het die agt motiverings soos aangedui, uitgekristalliseer.

Vir alle praktiese doeleindes moet kolom 1 en 3 as dieselfde beskou word omdat albei dieselfde groepsvoorkeur aandui, naamlik assosiasie met die Kaapse Kleurlinge. Dit gee ons 'n totale persentasie van $\pm 75.2\%$. Terselfdertyd word 'n afsydigheid van 12.8% teenoor die Griekwa en Maleier getoon. Ons kan egter nie afleidings bloot op die sigwaarde van di6 persentasies maak nie. Die implikasies (of moontlike implikasies) van antwoorde moet ondersoek word. So, byvoorbeeld, toon kolom 4 (afsydigheid teenoor Griekwa en Maleier) slegs di6 getal persone aan wat hul misnoe6 teenoor die Griekwa en Maleier uitgespreek het. Dus, indien hulle ook by kolom 1 gevoeg word, word laasgenoemde persentasie dan $\pm 88\%$. Dit korreleer met kolom 1 van Tabel 22. 'n Verdere implikasie is dat die 11.5% wat gestipuleer het "solank hulle Kleurlinge is", ook 'n afkeur het aan assosiasie met beide die Griekwas en Maleier. Met ander woorde ongeveer 25% het direk of indirek te kenne gegee dat hulle nie gelukkig voel oor saamwoning met die Griekwa en Maleier nie.

Oogardus-tipe vrae is ook aan die proefpersone gestel en Tabel 24 dui die reaksie aan:

TABEL 24

AANVAANDING DEUR DIE KAAPSE KLEURLING VAN DIE GRIEKWA EN/OF MALEIER IN KAAPSE KLEURLING WOONDUURT

VOLKSGROEP	GRIEKWA		MALEIER		ALDEI		GEEN		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	26	12.1	11	5.1	110	51.2	68	31.6	215	100

/In bogenoemde.....

In bogenoemde tabel blyk dit dat 12.1% van die Kleurlinge slegs die Griekwa aanvaar. Slegs 5.1% aanvaar die Maleier. Meer as die helfte, egter, naamlik 51.2% aanvaar beide die Griekwa en Maleier. Hierteenoor verwerp 31.6% beide die Griekwa en Maleier. Die "negatiewe" kolomme 1, 2 en 4, vorm gesamentlik 'n hoë persentasie van verwerping. Met ander woorde, 48.8% van die Kaapse Kleurlinge verwerp òf die Maleier òf die Griekwa, òf beide die Griekwa- en Maleiergroepe.

In Tabel 25 word hierdie groepsverwerping bevestig wanneer respondente die vraag gestel word of hulle sou omgee om in òf 'n Griekwa- òf Maleierwoonbuurt te woon. Die korrelasie met Tabel 24 is 100%.

TADEL 25

DEREIDWILLIGHEID VAN KAAPSE KLEURLINGE OM MET BESONDERE GROEP SAAM TE WOON

VOLKSGROEP	GRIEKWA		MALEIER		ALDEI		GEEN		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	26	12.1	11	5.1	110	51.2	68	31.6	215	100

Soos reeds gestel, stem Tabel 25 absoluut ooreen met Tabel 24.

Waar die Kleurlinge, dit wil sê al drie groepe en die Dlanke die vraag gestel is of hulle dink dat die onderskeie groepname Griekwa, Maleier en Kaapse Kleurling sou verdwyn, is die volgende reaksie verkry (Tabel 26).

TADEL 26

SAL DIE GROEPNAME GRIEKWA, MALEIER EN KAAPSE KLEURLING VERDWYN?

VOLKSGROEP	JA		NEE		WEET NIE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	82	38.1	50	23.3	83	38.6	215	100
Griekwa	2	50	1	25	1	25	4	100
Maleier	2	33.3	3	50	1	16.7	6	100
Dlanke					1	100	1	100
TOTAAL	86	38.1	54	23.9	86	38.1	226	100

Tabel 26 toon dat 38.1% van die Kleurlinge glo dat die name van die groepe sal verdwyn en dat hulle bekend sal staan as een Kleurlingvolk. 'n Verbasende groot persentasie, egter, naamlik 23.9% glo nie die groepname sal verdwyn nie. Kan dit wees dat die 38.1% wat "nie weet nie" geen begeerte dat die groepname moet verdwyn nie, registreer? Een feit staan egter vas: by die Kleurlinge self bestaan 'n duidelike besef van die heterogeniteit van die Kleurlingbevolking.

4.2 IS DIE KLEURLINGE 'N VOLK?

Alvorens 'n poging aangewend word om te bepaal of die Kleurlinge wel 'n volk is of nie, moet daar duidelikheid bestaan oor die begrip "volk". Klinkklare, allesomvattende en absolute definisies in die geesteswetenskappe is baie moeilik. Fairchild⁵⁾ stel dit so: "A good definition, ... has two main aspects. It should give the uninformed person a clear and adequate notion of the character of the object, even though he may never encounter it in his experience, and it should enable a person correctly to identify the object the first time he does meet it in his experience. A good definition must be something more than either a classification or a recipe, although both of those factors may be embodied in it. Since definitions are couched in words, ... if a definition is to be precise and clear every word used in it must be equally precise and clear." Verskeie wetenskaplikes het hulle aan definisies oor die begrip "volk" gewaag.

Vervolgens definieer Fairchild "nation" soos volg: "A nationality that has achieved the final stage of unification represented by its own political structure and territorial establishment. A nationality may exist without political identity or self-control, and on the other hand, a state may exist without harmony of nationality."⁶⁾

Bogenoemde definisie voldoen aan ons begrip van "nasia". Fairchild omskryf "people" (volk) sô: "... this term usually designates a category, an aggregation, or a collectivity of persons, distinguished from the rest of the community or of mankind by one or more traits common to them all."

/Die Handwoordeboek.....

5) Fairchild, H.P., Dictionary of Sociology, in die Voorwoord.

6) Ibid, p. 201.

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal deur Schoonees, Swanepoel, du Toit en Booysen, definieer "volk" as "n Groep mense wat deur eenheid van taal en historiese ontwikkeling 'n duidelike besef van samehorigheid besit." Verder definieer die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal "Nasie" as "Groep enkelinge wat tot dieselfde staat behoort, wat 'n politieke eenheid vorm; elke willekeurige versameling mense wat onder dieselfde politieke organisasie staan."

Met die aktualisering en uitbouing van die landsbeleid van afsonderlike ontwikkeling, was dit dan slegs 'n kwessie van tyd voordat begrippe soos "volk", "nasie" en "staat" onder die soeklig sou kom - in so 'n mate dat selfs debatte en gesprekke in die openbare pers gevoer is deur vooraanstaande akademici en professionele politici. So beskryf prof N.J. Rhoadie in 'n persartikel⁷⁾ die begrip "volk" as "n menslike groepering wie se lede hul gemeenskaplike waardes en identiteit binne 'n bepaalde sosiaal-kulturele raamwerk utoeleef, aan 'n gemeenskaplike ervare historiese verlede gekoppel is ...". 'n Ander geleerde wil op hierdie omskrywing uitbrei deur by te voeg dat dit ook beklemtoon moet word dat "die eintlike of wesenlike kenmerk van so 'n groep mense ('n volk) wat hom van alle ander menslike groepe onderskei, 'n drang is na 'n eie staat, met ander woorde om vry te wees van vreemde heerskappy."⁸⁾ Ook word onder andere beweer dat 'n "nasie" "eenvoudig 'n volk met 'n eie staat (is), met ander woorde 'n onafhanklike volk." Laasgenoemde stelling kry besondere betekenis as in ag geneem word dat dit ge-uit is deur 'n segsman van die huidige regering wat verantwoordelik is vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Uit al bogenoemde definisies blyk dan dat 'n "nasie" uit een of meer volke wat tot dieselfde staat behoort, bestaan. 'n "Volk" is 'n groep mense wat "one or more traits common to them all" soos "n eenheid van taal en historiese ontwikkeling" asook "n duidelike besef van samehorigheid", beskik.

/n "Volk-in-wording".....

7) Dagbreek, 9.3.69.

8) Dagbreek, 16.3.69.

'n "Volk-in-wording" is 'n begrip wat tans van toepassing gemaak word op die Kleurlinge. Indien 'n groep mense in die systroom van sosio-ekonomiese agterstand spartel terwyl die res van Suid-Afrika op die groot golf van ontwikkeling (veral tegnologies) voortsnel, kan hul seker beskryf word as 'n "volk-in-wording." Maar ondersoeker meen dat tensy 'n hand uitgereik word om die Kleurlinge uit hierdie drenkelingstoestand te pluk, die volkskap nooit gerealiseer sal word nie. Meer hieroor in hoofstuk VI.

Hoe voel die Kleurlinge egter self oor hul identiteit as 'n aparte en volwaardige volk? Tabel 27 gee die Kleurlinge se reaksie hierop weer.

TADEL 27

VORM DIE KLEURLINGE 'N APARTE VOLK?

VOLKSGROEP	APARTE VOLK		NIE VOLK NIE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	187	87.0	28	13.0	215	100
Griekwa	4	100			4	100
Maleier	4	66.7	2	33.3	6	100
Olanke	1	100			1	100
TOTAAL	196	86.7	30	13.3	226	100

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat 86.7% van die Kleurlinge hulself as 'n volk beskou. Die huidige regering probeer al jarelank om die Kleurlinge tot 'n aanvaarding van die status en identiteit van 'n aparte volk te kondisioneer. Ondersoeker meen dat 'n vraag soos dié in Tabel 27 gestel, in 'n baie groot mate "waarde-belaaï" is soos byvoorbeeld enige politieke vraag in Suid-Afrika. Dit klink baie meer positief, idealisties en voortreflik om te kan sê, of dink, dat jy een van 'n volk is, in plaas van te beweer dat jy een van 'n groep vorm wat nie volkwaardig is nie. Dit wil sê 'n suiwer objektiewe antwoord kan moontlik buite die vermoë van die respondent lê en 'n

lid van 'n besondere groep sal nie 'n negatiewe antwoord verskaf nie -- al sou sekere negatiewe feite ten opsigte van sy volkskap hom in die gesig staar. In watter mate dit naamlik die Blanke se konseptualisering van die Kleurlinge as 'n volk en die subjektiwiteit van die respondente op sodanige vraag verantwoordelik was vir die resultaat in Tabel 27, is moeilik te bepaal. Met die respons van Tabel 27 sou dit 'n besliste aanduiding wees, want dit is van die uiterste belang hoe 'n groep self oor hul identiteit voel. Reeds in 1911 het Fouillèe⁹⁾ dit só uitgedruk: "In discussions of the race problem there is one factor of supreme importance which has been so far disregarded, to wit, the opinion or idea which a race has of itself and the influence exerted by this idea."

As die beskouinge van die Kleurlinge ten opsigte van hul "volkskap" egter verder ondersoek word (soos die volgende groep tabelle sal aandui) vind ons dat dié oorweldigende meerderheid van Tabel 27 verder sterk onder verdenking kom. Aan die vereistes van 'n gemeenskaplike taal naamlik Afrikaans en historiese ontwikkeling vir volwaardige volkskap, soos vroeër gestel, voldoen die Kleurlinge wêl, maar die ondersoeker is oortuig dat (na aanleiding van die onderstaande tabelle) daardie "duidelike besef van samehorigheid" by die Kleurlinge nog ontbreek. Die mate van samehorigheid wat wêl bestaan, soos gemanifesteer in kollektiewe "opstand" en protes by 'n vermeende ongerief wat 'n Kleurlinggemeenskap aangedoen is, soos die Port Elizabeth-protes van 1971, kan verklaar word in die konteks van die Kleurling se bestaan as 'n gemeenskap wat aan dieselfde materiële toestande en omstandighede onderworpe is.

/TABEL 28.....

9) Soos aangehaal deur Park, R.E., p. 380 (Sien Bibliografie).

86.

TADEL 28

DESKOU U DIE KAAPSE KLEURLINGE, GRIEKWAS
EN MALEIERS AS APARTE GROEPE, OF NIE?

VOLKSGROEP	APARTE GROEP		NIE APART		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	121	56.3	94	43.7	215	100
Griekwa	2	50	2	50	4	100
Malcier	3	50	3	50	6	100
Dlanke			1	100	1	100
TOTAAL	126	55.8	100	44.2	226	100

Tabel 28 toon dat meer as die helfte, naamlik 55.8% sterk bewus is van identifiseerbare groepe soos Kaapse Kleurlinge, Griekwas en Maleiers.

TADEL 29

IS DAAR VERSKILLE TUSSEN DIE KAAPSE KLEURLING, GRIEKWA
EN MALEIER, OF NIE?

VOLKSGROEP	JA		NEE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	158	73.5	57	26.5	215	100
Griekwa	2	50	2	50	4	100
Maleier	5	83.3	1	16.7	6	100
Dlanke			1	100	1	100
TOTAAL	165	73.0	61	27.0	226	100

Met 'n verdere peiling van die Kleurlinge se "verskilbewustheid" ten opsigte van die drie Kleurlinggroepe blyk dit dat 'n oorweldigende meerderheid, naamlik 73.0%, voel dat daar verskille tussen die subgroepe bestaan.

Die 73.0% is verder gepols oor die mate van groepsverskille wat daar sou wees. Tabel 30 dui aan dat meer as die helfte van die 73% (55.2%) "verskilbewustes" glo dat die verskille groot is. (Vergelyk Tabel 30).

87.

TADEL 30

IS DIE VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE GROOT OF KLEIN

VOLKSGROEP	GROOT		KLEIN		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	87	55.1	71	45.0	158	100
Griekwa	1	50	1	50	2	100
Maleier	3	60	2	40	5	100
Blanke						
TOTAAL	91	55.2	74	44.9	165	100

Met ander woorde, 40.3% (91 van die 226 proefpersone) voel daar is groot verskille (hetsy fisies, hetsy geestelik, hetsy kultureel) tussen die Kleurlinggroepe.

Op die vraag watter van die Kleurlinggroepe, naamlik Griekwas of Maleiers, of albei, hul nie in die Kleurlingvolk opgeneem sou wou hê nie, was die reaksie soos Tabel 31 aandui.

TADEL 31

VERWERPING VAN GROEPE

VOLKSGROEP	AL DRIE VORM EEN VOLK		VERWERP GRIEKWA		VERWERP MALEIER		VERWERP BEIDE GRIEKWA EN MALEIER		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	105	48.8	17	7.9	42	19.5	51	23.7	215	100
Griekwa	2	50			2	50			4	100
Maleier	3	50	3	50					6	100
Blanke					1	100			1	100
TOTAAL	110	48.7	20	8.8	45	19.9	51	22.6	226	100

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat die grootste enkele groep (48.7%) dié is wat beide die Griekwas en

88.

Maleiergroepe aanvaar, terwyl 'n treffende groot persentasie (22.6%) beide die Griekwa- en Maleiergroepe verwerp. Met ander woorde 42.9% van die Kleurlinge (kolom 3 en 4) verwerp die Maleier.

Tabel 32 toon aan in watter mate die Maleier deur die Kleurlinge verwerp word op grond van sy geloof.

TADEL 32

VERWERPING VAN MALEIER OP GROND VAN GELOOF

VOLKSGROEP	VERWERP		AANVAAR		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	121	56.3	94	43.7	215	100
Griekwa	2	50	2	50	4	100
Blanke	1	100			1	100
TOTAAL	124	56.4	96	43.6	220	100

Volgens Tabel 32 is dit duidelik dat meer as die helfte van die Kleurlinge in die ondersoek, naamlik 56.4%, die Maleiers op grond van hul Mohammedaanse geloof verwerp.

Indien ons Tabelle 31 en 32 vergelyk, blyk dit dat die oomblik dat geloof as faktor pertinent ter sprake kom, die persentasie Kleurlinge wat die Maleiers verwerp, naamlik 42.9% met 13.9% toeneem. Hierdie afsydigheid teenoor die Maleiers ten opsigte van geloofsverskil is basies van kardinale belang aangesien die Mohammedaanse geloof 'n besliste daaglikse lewenspatroon en 'n besonderse lewensbeskouing vereis. Dit is ook so dat die Maleiers hoofsaaklik vanuit die ekonomies meer gegoede stratum van die Kleurlinge afkomstig is. Dy Eersterust behoort die plaaslike slaghuis en kafee aan Maleiers. Volgens Islamitiese gebruike mag sekere vleissoorte op sekere dae nie verorber word nie. Die slaghuis se voorraad word hierdeur bepaal en op so 'n bepaalde "vasdag", geloofsvakansiedae, ens., moet die res van die Kleurlinge maar hul aankope aanpas en die

/ander Kleurlinge.....

ander Kleurlinge voel beslis ongelukkig hieroor.

Dit is 'n bekende feit dat die oomblik wanneer 'n geloofsgroep 'n dominerende of selfs meerderwaardige houding en optrede – hoe subtiel ookal – handhaaf, wrywing kan ontstaan wat uiteindelik tot 'n openlike botsing kan lei. 'n Mens hoef slegs na die Indiërs en Pakistaniërs asook die Iere te verwys om te beseef watter magtige faktor geloof in die lewe van 'n reeds gevestigde volk (soos die Iere) is.

Tabel 33 toon die reaksie van die respondente ten opsigte van aparte woonplekke vir die drie hoofgroepe, naamlik Kaapse Kleurlinge, Griekwas en Maleiers.

TADEL 33

DEHOORT DIE KAAPSE KLEURLINGE, GRIEKWAS EN MALEIERS
APARTE WOONPLEKKE TE HÛ, OF NIE?

VOLKSGROEP	JA		NEE		SLEGS GRIEKWAS		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	115	53.5	97	45.1	3	1.4	215	100
Griekwa	1	25	3	75			4	100
Maleier	4	66.7	2	33.3			6	100
Dlanke			1	100			1	100
TOTAAL	120	53.1	103	45.6	3	1.3	226	100

Van al 226 respondente het 120 (53.1%) verkies dat aparte woonplekke (gebiede) beskikbaar gestel behoort te word. Dit is insiggewend dat selfs vier van die ses Maleier-respondente ook aparte woongebiede verkies. Die feit dat drie uit die vier Griekwas verkies om saam met die Kleurlinge te woon, kan moontlik verklaar word deur die strewe tot aanvaarding as Kleurlinge wat die Griekwas as sodanig in die posisie van 'n absolute minderheidsgroep onder die Kleurlinge van Eersterust ervaar. Die Griekwa voel dat indien hy afgeskei is van die Kleurlinge, hy geen beskerming en ontferming van die Dlanke sal ontvang

/nie en

90.

nie en sodoende aan sy eie lot oorgelaat sal word. Trouens, hierdie gebrek aan sekuriteit en selfvertroue het die ondersoeker telkens by talle respondente (nie slegs Griekwas nie) ondervind.

TABEL 34

SOU U BEREID WEES OM MET ðF 'N GRIEKWA ðF 'N MALEIER IN
DIE HUWELIK TE TREE?

VOLKSGROEP	SAL TROU MET ALDEI		SAL MET GRIEKWA TROU		SAL MET MALEIER TROU		SAL GLAD NIE MET EEN VAN DIE TWEË TROU NIE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	79	36.7	27	12.6	17	7.9	92	42.8	215	100

As ons eers na die twee polariteite in Tabel 34 kyk, dit wil sê van bereidwilligheid om met ðf 'n Griekwa ðf 'n Maleier in die huwelik te tree, tot die ander uiterste, naamlik geensins bereid om met 'n Griekwa of Maleier 'n huwelik aan te gaan nie, merk ons dat 'n geringe meerderheid (42.8%) beide die Griekwa en Maleier as huweliksmaat verwerp. Slegs 36.7% sal bereid wees om met ðf 'n Griekwa ðf Maleier te trou. In werklikheid is die syfers vir die ander kolomme hoër: kolom 2 plus kolom 4 gee aan ons die persentasie Kleurlinge wat NIE bereid is om met 'n Maleier te trou nie, naamlik 55.4%. Kleurlinge wat nie bereid is om met 'n Griekwa te trou nie is 50.7% (kolom 3 plus kolom 4). Uit bogenoemde blyk dit dan dat slegs 'n rapsie meer as een-derde (naamlik 36.7%) van die Eersterustse Kleurlinge bereid sou wees om met 'n Maleier of Griekwa te trou.

Om vas te stel of die Transvaalse Kleurlinge (en spesifiek Eersterustse Kleurlinge) enige gevoel van lotsgebondenheid ten opsigte van die Kaaplandse Kleurlinge koester, is die vraag gestel of hulle hulself as 'n aparte groep van die Kaaplandse Kleurlinge ag, of nie. Tabel 35 toon die reaksie hierop.

/TABEL 35.....

91.

TADEL 35

VORM DIE TRANSVAALSE KLEURLINGE 'N APARTE GROEP VAN DIE
KAAPSE KLEURLINGE?

VOLKSGROEP	JA		NEE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	54	25.1	161	74.9	215	100
Griekwa			4	100	4	100
Maleier	1	16.7	5	83.3	6	100
Blanke			1	100	1	100
TOTAAL	55	24.3	171	75.7	226	100

Soos uit Tabel 35 afgelei kan word, voel 75.7% van die respondente dat hulle nie 'n aparte groep van die Kaaplandse Kleurlinge uitmaak nie.

4.3 PARTY-POLITIEK-BEWUSTHEID

"Volkskap" en "politieke bewustheid" is twee begrippe wat hand aan hand met mekaar gaan. Dit is so dat wanneer mense as 'n groep politieke ambisies begin koester, daar 'n "groepsbewustheid" ontwikkel wat uiting soek in sekere politieke aktiwiteite. Ons het reeds in hoofstuk II gesien dat die Kleurlinge as sodanig geen onafhanklike Kleurlingparty gehad het nie. Stemreg is aan die Kleurlinge verleen om Blanke politici in 'n Blanke parlement te plaas - tot 1948 op 'n gemeenskaplike kieserslys, vanaf 1956 tot 1969 op 'n aparte kieserslys. Die Kleurlinge is ook deur Blankes verteenwoordig.

Bogenoemde toedrag van sake, waarin die Kleurling geen eie politieke toekoms sou hê nie, is beëindig met die totstandkoming van 'n Verteenwoordigende Kleurlingraad in 1969. (Sien Bylae 2). Hierdie geskiedkundige gebeurtenis bring vir die eerste maal die moontlikheid van 'n eie Kleurlingparlement op die politieke horison. Vir die eerste maal stem Kleurlinge vir 'n Kleurling-kandidaat van 'n Kleurling politieke party om in 'n Kleurling parlement sitting te neem.

In 'n baie kort tydsbestek moes politieke partye tot stand kom, beleide geformuleer en lede gewerf word. Indien die vyf hoof Kleurling-politieke partye op 'n kontinuum geplaas sou word, sou die Federale Kleurlingvolksparty met mnr. Tom Swartz as leier op een punt staan met 'n partybenadering van "samewerking met die regering met die doel om die Kleurlingbevolking op te hef", terwyl die Arbeidersparty, met mnr. M.D. Arendse as leier, op die ander pool stelling sou kon innoem. Die "liberale, anti-apartheid" Arbeidersparty staan "een man, een stem en regstroekse verteenwoordiging in die Sentrale Regering vir alle Suid-Afrikaners, ongeag ras, voor." Tussen dié twee pole sou die volgende Kleurling politieke partye kon inpas:

1. Die Republikeinse Kleurlingvolksparty onder leierskap van mnr. Tom le Fleur en sy luitenant, mnr. William Collins wat strewe om eenheid vir die Kleurlinge. "This can better be done apart from the White people."¹⁰⁾
2. Die Konserwatiewe Party, onder leierskap van mnr. I.S. Petersen en C.I.R. Fortein. Mnr. Fortein vat sy party se beleid so saam: "Separate development is something for the Africans. We reject it. Whites and Coloureds will have to build South Africa together for our children. We do believe in parallel development and accept the promised council."¹¹⁾
3. Die Transvaalse Nasionale Kleurlingvolksparty het oorspronklik Dr Clifford Smith as leier gehad. Tans is die leier mnr C. September. Hierdie party verwerp 'n Kleurlingtuisland subiet. Smith is ook 'n ferme ondersteuner van "parallelle ontwikkeling vir die Kleurlinge." Hy stel dit so: "I see the Coloured as a separate race with an own identity. I sincerely believe in Government policy. If I had been in power, my policy would have been precisely the same."¹²⁾

/Dogenoemde

10) Rand Daily Mail, 20.2.69.

11) Ibid.

12) Ibid.

Dogenoemde politieke spreekbuis van die Kleurlingbevolking het dan die meeste skakeringe van Kleurlingopinies verkondig.

Tydens die ondersoek by Eersterust - ongeveer ses maande voor die verkiesing van die Verteenwoordigende Kleurlingraad - is aan elke respondent gevra of hy lid van 'n politieke party is, en indien wel, watter een. Dit moet bygevoeg word dat dit baie duidelik aan die respondent gestel is dat hy onder geen verpligting staan om die inligting te verskaf nie. As in ag geneem word dat die veldwerkers self Kleurlinge was en dat dié vraag een van die laaste groep vrae in die Vraelys uitgemaak het (met ander woorde teen daardie tyd was die respondent al meer vrymoedig en openlik in sy beantwoording van die vrae), dan kan ons aanvaar dat die reaksie op die "politieke vraag" redelik betroubaar is.

Tabel 36 toon die response op die "politieke vraag" aan.

TADEL 36

IS U LID VAN 'N POLITIEKE PARTY?
INDIEN WEL, WATTER EEN?

VOLKSGROEP	NIE LID		LID		DR C. SMITH		FEDERALE VOLKS		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	213	99.1			1	.5	1	.5	215	100
Griekwa	4	100							4	100
Maloier	6	100							6	100
Clanke	1	100							1	100
TOTAAL	224	99.1			1	.4	1	.4	226	100

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat slegs twee persone (skaars 1%) wêl aan 'n politieke party (soos aangedui) behoort. Dit was egter baie duidelik dat die meeste respondente nie die vaagste benul gehad het van watter Kleurling politieke partye wel bestaan het nie, behalwe

/die name.....

die name van dr. Clifford Smith en die Federale Volksparty. Hierdeur word slegs beklemtoon watter ontsaglike taak daar op die partywerwers en -leiers gerus het en nog steeds rus. Ondersoeker is geneig om die prentjie soos deur Tabel 36 weerspieël, nie soseer aan 'n gebrek aan politieke belangstelling te wyt nie, maar om 'n paar faktore soos onder andere die negatiewe kondisionering van die Kleurling oor die jare heen deur politici en ander politiek-geïnspireerdes en veral die hele stryd tussen Blank en nie-Blank in Suid-Afrika waarin agitators en linksgesindes met geheime bybedoelings geen geringe rol gespeel het nie, as hoof-oorsake te sien. Ook het die ontsaglike sosio-ekonomiese agterlikheid en armoedekultuur waarin politiek in die vorm soos vandag van die Kleurlinge verwag word, sy stempel op die Kleurlinge afgedruk het, 'n vername bydrae tot hierdie toestand gelewer. 'n Groot mate van suspisie en agterdog oorheers die Kleurling se denke wanneer aspekte ten opsigte van die politiek ter sprake kom. Trouens, ondersoeker het reeds daarna verwys in hoofstuk I waar een respondent summier geweier het om enige vrae te beantwoord.

Hierdie muur van agterdog moes eers (en baie gou) deur politieke partywerwers afgebreek word, om party-aspirasies tuis te bring. Dit moet in gedagte gehou word dat die huidige politieke bedeling wat die Kleurlinge binnegaan, heeltemal vreemd en nuut vir hulle is. Trouens, die hele basiese gedagte grondliggend daaraan, asook die inskakeling daarvan in die nasionale politieke opset in Suid-Afrika, is uniek. Op hierdie aspek sal in hoofstuk VI verder ingegaan word.

Dat die Kleurlinge nie tevrede is met die huidige sosio-politieke toedrag van sake nie, is duidelik. Ten spyte van hierdie gevoel, egter, het talle Kleurlinge aan die ondersoeker beweer dat hulle verkies om onder "Blanke beskerming" te leef. Hierteenoor het 'n paar Kleurlinge ook gekla dat hulle tans slegs die posisie van tweedeklas burgers beklee.

/4.6 OPSOMMING.....

4.4 OPSOMMING

Dit blyk dat ongeveer 84% van die Kleurlinge verkies om met Kaapse Kleurlinge te assosieer terwyl ongeveer 25% direk of indirek te kenne gegee het dat hulle nie gelukkig voel oor saamwoning met die Griekwa en Maleier nie. By 'n meer pertinente vraag oor saamwoning, blyk dit dat 48% van die Kleurlinge die Griekwa en Maleier verwerp. Die Kleurlinge is deeglik bewus van die onderlinge groepsverskille tussen die Kleurlinge, Griekwas en Maleiers.

Na aanleiding van 'n bespreking oor verskeie definisies van 'n "volk" is tot die slotsom gekom dat die Kleurlinge nie per definisie en/of in 'n sosiologiese sin 'n volk uitmaak nie. Dit is egter belangrik dat 36% van die Kleurlinge hulself as 'n volk beskou.

Ongeveer 42% van die Kleurlinge verwerp slegs die Maleier en wanneer geloof ter sprake kom, groei dié persentasie van 42% aan na 56%.

Drie-en-vyftig persent van die Kleurlinge verkies aparte woonplekke vir elke subgroep.

'n Geringe meerderheid van 42% Kleurlinge verwerp beide Griekwa en Maleier as huweliksmaats.

Die meeste Kleurlinge (75%) beskou hulself nie as 'n aparte groep van die Kaapse Kleurlinge nie.

Die Kleurlinge was oor die algemeen nie "politiek-party" bewus nie en moes van die begin "be-arbei" word deur die verskillende party-politieke kandidate. Soveel as 99% was op die stadium van die opname (1969) nie lid van enige politieke party nie.

HOOFSTUK V

DIE KLEURLINGE SE SIENING VAN HUL TOEKOMSTIGE SOSIO-POLITIEKE POSISIE

INLEIDING

In hoofstuk IV het ons gesien wat die huidige sosio-politieke posisie van die Kleurlinge in Suid-Afrika, en spesifiek in Eersterust, is, soos gesien deur die Kleurlinge. Vervolgens sal die Kleurlinge se siening van hul toekomstige sosio-politieke posisie in die Suid-Afrikaanse bevolkingstruktuur aan die hand van bepaalde tabelle bespreek word.

Die toekoms van enige volk is onlosmaaklik aan die hede gebonde. Met ander woorde, sy toekomsideale, politieke aspirasies, ontwikkeling en uiteindelijke lotsbestemming word in 'n baie groot mate deur faktore in die hede soos die ekonomie en intervolkereverhoudinge bepaal.

Gesien in die lig van die voorafgaande, was dit noodsaaklik om te bepaal wat die Kleurlinge van Eersterust ten opsigte van hul toekomstige sosio-politieke posisie begeer.

5.1 WAT BEGEER DIE KLEURLINGE?

Die sosio-politieke begeertes van die Kleurlinge is belangrik wanneer daar oor die toekoms van die Kleurlinge beraadslaag word. En om enige samewerking en 'n atmosfeer en gees van welwillendheid te skep, is dit nodig om laasgenoemde se behoeftes te ken. Omdat die maatskaplike en politieke terreine uiteraard so ineengevleg in 'n volk se lewe is, kan die twee terreine nie in waterdigte kompartemente verdeel of bespreek word nie. Die ondersoeker het egter wel 'n poging aangewend om die sosiaal-maatskaplike faktore te onderskei.

5.1.1 Maatskaplike moontlikhede

Een kardinale aspek by die Kleurlinge is "bloedvermenging" - onbeheerde, vrye ondertrouery, voor- en buite-huwelikse verbintenisse tussen die Kleurlinge, Indiërs en Dantoës. Die vraag of wetgewing teen ondertrouery tussen Kleurlinge en enige van die volgende

twee rassegroepe, naamlik Indiërs en Dantoës, aangeneem behoort te word, het die response gelewer soos aangedui in Tabel 37.

TADEL 37

DEHOORT WETGEWING AANGENEEM TE WORD OM ONDERTROUERY TUSSEN
KLEURLINGE, INDIËRS EN DANTOES TE VERDIED, OF NIE

VOLKSGROEP	GEEN WETGEWING		WETGEWING TEEN ON- DERTROUERY TUSSEN DANTOE EN KLEURLING		WETGEWING TEEN ON- DERTROUERY TUSSEN INDIËR EN KLEURLING		WETGEWING TEEN ON- DERTROUERY TUSSEN BEIDE EN KLEURLING		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	24	11.2	7	3.3	3	1.4	181	84.2	215	100
Griekwa							4	100	4	100
Maleier	1	16.6	2	33.3			3	50	6	100
Blanke							1	100	1	100
TOTAAL	25	11.1	9	4.0	3	1.3	189	83.6	226	100

Dit spreek baie duidelik uit Tabel 37 dat die Kleurlinge met 'n oorweldigende meerderheid (naamlik 83.6%) begeer dat wetgewing wêl aangeneem moet word om te verbied dat Kleurlinge met Indiërs en Dantoës in die huwelik mag tree. Insiggewend is dat by hierdie 83.6% ook drie van die ses Maleiers ingesluit is. 'n Mens sou verwag dat die Maleier op grond van geloofsbande geen beswaar sou hê om die Indiër as volksgenoot te aanvaar nie. Die 11% Kleurlinge wat "geen wetgewing" hoegenaamd voorstaan, kan moontlik reeds familiebande met òf die Indiër en/of die Dantoe hê wat so 'n kontensieuse wet onaanvaarbaar sou maak.

Die ondersoeker kan hier meld dat talle Kleurlinge tydens die opname baie pertinent hul misnoeë te kenne gee het oor die mate waarin Dantoës "deurglip" as Kleurlinge en in Eersterust woon. Die gevoel dat hulle (die Kleurlinge) deur die numeriese oorwig van die Dantoe bedreig word, is baie sterk by die Kleurlinge teenwoordig. Uit die houding van die respondente kon die ondersoeker

/aflei dat

aflei dat die Kleurlinge beslis op die Dantoe neersien en as "minderwaardig" beskou. Dit het die ondersoeker opgeval dat waar die dienste van bediendes gebruik word, dit deurgaans Dantoemeisies of -vrouens is wat die rol van bediendes vervul. Die Kleurling self voel beslis dat hy maatskaplik-kultureel op 'n hoër vlak as die Dantoe verkeer. Die maatskaplike implikasies van bloedvermenging tussen Kleurling en Dantoe is legio. By watter groep skakel sodanige "marginale" huwelikspare in? Word hulle onvoorwaardelik aanvaar in een of beide volksgroepe? Van der Walt (26, p. 325) se bevindings getuig dat die moeders (in gemengde huwelike tussen Dantoe en Kleurlingvrou) glo dat hul kinders by die Dantoegemeenskap sal inskakel.

Die Kleurlinge van Suid-Afrika oor die algemeen en van Eersterust in die besonder, verdien nie slegs die Dlanke se simpatie oor dié insypeling van Dantoe in die Kleurlingvolk nie, maar daadwerklike optrede van owerheidsweë om sodanige maatreëls in werking te stel dat die omstandighede en klimaat waarin intieme assosiasie tussen Kleurlingvrou en Dantoeman plaasvind en kulmineer in 'n huwelik, tot 'n minimum beperk kan word. Dit gaan hier om selfbehoud by die Kleurling. Van der Walt* het bevind dat die eerste ontmoeting gewoonlik plaasvind by die woning van die Kleurlingvrou, of by beide se werkplek - tot 22% van die gevalle van sy steekproef. Die tweede grootste groep, naamlik 18% het op straat, in 'n kafee, 'n stasie, trein, ens., ontmoet (26, p. 174). Wat spesifieke geleenthede aanbetref, het Van der Walt gevind dat in 29% van die gevalle van gemengde huwelike 'n besoek deur die Dantoeman by die Kleurlingvrou se huis afgelê is. Twee-en-twintig persent het by die woning van 'n vriendin ontmoet. 'n Baie geringe persentasie (8%) het in 'n werksituasie ontmoet (26, p. 176).

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat enige maatreëls wat verbintenisse tussen Kleurling en Dantoe wil ontmoedig, op die sosiale en meer spesifiek, op die verblyfplek van die Kleurling gerig sal moet wees. Woonbuurt-skeiding is nie voldoende nie. In sy ondersoek beweer

/Van der Walt.....

* 'n Ondersoek na die huweliksverbintenisse tussen Kleurlingvroue en Dantoemans in die Kaapse Skiereiland - Sien Bibliografie.

Van der Walt dat die Dantoe in 1967, 12.3% van die totale bevolking van die Kaapse Skiereiland uitmaak het en bykans een-vyfde (19.0%) van die totale nie-Blanke bevolking van die genoemde streek verteenwoordig. Hierdie syfers kry dramaties betekenis as in aggeneem word dat die Kaapse Skiereiland die tradisionele tuisgebied van die Kleurling is! Numeries gesproke het die ongeveer 7,000 Eersterustse Kleurlinge teenoor die 199,890* Dantoe van die aangrensende Mamelodi en ander verstedelike Dantoe in en om Pretoria geen hoop op redding in die volgende 30 jaar nie. Dit wil sê die Kleurlingkultuur word ondermyn en kan grootliks verswelg word deur 'n half-verwesterde Dantoe-kultuur en leefwyse. Ondersoeker baseer laasgenoemde stelling op die feit dat Van der Walt se ondersoek aan die lig gebring het dat "meer as die helfte van die vroue uit wie se huwelike met die Dantoe kinders gebore is, ... van mening (is) dat hul kinders uiteindelik by die Dantoe sal inskakel (54.2%)." (26, p. 325).

Weliswaar dat die Kleurlingvrouens wat huwelike aangaan met Dantoemans onder andere beweer dat die Dantoeman, ten spyte van sy laer sosiale status, 'n beter eggenoot as 'n Kleurlingman van haar gelyke, is, en beter sorg vir sy gesin (26, p. 195). Dit doen egter nie afbreuk aan die feit dat die Kleurling se identiteit, kultuur, algemene lewenspeil en sedes weggekanker word en enige hoop wat gekoester word om die Kleurlinge sosio-ekonomies op te hef, 'n bespotting maak. Intussen poog die Blanke 'n groepsbewussyn, meer nog, 'n nasionalisme by die Kleurlinge aanwakker wat ooglopend in die wiede gery word deur 'n gebrek aan kontrole oor gemengde huwelike en 'n "negatiewe" rasseklassifisering ten opsigte van Kleurlinge.

Die ondersoeker besef egter terdeë dat meer en meer wetgewing veral na die gelyke van die huidige Ontugwet (Wet Nr. 23 van 1957) en die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike (Wet Nr. 55 van 1949) waarin onderskeidelik geslagtelike gemeenskap van en huweliksverbintenisse tussen Blank en nie-Blank verbied word, nie baie populêr gaan wees nie en heelwaarskynlik 'n geweldige reaksionêre en

/bittere

* Sensus, 1960.

bittere opstandigheid en weerstand sal uitlok. Sodanige wetgewing sal veral nie aanvaar word deur die ("laer") Dantogroep wat 'n geleentheid tot sosio-politieke opwaartse mobiliteit (soos deur 'n huwelik met 'n Kleurling teweegbring) dan moet prysgee. Bogenoemde moet ons ook sien teen die agtergrond van die Blanke se kategorisering van sovele rasse en volke onder één oorkoepelende term, naamlik nie-Blanke -- ongeag onderlinge maatskaplik-kulturele verskille. Laasgenoemde feit bevorder weer 'n gevoel van "ge-lyke lotsgebondenheid" onder al die verskillende nie-Blanke volkere in Suid-Afrika.

"Die landsowerheid stel die behoud van die identiteit van elk van die onderskeie differensiële groeperings as ideaal, maar dié verklaarde en neergelegde beleid word in sekere opsigte nie konsekwent deurgevoer nie. Die onderskeidings tussen die differensiële groepe mense wat nie Blankes is nie, word nie ten volle deur die owerhede in wetgewing erken nie en dit lei noodwendig tot enersyds die ondermyning van die identiteit van elk van die differensiële groepe mense wat nie Blankes is nie ... en het andersyds tot gevolg die bevordering van die kontak en assosiasie van die lede van dié groeperinge." (26, p. 356).

Wat die Indiër betref, voel die Kleurlinge bedreig as gevolg van die geloofsverband wat die Mohammedane met die Maleiers handhaaf. Terselfdertyd vorm die Maleier en Indiër 'n kapitaalkragtige groep en die Kleurling vrees dat insypeling van die Indiër 'n drukgroep sal vorm wat 'n vreemde kultuur en gewoontes op die Kleurlinge kan afdwing.

In die polemieë oor die identiteit van die Kleurling het verskillende volksbenaminge vir die Kleurlinge ter sprake gekom. Die Kleurlinge van Eersterust is hieroor gepols en Tabel 38 gee die reaksie hierop weer.

/TADEL 38.....

TABEL 38

WATTER DENAMING SOU U VERKIES IN PLAAS VAN DIE HUIDIGE, NAAMLIK "KLEURLINGE"

VOLKSGROEP	GRIEKWA		MALEIER		KAAPSE KLEURLING		DRUIN- MENSE		KLEURLING		DRUIN AFR.		S.A. BURGER		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling					125	58.1	5	2.3	74	34.4	8	3.7	3	1.4	215	100
Griekwa	2	50			2	50									4	100
Maleier			3	50	2	33.3					1	16.7			6	100
Dlanke					1	100										
TOTAAL	2	.9	3	1.3	130	57.5	5	2.2	74	32.7	9	4.0	3	1.3	226	100

/Soos afgetel.....

101.

Soos afgelei kan word uit Tabel 38 verkies 57,5% van die respondente om Kaapse Kleurlinge genoem te word. Die volgende grootste groep is 32,7% wat verkies om slegs bekend te staan as Kleurlinge. Dit is dus baie duidelik dat die benaming waarin die woord "Kleurling" voorkom, die Kleurlinge welgeval. Hierdie feit beklemtoon weer eens dat die Kleurlinge van Eersterust graag met die Kaapse Kleurlinge (van die Kaapprovinsie) identifiseer soos reeds vroeër aangedui. (Vergelyk Tabel 35).

'n Daie ooglopende rede vir die 32% se keuse, kan wees dat die benaming "Kleurling" meer omvattend ten opsigte van die Kleurlinge in Suid-Afrika is. Die feit egter, dat soveel as 32% die benaming "Kleurling" verkies bo "Kaapse Kleurling" is vir die ondersoeker alreeds 'n aanduiding van 'n subtiele distansiëringsproses wat tussen die Transvaalse en Kaaplandse Kleurling in werking is. Ten spyte van die hedendaagse goeie en vinnige vervoer- en kommunikasiestelsels, werk ander faktore soos die geografiese verwydering, ekonomiese omstandighede asook die vermenging en teenwoordigheid van die Bantoe (en Indiër) in Transvaal, geleidelik ook mee dat 'n verandering ten opsigte van die lewensbeskouing besig is om pos te vat by die Transvaalse Kleurling.

Dit val ook op dat drie van die ses Maleiers die benaming Maleier verkies. Dit op sigself, verleen, vir die ondersoeker, genoeg gewig aan die Kleurlinge se onrustigheid oor die sterk Maleise identifisering wat homself laat geld.

Oogenoemde syfers dui onteenseglik aan dat die Eersterustse Kleurlinge die ander benaminge soos aangedui, verwerp.

5.1.2 Politieke Moontlikhede

Die politieke moontlikhede wat daar vir die Kleurlinge in Suid-Afrika gevisualiseer kan word, kan kortliks in die volgende drie begrippe saamgevat word:

- (a) handhawing van die status quo; of
- (b) integrasie; of
- (c) afsonderlike ontwikkeling, met of sonder tuislande.

/Dit is eintlik.....

Dit is eintlik vanselfsprekend dat as die Suid-Afrikaanse Kleurlinge as gemeenskap oor die algemeen geheel en al gelukkig, tevrede en vergenoegd gevoel het oor die huidige politieke opset en hulle posisie binne die raamwerk van die politieke beleid in besonder, Suid-Afrika nie die hewige debatering en akademiese skermutseling oor die Kleurlinge, op alle terreine, sou beleef het soos wat tans die geval is nie - agitators ten spyt. Die ondersoeker het gevoel dat Eersterust se Kleurlinge ook hierop, naamlik die toekoms van die Kleurlinge, 'n mening sou nahou.

Vervolgens is aan die Eersterustse Kleurlinge die vraag gestel met watter van die hoofrassegroepe hulle onder één regering gegroep sou wou word, indien dié moontlikheid hom in die toekoms sou voordoen. Onderstaande Tabel 39 dui die reaksie aan.

/TABEL 39.....

TABEL 39

TOEKOMSTIGE GROEPERING ONDER EEN REGERING

VOLKSGROEP	DLANKES		KLEURLINGE		INDIËRS		DANTOES		ELKEEN APART		ALMAL SAAM		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	6	28.4	1	.5	1	.5	1	.5	146	68.0	5	2.3	215	100
Griekwa	2	50							2	50			4	100
Maleier	3	50							2	33.3	1	16.7	6	100
Dlanke	1	100											1	100
TOTAAL	67	29.6	1	.4	1	.4	1	.4	150	66.4	5	2.7	226	100

104.

/Daggenoemde
.....

Dogenoemde Tabel 39 toon aan dat 66.4% van die Kleurlinge verkies om as 'n aparte groep die toekoms tegemoet te gaan. Die tweede grootste groep, naamlik 29.6%, is dié wat hulle by die Dlankes sou wou skaar. Dit is 'n baie duidelike aanduiding dat die meerderheid van Eersterustse Kleurlinge die grondbeginsel van afsonderlike ontwikkeling onderskryf. 'n Interessante verskynsel is dat drie van die ses Maleiers hulle ook by die Dlankes sou wou skaar.

Toe aan die Kleurlinge die vraag gestel is of hulle eendag 'n aparte vaderland met 'n aparte regering wou hê, het hulle soos volg gereageer:

TABEL 40

VERKIES U 'N APARTE VADERLAND MET 'N APARTE REGERING?

VOLKSGROEP	NEE		JA		WEET NIE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	58	27.0	155	72.1	2	.9	215	100
Griekwa	2	50	2	50			4	100
Maleier	3	50	3	50			6	100
Dlanke	1	100					1	100
TOTAAL	64	28.3	160	70.8	2	.9	226	100

Tabel 40 toon dat 70.8% van die Kleurlinge wel 'n aparte vaderland met 'n aparte regering verkies. Minder as een derde van die Kleurlinge, naamlik 28.3%, het so-danige aparte vaderland met 'n eie aparte regering verwerp.

Hierop is die 70.8% van die Kleurlinge wat 'n aparte vaderland en regering wou hê, gevra of hulle met die Griekwas en Maleiers saam onder één Kleurlingregering sou woon. Tabel 41 dui die reaksie aan:

/TABEL 41.....

106.

TABEL 41

 SOU U WOU HÊ DAT DIE GRIEKWAS EN MALEIERS SAAM MET U
 ONDER EEN KLEURLINGPARLEMENT WOON?

VOLKSGROEP	JA		DEHALWE GRIEKWA		NEE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	97	62.5	1	.6	57	36.9	155	100
Griekwa	2	100					2	100
Maleier	2	66.7			1	33.3	3	100
TOTAAL	101	63.1	1	.6	58	36.3	160	100

Tabel 41 toon aan dat 63.1% van die 160 respondente die ander subgroepe, naamlik Griekwas en Maleiers, sou aanvaar, terwyl een spesifiek nie die Griekwa sou aanvaar nie. Dit is egter insiggewend dat meer as een-derde, naamlik 36.3%, nie die genoemde twee subgroepe sou aanvaar nie. Hierdie reaksie stem ooreen met die algemene afkeur en besliste gebrek aan affiniteit jeens veral die Maleier wat reeds in die vorige hoofstukke aangedui is.

Die vraag wat by die ondersoeker na vore dring, is: watter hoop is daar in die volgende 20 - 30 jaar dat die Kleurlinge 'n eenheidsgevoel, samehorigheid, één trou - dit wil sê in 'n volk in die ware sosiologiese sin van die woord - kan ontwikkel terwyl meer as een-derde van die Kleurlinge beide die Griekwas en Maleiers verwerp? Tref ons 'n vergelyking met die Dlanke, kan ons vra of die Afrikaner die Jood, die genaturaliseerde Griek, Portugees, ens., onvoorwaardelik aanvaar en opneem as Afrikaner? Die ondersoeker is geneig om te voorspel dat die Maleier op die minste as 'n gedifferensieerde subgroep by die Kleurlingbevolking sal bly. Die geloofs-determinant sal die dominante faktor wees wat sodanige informele biologiese skeiding in stand sal hou.

/Die aspek

Die aspek wat seker die meeste aandag in die jongste tyd geniet, is die politieke turksvy: 'n tuisland vir die Kleurlinge, of nie. Die Kleurlinge se antwoord hierop in Tabel 42 korreleer feitlik eenhonderd persent met Tabel 40.

TADEL 42

WIL U 'N TUISLAND HÊ, OF NIE

VOLKSGROEP	JA		NEE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	157	73.0	58	27.0	215	100
Griekwa	3	75	1	25	4	100
Maleier	5	83.3	1	16.7	6	100
Dlanke			1	100	1	100
TOTAAL	165	73.0	61	27.0	226	100

Tabel 42 toon aan dat 73% van die Kleurlinge 'n tuisland wil hê. Nou mag die vraag gestel word of dié respondente wat 'n tuisland vir die Kleurlinge verlang, alle fasette van so 'n eis, asook die geo-politieke en ekonomiese implikasies daarvan ten volle beseef het. Dit is egter bekend dat die intelligentsia van die Kleurlingbevolking nie ten gunste van 'n tuisland vir die Kleurlinge is nie. Die Afrikaanse Sondagblad, "Rapport" het na 'n tuislandpleidooi deur 'n vocraanstaande Dlanke politikus, die reaksie van mnr. Philip Sanders, Voorsitter van die Kleurlingraad en Vrystaatse Kleurling politieke party-leier, op 18 April 1971, soos volg gerapporteer: "Mnr. Sanders en die ander drie Kleurlingraadslede van die Vrystaat sê hulle sal bedank as die tuisland-idee van 'n Kleurling-republiek ooit die grondslag van die party se beleid word." Verder was mnr. Sanders se woorde: "... ons stem saam met Minister Marais Viljoen dat die idee van 'n Kleurling-tuisland weersinwekkend is vir die Kleurling."

Met 'n nadere ontleding van die opvoedkundige kwalifikasies van die 73% Kleurlinge wat genoemde tuisland verkies, vind ons die resultaat soos aangedui deur Tabel 43.

TABEL 43

OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES VAN KLEURLINGE WAT 'N TUISLAND VIR DIE KLEURLINGE VERKIES TEENoor KWALIFIKASIES VAN KLEURLINGE WAT NIE TEN GUNSTE VAN 'N TUISLAND IS NIE

KWALIFIKASIES	TUISLAND		GEEN TUISLAND	
	G	%	G	%
Laer as St. 6	52	31.5	21	34.4
St. 6	36	21.9	14	22.9
St. 7	25	15.1	3	4.9
St. 8	36	21.9	12	19.7
St. 9	5	3.0	3	4.9
St. 10	4	2.4	1	1.6
Diploma na St. 8	4	2.4	2	3.3
Diploma na St. 10	2	1.2	3	4.9
Graad	1	.6	1	1.6
Diploma en Graad			1	1.6
TOTAAL	165	100	61	100

Uit Tabel 43 blyk dit dat 52 (31.5%) van die Kleurlinge oor 'n kwalifikasie laer as St. 6 beskik. Slegs 9.6% beskik oor 'n kwalifikasie hoër as St. 8.

Die vraag kan nou gestel word: beskik die 90% met 'n laer kwalifikasie as St. 8, oor die nodige insig en helderheid oor aktuele landsake, om die geo-politieke en sosio-ekonomiese faktore en implikasies wat met 'n tuisland gepaardgaan, onder oë te sien? As ons die twee kolomme in Tabel 43 vergelyk, sal ons merk dat die "Tuislandvoorstanders" oorwegend in die laer-as-st.-8-groep val, terwyl die hoër gekwalifiseerde Kleurling die Tuisland-idee verwerp. 'n Vergelyking tussen die twee vertikale groepe persentuele syfers toon dié neiging baie duideliker per kwalifikasie. Tel ons die St. 9 en hoër gekwalifiseerdes vir elk van die twee groepe bymekaar, vind ons dat die Tuisland-aanhangers slegs 9.6% van die totaal van hierdie groep uitmaak.

/Die Tuisland-

Die Tuislandverwerpers, daarenteen, is sterk verteenwoordig in die St. 9 en hoër gekwalifiseerdes, naamlik 17.9%.

Dogenoemde syfers toon onteenseglik dat die "intelligentsia" onder die Kleurlinge van Eersterust 'n tuisland verwerp.

Die ondersoeker moet egter verduidelik dat dié vraag oor 'n tuisland vir die Kleurlinge blykbaar deur baie Eersterustse Kleurlinge verkeerdelik vertolk is as bedoelende Kleurlinggebiede want toe bogenoemde groep Kleurlinge wat 'n tuisland begeer, gevra is waar sodanige tuisland geleë moet wees, blyk die onnadenkendheid van hul begeerte in dié verband nog meer. (Vergelyk Tabel 44).

/Tabel 44.....

TABEL 44
WAAR TUISLAND GELEË MOET WEES

VOLKSGROEP	TRANSVAAL		KAAP		NATAL		ORANJE- VRYSTAAT		WEET NIE WAAR NIE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	113	72.0	39	24.8	1	.6			4	2.5	157	100
Griekwa			2	66.7					1	33.3	3	100
Maleier	3	60	1	20					1	20	5	100
TOTAAL	116	70.3	42	25.5	1	.6			6	3.6	165	100

/Tabel 44.....

110.

Tabel 44 toon dat 70.3% van die 165 respondente wat in tuisland verkies, wil hê dat sodanige tuisland in Transvaal geleë moet wees. 'n Tweede groep (25.5%) glo dat 'n tuisland in die Kaap gesetel moet wees. Die ondersoeker glo nie dat bogenoemde "tuislandaanhangers" selfs die probleme in verband met die verhuising van 'n ander 1³/₄ miljoen Kleurlinge na Transvaal, ten volle besef het nie.

Daar is ook aan die Kleurlinge van Eersterust die vraag gestel of hulle eendag verteenwoordiging in die V.V.O. sou begeer indien 'n Kleurlingnasia met 'n eie regering en parlement verwesenlik sou word. Tabel 45 toon die reaksie hierop.

TADEL 45

VERTEENWOORDIGING VAN KLEURLINGE IN DIE V.V.O.

VOLKSGROEP	JA		NEE		WEET NIE		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Kaapse Kleurling	84	39.1	128	59.5	3	1.4	215	100
Griekwa	3	75	1	25			4	100
Maleier	4	66.7	2	33.3			6	100
Blanke			1	100			1	100
TOTAAL	91	40.3	132	58.4	3	1.3	226	100

Dogenoemde tabel dui aan dat die meeste (58.4% van die Kleurlinge geen verteenwoordiging as Kleurlingnasia in die V.V.O. verlang nie. Die ondersoeker meen dat hierdie reaksie teweeggebring is deur die besef by die Kleurling dat die V.V.O. nie baie hoog aangeskryf staan by die Blanke Suid-Afrikaner nie en gevolglik wil hy as Kleurling nie by die Blanke die indruk skep dat hy moontlik die V.V.O. as politieke platvorm wil gebruik in enige opsig nie - al tans, nie nou-al nie. Aan die ander kant, egter, is dit moontlik dat die Kleurling voel dat sy heil nie by die V.V.O. wat die indruk skep dat hy as kampvegter vir die Swartman optree, geleë is nie, maar in 'n bondgenootskap

met die Dlanke in Suid-Afrika.

As ons 'n blik werp op die Kleurlinge se keuses soos uitgedruk in Tabela 37 - 45 in hierdie hoofstuk vervat, kom ons tot die slotsom dat die politieke status quo verwerp word. Politieke integrasie is onaanvaarbaar. Afsonderlike ontwikkeling met tuislande is wat die Eersterustse Kleurlinge verlang. Hierdie aspekte sal in Hoofstuk VI verder bespreek word.

5.2 SELFBEHOUD BY DIE KLEURLINGE

Die afgelope twintig jaar het die Dlanke in Suid-Afrika 'n politieke beleid gevolg wat ten doel het die uiteindelijke verwesenliking van 'n eie regering, politieke onafhanklikheid en reg tot selfbeskikking vir beide die Dlanke en Dantoevolkere in Suid-Afrika, maar nie ten volle vir die Kleurlinge en Asiate nie. Maar die basiese motief van genoemde beleid is selfbehoud; met ander woorde bewaring ook van die Dlanke identiteit. Om hierdie beleid te implementeer is bepaalde wetgewing aangeneem. (Sien Hoofstuk II).

Indien daar opregtheid in die doelstelling van genoemde beleid teenwoordig is, dan is dit seker logies dat die identiteit van elk van die ander volksgroepe op dieselfde wyse deur wetgewing verskans moet word. Dit, is basies die Kleurlinge van Eersterust se benadering. Ons het reeds gesien dat die Kleurlinge ondertrouery met die Dantoe en Indiër streng afkeur. Selfs die gevoel van afkeur teen die Maleier is sterk. Ook die feit dat ander Asiate soos Sjinese wat in Eersterust handel dryf, ongehinderd toegelaat word om in Eersterust te vertoef, stem die Kleurlinge baie ongelukkig.

Die Kleurling-intelligentsia besef die huidige lae gemiddelde opvoedkundige peil van die Kleurling oor die algemeen en om hierdie rede seek hulle beskerming aan die sy van die Dlanke. Mnr. Philip Sanders stel dit soos volg: "Ons voel dat Minister Jannie Loots se standpunt ons gevoelens die beste weerspieël toe hy gesê het dat

/ons en die

ons en die Blankes die pad vorentoe saam moet loop." 1)

Volgens die Kleurlinge van Eersterust kan bogenoemde beskerming van die Kleurlinge as geheel slegs lê in die nodige statutêre maatreëls om huwelike tussen Kleurlinge en Dantoës asook Kleurlinge en Indiërs te verbied.

5.3 OPSOMMING

Om op te som: die Kleurlinge van Eersterust verlang wetgewing om ondertrouery tussen Kleurlinge en Dantoës asook tussen Kleurlinge en Indiërs te verbied. Die Eersterustse Kleurlinge voel ongelukkig oor die insluiting van die Maleier by die Kleurlingvolk.

Wat die drie politieke moontlikhede betref, word die status quo, asook integrasie (wat vir die Kleurlinge asook die meeste Blankes ook sosiaal-biologiese assimilasië beteken) verwerp. Die Eersterustse Kleurlinge verlang afsonderlike ontwikkeling met tuislande, alhoewel ongeveer een-derde hulle by die Blankes sou wou skaar.

Die Kleurlinge verkies die benaming Kaapse Kleurling. Sowat 70% van die Kleurlinge verkies "n eie vaderland met 'n eie regering" en ongeveer een-derde van die 70% begeer om nie die Griekwas en Maleiers in die Kleurling "vaderland" burgerskap toe te ken nie.

Dit blyk dat van die Kleurlinge wat 'n tuisland begeer slegs ongeveer 10% oor 'n opvoedkundige kwalifikasië hoër as st. 8 beskik. Die tuisland moet in Transvaal geleë wees.

1) Rapport, 18.4.71.

HOOFSTUK VI

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

INLEIDING

Met die afsluiting van hoofstuk V het die ondersoeker aan die einde gekom van 'n ondersoek na die siening van die Eersterustse Kleurlinge oor die huidige en toekomstige posisie van die Kleurlinge in die breër Suid-Afrikaanse bevolkingstruktuur.

Deurgaans in die ontleding van die 226 respondente se reaksies, het die ondersoeker gewaak om nie enige oordeel uit te spreek of diepgaande gevolgtrekkings te maak alvorens al die gegewens in oënskou geneem is nie. Kommentaar sal in die onderhawige hoofstuk gelewer word nadat die resultate van die hele ondersoek kortliks saamgevat is.

6.1 SAMEVATTING

Soos reeds gestel het die ondersoek gegaan oor die siening van die Eersterustse Kleurlinge van hul huidige en toekomstige posisie in die breër Suid-Afrikaanse bevolkingstruktuur. In hoofstuk I is die taakgebied van die rasse-sosioloog en algemene uitgangspunt van die ondersoek uiteengesit. Die hipotese is gestel dat die Kleurlinge nog nie 'n volk in die sosiologiese sin van die woord is nie. Die ondersoek is geografies en in tyd afgebaken tot Eersterust, Uitbreiding Nr. 1 en 2 soos op 31 Desember 1968.

Die navorsingsprosedure en -metode wat in die empiriese ondersoek gevolg is, was onderhoudvoering met behulp van 'n gestruktureerde vraelys. Die ondersoeker self en vier Kleurlingveldwerkers het die taak van onderhoudvoering met aanvanklik 304 respondente aangepak. As gevolg van oop erwe wat nie verantwoord kon word nie, is genoemde getal respondente gereduseer tot 226.

Die vraelys het bestaan uit 43 vrae in drie groepe verdeel, teweete identifiseringsvrae, agtergrondvrae en pertinente vrae wat die Kleurlinge se mening oor hul

/huidige en

huidige en toekomstige posisie in Suid-Afrika gedek het. Vrae is vooraf gekodifiseer. 'n Wetenskaplikbeproeftde tegniek soos deur professor Kish (sien Bibliografie) uitgewerk, het die korrekte ouderdom- en geslagsverteenvoordiging in die steekproef besorg. Een volwassene van 20 jaar en ouer is per huis ondervra en elke derde huis is betrek. Die steekproef is bepaal nadat vasgestel is dat 49% van die Transvaalse Kleurlinge 20 jaar en ouer is.

Probleme in verband met die ondersoek was: die leeftoerwe waarvan party vervang is; die kaart van Eersterust wat nie juis was nie; twee "geen-response" asook die vertraging van die opname as gevolg van die probleem om die spesifieke respondent in die huisgesin beskikbaar te vind vir 'n onderhoud.

Die begrip "Kleurling" is omskryf volgens die Wet op Devolkingsregistrasie Nr. 30 van 1950, soos gewysig.

Die herkoms van die Kleurlingbevolking in Suid-Afrika is in Hoofstuk II kortliks nagegaan. Histories lê die wieg van die Kleurlinge aan die voet van Tafelberg. Daar is beweer dat 'n wanbegrip ten opsigte van die ontstaan van die Kleurlinge by baie Dlanke heers as sou die Kleurlingbevolking ontstaan het bloot as gevolg van 'n bloedvermenging tussen Dlanke en nie-Dlanke in Suid-Afrika. Voorts is uiteengesit hoe die Kleurlingvolk ontstaan het as gevolg van 'n vermenging van die Khoisanvolkere met slawe en Dlanke teen 'n besondere sosio-ekonomiese agtergrond wat 'n gunstige klimaat geskep het vir sodanige vermenging. Die Bantoelement het eers veel later as vermengingsfaktor op die toneel verskyn. Die groepe wat uiteindelik uit genoemde vermengingsproses gekristalliseer het, was die Kaapse Kleurlinge, die Maleiers, die Griekwas en die Rehobothbasters.

Tans¹⁾ sien die bevolkingsamestelling van Suid-Afrika soos volg daaruit:

/Dlanke.....

1) Sensusverslag, 1970.

Dlankes	3,800,000
Kleurlinge	1,996,000
Asiate	614,000
Dantoës	<u>14,893,000</u>
TOTAAL	<u>21,303,000</u>

Wat die demografiese aspekte betref, het die Kleurlinge tussen die jare 1904 - 1960 'n besondere hoë groei-koers getoon. Sedert 1960 tot 1970 is 'n afname in groei-koers van die Kleurling (3.43 tot 2.44) te bespeur. Tussen die jare 1951 en 1960 was die groei-koers van die Kleurlinge baie hoog. Dit is toegeskryf aan die hoë geboortesifer en lae sterftesifer. Tussen 1960 en 1970 het die groei-koers afgeneem as gevolg van 'n dalende geboortesifer.

Verstedeliking wat by Westerse volkere 'n dalende geboortesifer tot gevolg gehad het, het geen neerdrukkende uitwerking op vrugbaarheid by die Kleurling gehad nie. Nog 'n faktor wat die Kleurlinggeboortesifer beïnvloed, is buite-egtelike geboortes - 142.5 buite-egtelike geboortes vir elke 1,000 vroue tussen die ouderdomme 15 tot 49 jaar.

Wat die sterftesifer betref, is dié van die Kleurlinge relatief hoog. Die sterftesifer is egter aan die daal. Maar die kindersterftesifer van die Kleurlinge bly hoog - byna viermaal dié van die Dlanke.

Met die uitsondering van die Maleiers wat die Mohamedaanse geloof aanhang, is die Kleurling se huweliks- en gesinslewe op Christelik-Westerse beginsels gebaseer. Die huweliksifer by die Kleurling is egter laer as by die Dlanke. Die amptelike egskeidingsifer van die Kleurlinge wat laer as dié van die Dlanke is, weerspieël nie die de facto toestand nie omdat gebroke huwelike by die Kleurlinge nie noodwendig amptelik geregistreer word nie.

Dykans 70% van die Kleurlingbevolking is in stede woonagtig.

Ten opsigte van die arbeidsindeling van die Kleurlinge was die 1970 sensusgewens tydens dié skryf van hierdie verhandeling nog nie beskikbaar nie en die ondersoeker moes hom noodwendig op die 1960 gewens verlaat.

Rasseklassifikasie in Suid-Afrika gaan met moeilike probleme en komplikasies gepaard. Ons rasse-wetgewing in verband met klassifikasie is geheel-en-al statutêr van aard. Definiëring van rasse-groepe het hoofsaaklik geskied by wyse van uitsluiting as lid van die ander 3 hoofrassegroepe. Die Wet op Bevolkingsregistrasie, 1950 (Wet Nr. 30 van 1950) soos gewysig, handel oor rasseklassifikasie en die volgende groepe word beskou as behorende tot die Kleurlingbevolking:

1. die Kaapse Kleurlinggroep,
2. die Maleise groep,
3. die Griekwagroup,
4. die Sjiniese groep,
5. die Indiërgroep,
6. ander Asiatiese groepe,
7. ander Kleurling-groepe.

Die Suid-Afrikaanse Kleurlingbeleid en wetgewing om dié beleid te implementeer, kan kortliks soos volg saamgevat word: parallelle ontwikkeling met geen tuislande vir die Kleurlinge nie. Stedelike Kleurlinggebiede moet so gou moontlik ontwikkel word tot selfonderhoudende gemeenskappe onder eie plaaslike Kleurlingbestuur, uitsluitlik beheer en gekies deur Kleurlinge. 'n Verteenwoordigende Kleurlingraad vorm die sentrale wetgewende liggaam van die Kleurlinge. Die wetgewende funksie van die Raad is egter onderhewig aan goedkeuring van die Staatspresident. Ook tree die Verteenwoordigende Kleurlingraad in 'n adviserende hoedanigheid op teenoor die Blanke regering. Verder beskik die Raad oor 'n Uitvoerende Bestuur van 5 lede.

In hoofstuk III is die kenmerke van die steekproef aangebied. Die ontstaan en ontwikkeling van Eersterust is nagegaan. Eersterust is in 1958 as Kleurlinggebied verklaar. Hierdie deel van die plaas Derdepoort Nr. 469 was eers hoofsaaklik deur Dantoës bewoon. Die bewoners bestuur Eersterust deur middel van 'n eie Raadplegende Komitee wat op 25 September 1963 in die lewe geroep is.

/Ten opsigte.....

Ten opsigte van die familie-agtergrond van die Kleurlinge blyk dit dat bykans 78% van die Kleurlinge se vaders en 84% van die moeders uit die Kaapse Kleurlinggroep kom. Dit blyk dat 47% van genoemde vaders en 60% van genoemde moeders in die Transvaal gebore is. Ongeveer 50% van die Kleurlinge het geen familie in die Kaap nie. Verder is bevestig dat die Kleurling hoofsaaklik 'n verstedelike bevolkingsgroep is. Die meeste inwoners van Eersterust was op die tydstip van die ondersoek nog nie 6 jaar in Eersterust woonagtig nie. Ongeveer 80% van die Kleurlinge het nog nooit in die Kaap gewoon nie.

Die gemiddelde ouderdomsgroep vir Eersterustse Kleurlinge is 39.2 jaar. Wat opvoedkundige kwalifikasies betref, blyk dit dat slegs 5.7% oor Matriek en/of 'n hoër kwalifikasie beskik.

'n Analise van die beroepsverspreiding van die Kleurlinge van Eersterust toon dat die grootste groep (31%) huisvroue is. Hierna volg die arbeiders met 18%. Aansluitend hierby toon 'n ontleding van die maandelikse inkomsteverspreiding van Eersterustse Kleurlinge dat die huisvrouens met "geen inkomste" die grootste enkele groep vorm, naamlik 26%. Die gemiddelde inkomste per maand van die ekonomies-aktiewe Kleurlinge in Eersterust is R51. Dit is ongeveer R20 onder die broodlyn! Indien ons aanvaar dat ten minste R70 per maand benodig sou word om in die noodsaaklikste lewensmiddele vir 'n gesin te voorsien, beteken dit dat bykans 60% van Eersterustse Kleurlinge onder die broodlyn verkeer! (Vergelyk Tabel 19).

Die Kleurlinge van Eersterust is 'n "veel-gelowige" gemeenskap met 18 Kerkgenootskappe. Die Rooms-Katolieke Kerk groei baie sterk in getalle terwyl die Protestantse Kerkgenootskappe se lidmaatskapsyfer in Eersterust aan die daal is. Soos reeds gestel in hoofstuk III kan dit toegeskryf word aan die toegespitste aandag wat die Katolieke Kerkgenootskap in die jongste tyd op die Afrikaanssprekende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika vestig.

/Volgens die

Volgens die gegewe. in hoofstuk IV blyk dit dat die Kleurlinge die Maleier en Griekwa - maar veral die Maleier - baie sterk verwerp. Selfs die saamwoning van die onderskeie drie groepe, naamlik Kaapse Kleurlinge, Griekwas en Maleiers, veroorsaak ontevredenheid. Verder bly die Kleurlinge deeglik bewus van die onderlinge groepsverskille.

Ongeveer 56% van die Kleurlinge verwerp die Maleier op grond van sy Mohammedaanse geloof. Die Kleurlinge sou aparte woongebiede vir die drie groepe verkies. 'n Groot getal Kleurlinge verwerp die Griekwa en Maleier as huweliksmaats. Omtrent 75% van die Kleurlinge beskou hulself as deel van die Kaapse Kleurlinggroep.

Daar is tot die slotsom geraak dat die Kleurlinge nie per definisie of in sosiologiese sin 'n volk vorm nie. Die nodige samehorigheidsgevoel ontbreek nog in 'n ooreweldigende mate. Ten spyte hiervan egter, is daar 86% van die Kleurlinge wat hulself as 'n volk beskou.

Op party-politieke vlak het die Kleurlingmassa 'n nog braak gelê - 99% was ± 4 maande voor die verkiesing nog nooit lid van enige politieke party nie.

In hoofstuk V is die reaksie van Eersterustse Kleurlinge weergegee ten opsigte van ondertrouery tussen Kleurlinge en Bantoe. Die Kleurlinge verlang wetgewing om sodanige huweliksverbintenisse tussen Kleurling en Bantoe sowel as Kleurling en Indiër te verbied. Die Kleurling voel ongelukkig oor die insluiting van die Maleier behorende tot die Kleurlingbevolkingsgroep.

Wat die politieke moontlikhede betref, word die status quo asook integrasie deur die Eersteruste Kleurlinge verwerp. Die Kleurlinge (70%) verlang afsonderlike ontwikkeling met tuislande. Ongeveer een-derde van die 70% tuislandvoorstanders begeer uitsluiting van die Griekwas en Maleiers in die Kleurling "vaderland." Verder wil die Kleurlinge as Kaapse Kleurlinge bekend staan.

/6.2 GEVOLGTREKKINGS.....

6.2 GEVOLGTREKKINGS

Intien in mens in blik werp op al die gegewens wat ingewin is in die onderhawige ondersoek na die toestande van die inwoners van Eersterust en hulle siening van die sosio-politieke toekoms van die Kleurlinge in Suid-Afrika, word jy onmiddellik getref deur die enorme taak van sosio-ekonomiese opheffing wat daar ten opsigte van die Kleurling, onder meer deur die Kleurling self, vermag moet word. Feit is dat dit relatief makliker gaan wees om 'n agterstand in hierdie proses van opheffing nou uit te wis (terwyl die huidige Kleurlingbevolking slegs 2,000,000 beloop) as wanneer die beraamde 4,000,000 Kleurlinge oor 30 jaar om hulp roep - of eise stel!

Vir die Blanke in Suid-Afrika gaan dit om selfbehoud. Die Blanke se hele politieke benadering is hierop gebaseer. Sy hele lewensbeskouing en daaglikse lewenspatroon is hieraan gekoppel. Soos reeds vroeër in Hoofstuk V gestel: die maatskaplike en politieke lewensterreine is by 'n volk onderskeibaar maar nie skeibaar nie. Daarom dat die politieke benadering van selfbehoud by die Blanke voortgevloei het uit sy tradisionele Christelik-maatskaplike beskouing van die Blank-nie-Blank-verhouding in Suid-Afrika. Hierdie Christelike beskouing het die Blanke deeglik verskans in statutêre maatreëls. Ongeveer 300 jaar lank was die verhouding van Blank-nie-Blank in Suid-Afrika dié van "heer teenoor kneg" totdat die Swartman "ontwaak" het en 'n menswaardige bestaan in die wêreldsamelewing deur die V.V.O. toegesê is. Dyna onmiddellik is die soeklig op Suid-Afrika gerig en meer as 'n dekade hierna begin die probleemverhouding tussen Blank en nie-Blank in Suid-Afrika die hele sosio-politieke terrein oorheers. Volkereverhoudings in Suid-Afrika het van kardinale belang geword en intensiewe aandag vereis. Tot voor hierdie stadium was die Blanke in Suid-Afrika se siening van politieke, maatskaplike en ekonomiese sake hoofsaaklik Blank-gerig. In die implementering van selfbeskerminingsmaatreëls het die Blanke sekere minderheidsgroepe verwaarloos. Een van hierdie minderheidsgroepe is die Kleurlinge van Suid-Afrika.

/Tans verkeer.....

Tans verkeer die Blanke in Suid-Afrika in 'n mate onder druk van buite (direk en indirek) in verskeie sferes - in die jongste tyd veral op sportgebied - om sy sosio-politieke beleid ten opsigte van die nie-Blanke bevolkingsgroepe in Suid-Afrika te wysig. Ekonomiese faktore dra ook grootliks daartoe by dat die Blanke sekere basiese veronderstellings weer in oënskou neem en aanpassings teweegbring.

Dit word aanvaar dat 'n gemeenskap of volk se norme en waardes normaalweg 'n behoudende element inhou, maar ondersoekers meen dat sodanige waardes nie staties bly nie. Die behoeftes en eise van veranderende tye dwing 'n dinamiese aanpassing af. Dit het die geskiedenis ons geleer. As gevolg van politiek-ekonomiese druk van buite en politiek-maatskaplike woelinge binne Suid-Afrika, moet aanpassings gemaak word ten opsigte van die tradisionele maatskaplik-politieke benadering van volkeroverhoudings in Suid-Afrika. Te midde van hierdie intense polemieke, argumente en akademiese skermutselings oor die amptelike beleid ten opsigte van die verskillende rasses in Suid-Afrika, en selfs toepassing van hierdie beleid, het twee groepe onder die Blankes uitgekristalliseer, naamlik die sogenaamde populêr-genoemde "verkramptes" en "verligtes." Eersgenoemde (verkramptes) sou dan die ou tradisionele benadering van "hou die kaffer op sy plek" verteenwoordig, terwyl laasgenoemde (verligtes) 'n "meer menslike" benadering tot die nie-Blanke sou bepleit.

Die Blanke in Suid-Afrika bevind hom in 'n sosio-ekonomiese klimaat wat meedoënlose eise stel ten opsigte van aanpassings in sy volkeroverhoudings indien vrede en stabiliteit binne die samelewing gehandhaaf wil word. Basiese en tradisionele veronderstellings word nou bevraagteken en oor besin. Diskriminasie ten opsigte van ekonomiese en politieke beregtiging kan nie meer suiwer op grond van kleur geregverdig word nie. Kleur kan om politieke en etnosentriese redes grond wees vir gedifferensieerde beregtiging, maar dit is geen prinsipiële grond nie.

6.2.1 Die Blankes se politieke benadering ten opsigte van die Kleurling.

Vir die Dantoe-volkere wat hulle in Suid-Afrika bevind maak die amptelike landsbeleid van afsonderlike

voorsiening vir die skapping, ontwikkeling en uiteindelijke ontvoogding van Dantoë-tuislande tot absolute soewereine nasie-state. Op grond van voorgenoemde beleid kan die Blanke die grootste bevolkingsgroep, die ± 15,000,000 Dantoës, om politieke en volkekundige redes skei. Die ander bevolkingsgroepe, naamlik die Kleurlinge en Asiëte, plaas die Blanke in Suid-Afrika egter in 'n dilemma. Wat die Indiër aanbetref, het die huidige Regering reeds te kenne gegee dat hulle permanente deel van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak. Laasgenoemde stelling is enkele jare gelede gemaak deur 'n destydse Minister van Indiërsake, mnr. Willie Maree.

Maar wat visualiseer die Blanke vir die Kleurlinge van Suid-Afrika? Die Kleurling het nie 'n tradisionele tuisland nie. As ons die Kleurling op sosie-kulturele vlak benader, tree die volgende kenmerke van die Kleurling baie duidelik na vore:

1. Histories, kultureel, ekonomies en prakties was die Kleurling nog altyd ten nouste verbonde aan die Blanke samelewing.
2. Die Kleurlingbevolking is 'n duidelik Christelik-Westerse groep. Meer as 80% van die Kleurlinge het Afrikaans as huistaal. Die grootste kerkgenootskappe onder die Kleurlinge is die NG-Sendingkerk, Anglikane, Kongregasionale en die Metodiste.
3. Die kultuur van die Kleurling en die Blanke is oor die algemeen identies. As ons op die Kleurlinge se gesinslewe, klassebewustheid, godsdiens-beoefening, sport en ontspanning en veral sy bydrae tot die kuns en kultuur van Suid-Afrika sou let, kom ons tot die gevolgtrekking dat indien die kultuur van die Kleurling "anders" as dié van die Blanke is, dit 'n "andersheid" is wat spruit uit agterlikheid, armoede en onderontwikkeltheid, dit wil sê 'n armoede-kultuur.

/4. Met 'n

4. Met 'n gemiddelde gesinsinkomste in die Metropolitaanse gebiede van R782 per jaar (teenoor R3424 vir Blank); 'n geboortesifer van 42,2 (Blank 22.4); gemiddeld ongeveer 6 persone per gesin, en 'n kindersterfte van 136,8 (Blank 24.1) vorm die Kleurlingbevolking die minderbevoorregte, en die laer stand in die Suid-Afrikaanse nie-Dantoe samelewing. In talle opsigte is die Kleurling vergelykbaar met die laer stand en werkersklasse van veral die Suid-Europese lande.

5. Die Kleurlingbevolking vorm op sosiaal-sielkundige vlak 'n marginale groep met die tipiese sosio-ekonomiese kenmerke van marginaliteit.

6. Die probleme van die Kleurlingbevolking naamlik armoede, behuising, drankmisbruik, misdaad en 'n bevolkingsontploffing, is almal saam in een kringloop verstrengel. Hierteenoor het ons 'n snel groeiende Kleurling-élite en middelklas in ons stede en dorpe wat nóg materieel nóg kultureel van die Blanke te onderskei is.

Die Blanke staan nou voor die feit dat ou, tradisionele gedagtebeelde oor die Kleurling skeef, onvolledig en uitgedien geraak het en dat die samelewing in hul benadering van die Kleurling besig is om te verander. Dit sou egter onrealisties wees om te verwag dat rasseverhoudings wat oor geslagte heen vasgelê is sonder doelbewuste opvoeding en voorligting sal verander. Dan moet ook onthou word dat bepaalde wette en maatreëls in Suid-Afrika juis sekere houdings bestendig. Die ontugwet is maar een voorbeeld hiervan. Hierteenoor, egter, het daar al in die twintigerjare stemme opgegaan vir 'n verskillende behandeling van die Kleurling op politieke gebied as wat vir die Dantoe beplan is. Reeds in 1928 beweer generaal Hertzog in die Volksraad:¹⁾

"... tegelykertyd het ek nog altyd verklaar dat wat die Kleurling in Suid-Afrika betref, dit ons plig is om hulle politiek op dieselfde basis te stel as waarop ons staan ..."

/"... Ek sê.....

1) Hansard, Kol. 1891 en 1892.

"... Ek sê wat ek altyd gesê het dat ons politiek die Kleurling op dieselfde basis as die Dlanke moet stel."

In 1930 stel generaal Hertzog dit weer so:²⁾

"Omtrent die Kleurling en die Kleurlingvrou het ek nog altyd daarop gewys, dat, wat die Kleurling aanbetref, het ons geen reg om die Kleurling van ons op politieke, ekonomiese en industriële gebied te verwyder nie. Die mense het uit ons midde ontstaan ... Hulle staan totaal verwyder van die naturelle. Hulle word opgevoed van die eerste dag af volgens die sedelike gebruike en instellinge en volgens die beginsels van die Europeane. Hulle groei op in die Christelike godsdiens en hulle woon saam met ons. Hulle het die reg, alhoewel op maatskaplike gebied afgesonder, om van ons te vra dat hulle op ekonomiese, industriële en politieke gebied by ons gereken sal wees ..."

In 1931 terwyl Dr Malan die wetgewing op stemreg vir Dlanke volwassenes geloods het, het hy (Dr Malan) weer eens die essensiële verskil in beleid tussen die Kleurlinge en die Dantoe (destyds Naturelle) verduidelik:³⁾

"As far back as 1913, when it became clear to the country as a whole that the Native problem must be solved, our policy commenced to be clear ... when we decided that in connection with the Native franchise we had to take action, the question immediately arose: what about the Coloured people? ... We saw that a distinction must be made. The Natives can be dealt with on the segregation principle, but the position of the Coloured people is different."

"Mr. Hofmeyer: 'Must they be treated like the European?'"

"The Minister of the Interior: 'Yes, the same political rights that we give to the Europeans must in principle also be given to them.'"

Uit bogenoemde kan ons dus aflei dat die gedagte grondliggend aan 'n "anderse" benadering ten opsigte van die Kleurling se politieke regte in Suid-Afrika, nie nuut is nie.

/Waarop was.....

2) Ibid, Kol. 1733 - 4.

3) Hansard, Kol. 986/1931.

Waarop was hierdie benadering dat die Kleurling dieselfde politieke regte as die Blanke moet ontvang, gebaseer? Dikwylbaar op die algemene beskawingspeil van die Kleurling, asook die veronderstelling dat die Kleurling hom aan die sy van die Blanke sou skaar in geval van enige konfrontasie tussen Blank en Bantoe in Suid-Afrika. Dr Malan stel dit in 1923 so:⁴⁾

"... Segregation of the Coloureds is not only impossible but also unnecessary. With the degree of civilization they have already acquired, they are no danger to the European."

"... But in view of the fact that they have adopted the civilization and speak the language of the European, and have a similar interest in protecting themselves against the Natives, the Coloureds can, ... will, become the pivot of the defence of the European and his civilization."

Soort bogenoemde stellings gemaak is, het regering gekom en gegaan, 'n wêreldoorlog van ses jaar het gewoed en geëindig met al sy verreikende gevolge. Die rassevraagstuk in die Suid-Afrikaanse politiek, en meer spesifiek die Bantoe-probleem, moes opgelos word. In dié tydperk is die Kleurlinge as bevolkingsgroep polities verwaarloos en die ondersoeker meen dat slegs die afgelope tien jaar kan getuig van daadwerklike, positiewe optrede om die Kleurling se sosio-ekonomiese nood te verlig. Intussen is rondgetas na 'n vaste Kleurlingbeleid binne die raamwerk van afsonderlike ontwikkeling. Weer, soos in 1913, word gevra: wat van die Kleurlingbevolking? Die Eerste Minister antwoord met sy verklaring dat die gedagte van 'n tuisland vir die Kleurling nie "praktiese politiek" is nie en dat hy nie "die einde van die pad vir die Kleurling sien nie."⁵⁾ Die nageslag sal dié notelike vraagstuk moet oplos. Die politieke, akademiese en algemene debattering wat hierop losgobars het, is algemeen bekend. Die begrip parallele ontwikkeling ten opsigte van die Kleurlinge is gebore.

/6.2,2, Parallele.....

4) The Cape Coloured Vote, p. 42 (Soos aangehaal uit "Die Groot Vlug").

5) Volksraaddebat, 23/4/71, Hansard, Kol. 5169.

6.2.2. Parallele Ontwikkeling

Die ondersoeker beoog nie om hier weer eens die hele Kleurlingbeleid van die Regering te herhaal nie, (hiervoor word die leser verwys na Hoofstuk II), maar wel die komplikasies asook politieke moontlikhede wat daar vir die Kleurlinge in Suid-Afrika binne die raamwerk van parallelle ontwikkeling bestaan, kortliks in perspektief te plaas teenoor ander staatkundige ontwikkelings wat uiteindelik selfs deur evolusionêre prosesse, vir die Kleurlinge in Suid-Afrika mag realiseer.

In terme van die Regering se beleid van parallelle ontwikkeling word die Kleurlinge beskou as 'n "Nasie-in-wording." Onmiddellik bring hierdie begrip 'n paar lastige implikasies mee. 'n "Nasie-in-wording" veronderstel immers dat sodanige "nasie" of "aparte volk" homself eindelik in 'n posisie van volle nasieskap sal bevind. En dit binne die staatsgrense van Blank Suid-Afrika? 'n Staat-binne-'n-staat? Volle nasieskap veronderstel 'n outonome, politiek-volwasse nasie met 'n mag en gesag wat sowel staatkundig as geografies bepaal is en as sodanig erkenning in die groter internasionale gemeenskap van nasie-state sal geniet. Nie slegs beskik elke soewereine nasie oor sy eie geo-politiese afgebakende gebied nie maar hy regeer as opperste soewereine gesag binne sy eie staatkundige grense. Soos reeds gestel: die Bantoevolkere sal tot volle politieke wasdom in hul onderskeie tuislande kan ontwikkel met absolute seggenskap en alleenreg ten opsigte van die administrasie en regering van hul onderskeie vaderlande. Kan ons die Kleurlinge tot soortgelyke nasieskap lei sonder 'n geo-politiese afgebakende staat?, met ander woorde, 'n nasieskap wat enigszins minderwaardig staan teenoor die Bantoevolkere in Suid-Afrika, wat bykans op alle terreine op 'n laer ontwikkelingspeil as die Kleurlinge verkeer?

Juis hier lê die dilemma van die huidige Regering se benadering tot die Kleurlinge. Sonder territoriale skeiding impliseer parallelle ontwikkeling 'n samelewing met 'n kastestelsel wat op kleurverskille gebaseer is. Die kaste-sisteem het nog altyd beteken dat daar horisontaal

tussen groepe mense gedifferensieer word met die hoogste en magtigste kaste as dié groep bo-aan die piramide. Met die beleid van parallelle ontwikkeling, egter, word 'n vertikale verdeling van die betrokke groepe beoog. Dit wil sê twee volwaardige nasies moet naas mekaar binne een staat gelyke politieke beregtiging geniet. Daar bestaan geen historiese presedent van sodanige vertikale groepering in die mens se ontwikkeling nie. Met ander woorde, twee groepe word statutêr gedwing om langs mekaar, met voortdurende kontak maar hoogenaamd nie deurmekaar nie, verder te ontwikkel. Gegaard hiermee word 'n sterk nasionale bewussyn by beide groepe gekweek en aangewakker sonder dat één groep - die Kleurlinge - tot volle nasieskap kan ontplooi. "It could but end in revolt and the succession of one minority rule by another."⁶⁾

Soos te wagte, moes die kwessie van 'n tuisland vir die Kleurlinge vroeër of later ter sprake kom, ten spyte daarvan dat die Eerste Minister dit onomwonde gestel het dat "n tuisland vir die Kleurlinge nie praktiese politiek is nie." Word die werklike geo-politieke, ekonomiese en demografiese implikasies deur die voorstanders van sodanige tuisland of 'n spesiaal afgebakende staatkundige gebied vir die Kleurlinge, duidelik onder oë gesien? Sou hierdie tuisland vir die Kleurlinge sosio-ekonomies lewensvatbaar wees? Hoeveel "lebensraum" sou so 'n tuisland vir die Kleurlinge laat vir verdere ontwikkeling wanneer daar reeds aan die einde van hierdie eeu na raming ongeveer vier-en-'n-half miljoen Kleurlinge sal wees? Waar moet sodanige tuisland vir die Kleurlinge geleë wees? Vir alle praktiese doeleindes moet die reaksie van die Eersterustse Kleurlinge op hierdie vraag, naamlik dat hulle 'n tuisland in Transvaal begeer, geïgnoreer word om redes soos reeds in Hoofstuk V verstrekk. Die logiese histories-tradisionele gebied sou die Westelike Kaapprovinsie wees. Bykans 50% van die totale Kleurlingbevolking van Suid-Afrika is in dié gebied woonagtig. Sou die Wes-Kaap as tuisland vir die Kleurling vir die politiek dominante Blanke groep aanvaarbaar wees? Selfs al sou die verhuising van die ander 50% van die Kleurlingbevolking na die Wes-Kaap prakties uitvoerbaar wees?

/Indien ons

6) Cilliers, S.P.: Appeal to Reason, p. 8.

Indien ons aanvaar dat die Kleurling 'n "nasie-in-
wording" is, wanneer sal die Kleurling polities ten volle
ge-emansipeerd wees? Hierdie politieke hoogtepunt in 'n nasie
se ontwikkeling sal in die geval van die Kleurlinge sekerlik
nie op 'n later datum bereik kan word as wanneer die Xhosas
van die Transkei onafhanklikheid bekom nie. Watter morele
regverdiging het die Blanke in Suid-Afrika om dit wat hy
die Bantoe aanbied, 'n meer ontwikkelde en gesofistikeerde
groep soos die Kleurlinge, te ontsê? Ons kan nie aan die
Kleurling nasieskap toedig en voorhou, terwyl ons terselfder-
tyd 'n plafon oor sy politieke ontwikkeling plaas nie. Om
dus enigszins 'n gevoel van nasionalisme by die Kleurlinge
wakker te maak sonder dat 'n nasionale tuisland gevisuali-
seer word, kan slegs lei tot 'n groter dilemma as die huidige
waarin Suid-Afrika verkeer. Met ander woorde valse hoop
word in die Kleurling se gemoed geskep en Blank Suid-Afrika
kan nie bekostig om - veral in die huidige internasionale
politieke klimaat - sy politieke integriteit onder ver-
denking te plaas nie. 'n Openhartige maar rasonale en
realistiese benadering is noodsaaklik.

In die jongste tyd is daar vanuit alle hoeke en oorde
oor Afrika politieke voelers na Suid-Afrika uitgesteek en 'n
sterk saak is uitgemaak vir "kontak" en "dialoog" as die al-
ternatief van geweldpleging. Blank Suid-Afrika asook die
verskeie "Bantoelestans" wat oor onafhanklikheid beskik, kan
ander Afrika-leiers van Swart State in die noorde "kontak"
asook met laasgenoemde "dialoog" voer. Bestaan genoemde
twee begrippe in die politieke visie van die Kleurling?
Meer nog, binne die raamwerk van parallelle ontwikkeling:
mag die Kleurling as nasie dialoog voer met al die nood-
wendige konsekwensies wat daaruit mag voortvloei? Laat
ons die antwoorde op bogenoemde vrae meet aan die institu-
sionele struktuur wat daar op nasionale grondslag vir die
Kleurling gestel is in die huidige politieke bedeling; naam-
lik parallelle ontwikkeling:

1. Die Verteenwoordigende Kleurlingraad. Sy
jurisdiksie strek tans oor twee miljoen Kleur-
linge in Suid-Afrika, maar alle wetgewing van
/die Raad

die Raad is onderhewig aan goedkeuring van die Minister van Kleurlingsake en die Sentrale Parlement. Slegs wetgewing oor finansies, plaaslike regering, onderwys en gemeenskapsontwikkeling met betrekking tot Kleurlinge, mag ingedien word. 'n Skakelingstelsel wat bestaan uit die Uitvoerende Bestuur (aangestel deur die Staatspresident) en die Sentrale Regering is in werking gestel om die nodige liaison tussen die twee parlemente te verseker.

2. Die Kleurling-ontwikkelingskorporasie wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die vestiging, uitbreiding en bestendiging van Kleurling ondernemings in die ekonomie. "Die eerste stelling wat gemaak moet word, is dat die Staat vir 1969/70 'n bedrag van R63½ miljoen uit inkomsterekening (sonder die koste van behuising) daaraan bestee om die Kleurlingbevolking op te hef."⁷⁾ Geweldige bedrae word reeds op alle aspekte van die ekonomiese gebied op die Kleurling spandeer. "Met 'n geprojekteerde bevolking van 4 miljoen Kleurlinge in die jaar 2000, ... beteken dit dat daar oor 'n tydperk van 30 jaar ekonomiese uitbreiding in die Westelike Kaap bewerkstellig sal moet word om vir 'n addisionele werkerskorps van minstens 452,000 Kleurlinge werk te verskaf, dit wil sê ongeveer 5 persent per jaar meer as in 1960."⁸⁾

3. Onderwys: die Universiteit van Wes-Kaapland en 'n legio laer- en hoërskole word gestig - gefinansier egter uit bogenoemde R63½ miljoen uit inkomsterekening. Die huidige gemiddelde opvoedingspeil van die Kleurling is betreurenswaardig indien dit vergelyk word met dié van die Blankes. Volgens die 1960 sensus (die besonderhede vir die 1970 sensus was ten tye van die skryf van dié verhandeling ongelukkig nog nie beskikbaar nie) was die onderwyspeil van Blank en Kleurling in die ouderdomsgroep 15 tot en met

/34 jaar

7) Volkshandel, Gedenkalbum, Verslag van Hoofbestuurder van Kleurling-ontwikkelingskorporasie, April 1970, p. 230.

8) Ibid.

34 jaar (wat die gunstigste groep vir die Kleurling in dié opsig uitmaak) soos volg:

Blankes 917,974, onbeswaarde gemiddelde St. 8.
Kleurlinge 481,848, onbeswaarde gemiddelde St. 3½.

Vir die Blankes was die grootste aantal kinders 344,516 met standaard 8 of 9. Vir die Kleurlinge was die grootste aantal kinders 101,505 met slegs standaard 3 of 4. "As ons dus die Blankes se gemiddelde skoolprestasie van 1960, naamlik St. 8 as basis stel, en daarna gekyk word dat die Kleurlinge se gemiddelde effens minder as halfpad lê, daar nog 'n groot ruimte vir verbetering is."⁹⁾ Hierbenewens moet ook in die gedagte gehou word dat daar nog slegs 'n baie beperkte skoolplig op die Kleurling rus.

Op bogenoemde terreine word daar amptelik deur die Blanke regering bystand aan die Kleurling verleen in 'n poging om homself sosio-ekonomies op te hef. Ondersoeker meen dat die sosio-ekonomiese opheffing dié onmiddellike en belangrikste taak ten opsigte van die Kleurling is. Die Kleurling se sosio-ekonomiese vlak bepaal in 'n baie groot mate sy politieke status en bedingingsvermoë en dit kán wees dat die Blanke die huidige politieke roëling met die Kleurling wil handhaaf tot dat die Kleurling sy sosio-ekonomiese peil verhoog het en sodanige bedingingsposisie ingeneem het dat verdere politieke aanpassings moet, en gemaak kan word.

Dat die huidige politieke opset ten opsigte van die Kleurling binne die raamwerk van parallelle ontwikkeling beslis swakhede toon, is baie duidelik. Die belangrikste is, soos reeds gestel, die feit dat die Verteenwoordigende Kleurlingraad potensieel oor geen outonome of soewereine mag beskik nie omdat hy aan die Blanke parlement ondergeskik is. Dit wil sê die Verteenwoordigende Kleurlingraad het geen seggenskap ten opsigte van politieke beslissings nie. "What has been attained under this system has not

/progressed beyond.....

9) Ibid, p. 230.

progressed beyond the level of local residential separation, social separation, and limited administrative separation, with regard to a few fields of life."¹⁰⁾

'n Ander politieke moontlikheid vir die Kleurlinge lê op die vlak van nouer assosiasie.

6.2.3 Politieke Integrasie

As ons al die faktore en omstandighede wat die hele Kleurlingvraagstuk omring van nader beskou, ontloed, en ons plaas dit teen die agtergrond van 'n vinnig veranderende wêreld, is die logiese gevolgtrekking dat die Kleurlinge in Suid-Afrika vir baie jare as 'n minderheidsgroep in Suid-Afrika sal voortbestaan. Maar namate die Kleurling 'n hoër sosio-ekonomiese vlak bereik, sal 'n besliste neiging tot uiteindelijke politieke samevloeiing, ontwikkel. Die ondersoeker het dit reeds in 'n vorige paragraaf gestel dat die huidige moontlik slegs 'n interim reëling kan blyk te wees om die Kleurling op 'n hoër sosio-ekonomiese peil te bring voordat verdere onderhandelinge aangegaan en politieke aanpassings gemaak sal word met 'n ontwikkelde Kleurlingvolk. Waarskynlik sou bogenoemde politieke samevloeiing op 'n selektiewe basis geskied.

Ongelukkig, as die woorde politieke integrasie gebesig word, word allerhande konnotasies daaraan geheg en genoemde begrip word verwar met sosiale en biologiese assimilasie. Hiervoor is die Verslag van die Tomlinsonkommissie in geen geringe mate nie ook verantwoordelik. Dat politieke integrasie noodwendig tot sosiale en biologiese fusie moet lei, is 'n verkeerde afleiding. Die geskiedenis het ons geleer dat meer as 'n groep in dieselfde staat met gelyke politieke regte tog hul eie identiteit bly behou. Weliswaar sal die kleur-determinant volgens die heersende opvattinge van die samelewing 'n rol speel, maar die Kleurlinge het byvoorbeeld nogtans hul identiteit behou ten spyte van die feit dat hulle in die 19de eeu onder Britse bewind gelyke stemreg geniet het. Die Kleurlinge het ook verteenwoordiging in die Blanke parlement gehad tot die aanvaarding van die omstrede wetgewing

/in 1956.....

10) Cilliers, S.P.: op.cit., p. iv.

in 1956 waarvolgens die Kleurlingkiesers van die Algemene Kiesersrol verwyder is en op 'n aparte kiesersrol geplaas is.

Om die by-botekenis en assosiasies van politieke integrasie uit te skakel, word die term "volle burgerskap" aan die begrip gekoppel deur diegene wat politieke integrasie voorstaan. Met ander woorde, Kleurlinge moet hul eie mense in die huidige Blanke Parlement verteenwoordig, en ten minste seggenskap hê in die bepaling van die bestemming van die Kleurlingbevolking. Met sodanige aandeel in die lotsbepaling van die Kleurlinge sal laasgenoemde ook die kompleks dat hulle slegs die posisie van 'n "tweedeklas burger" in die land beklee, van hulle afskud.

6.2.4 Is daar ander politieke moontlikhede?

Die basiese probleem van volkereverhoudinge in Suid-Afrika is politiek van aard want "... the state as the modern incumbent of power, has to exercise its power without it being legitimized in terms of a common value system shared by the majority of its citizens as members of the same society."¹¹⁾

Bogenoemde stelling deur prof S.P. Cilliers bring ons tot die konklusie dat die Blanke elite, wat numeries 'n minderheidsgroep is, sy mag op die ander bevolkingsgroepe afdwing - 'n reeds algemeen bekende sosiologiese verskynsel by 'n veelvolkige samelewing binne een staatkundige gebied. Die vraag ontstaan egter hoe lank die minderheidsgroepe dié staatkundige onderwerping gaan duld voordat wrywing, ontevredenheid en 'n algehele kollektiewe misnoeë tot rewolusionêre aktiwiteite en openlike uitbarsting oorgaan. Die ondersoeker meen dat die huidige toegewings slegs tydelike verligting bring. Dit is immers 'n beginsel in die demokrasie dat 'n volk seggenskap moet hê in sy eie regering. Volgens prof Cilliers is daar twee moontlike rigtings om hierdie dilemma te oorbrug: die eerste rigting behels afsonderlike nasie-state "... namely that of evolving different societies and therefore different nation-states each accommodating those in the population who share a common value system and who

/can be

11) Cilliers, S.P.: op. cit., p. 3.

can be accommodated culturally, socially, economically and politically within the structure of such nation-states."¹²⁾ Die ondersoeker het hierdie moontlike rigting reeds bespreek in Hoofstuk 6.2.2 (Parallele ontwikkeling). Die probleem lê basies daarin dat sodanige nasie-staat oor 'n eie geografies-afgebakende gebied moet beskik om staatkundige soewereiniteit te kan verseker.

'n Tweede rigting stel prof Cilliers soos volg: "... that of moulding the various elements of the population into a common society which can find its political expression in a true nation-state, or that of evolving different societies and therefore different nation-states each accommodating those in the population who share a common value system and who can be accommodated culturally, socially, economically and politically within the structure of a particular nation-state."¹³⁾

Bogenoemde "oplossing" sou egter nie sonder probleme en selfs rewolusionêre prosesse en 'n algehele verbrokkeling van die huidige formele organisasie en struktuur van gesag orde en stabiliteit gepaard gaan nie. Dit sou beteken dat die Blankes hul politieke mag met ander groepe sal moet deel. Aanvanklik sal dit die vorm aanneem van 'n reeks toegewings wat dan sal lei tot die uiteindelijke gelyke politieke mag en 'n aandeel in die neem van staatkundige besluite vir elkeen van die Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe. Hierdie demokratiese beginsel sou egter nie sonder meer toegepas kon word sonder die nodige sosiale, kulturele en ekonomiese struktuurveranderinge nie. Dié vier prosesse van verandering, naamlik die politieke, sosiale, kulturele en ekonomiese, sou gelykmatig en teen dieselfde tempo moet plaasvind anders sal dit tot ploffbare strominge lei. Gedagtig aan die Blanke se vrees dat hy numeries deur die nie-Blanke groepe verswelg kan word, val dit te betwyfel of eersgenoemde enigsins bogenoemde rigting sal oorweeg. Die Blanke voel hierdie rigting beteken onherroeplike kapitulasie en alles wat eiendomlik aan die Christelik-Westerse

/beskewing is.

12) Cilliers, S.P.: op. cit., p. 6.

13) Cilliers, S.P.: op. cit., p. 3.

beskawing is. Die enigste bevolkingsgroep wat saam met die Blanke dieselfde algemene waardesisteen kan deel, is die Kleurlinge. Trouens, die onderhawige ondersoek te Eersterust het dit pertinent getoon as ons weer na die gegewens in Hoofstukke III, IV en V verwys- veral ten opsigte van taal, kultuur en algemene lewenswyse.

6.2.5 Nouer Assosiasie

Getrou aan die diep vasgelegde histories-tradisionele patroon van rasseverhoudinge in Suid-Afrika, sal enige aanpassings en veral diepgaande wysigings in die Blanke se rassebeskouinge, selfs teen 'n baie stadige tempo, nie sonder hewige teenkantiing en beswaar van veral die konserwatiewe element by die Blanke, gepaard gaan nie. Prof. dr. N.J. Rhodie¹⁴⁾ stel dit so: "Die praktiese uitvoering van ons volkerebeleid sal altyd stadiger as die vereiste tempo verloop omdat die mens basies gewoonlik geneig is om die weg van minste weerstand te kies en dus om die meeste voordele deur die minste inspanning te probeer bekom. Die teendeel is gewoonlik slegs waar in gevalle waar die mens deur omstandighede tot groot inspanning en aanpassing gedwing word."

"Indien die Blanke nasie alhier sy toekomst wil verseker, sal hy deur harde inspanning en opoffering bokant bogenaemde menslike swakheid moet kan uitstyg. Ongelukkig is daar nog te veel Blankes wat hul oë vir die wordende realiteite van vandag en môre sluit en obstinaat bly vaskleef aan die status quo bloot omdat dit 'n geprivilegeerde posisie sonder inspanning beteken. Glad te veel van ons mense het 'n arrogante gevoel van selfvoldaanheid, gevoed deur 'n totaal verwronge geloof in 'n soort tuisgemaakte uitverkiesingsleer wat met bykans narkotiese offek mense se ore sluit vir enige uitdaging wat ons rasse- en volkereproblematiek voor hul mag werp."

In die lig hiervan glo die ondersoeker dat daar eerder 'n interim politieke "reëling" getref moet word wat rekening hou met bestaande realiteite en oor genoeg buigbaarheid vir evolusie beskik sodat alle Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe tevrede gestel kan word.

/Sogenaamde.....

14) Uit referaat gelewer tydens Vroue-kongres van F.V.R.V. oor "Verantwoordelike Ouerskap", gedurende 1 - 3 April 1970.

Sogenaamde "tydelike reëling" kan dan die weg geleidelik voorberei tot 'n uiteindelijke politieke situasie waarin nie alleen elke bevolkingsgroep sy regmatige aandeel in die staatkundige gesag van die land waarin hy woon, sal hê nie, maar wat vir die Blanke as geo-polities dominante groep ook aanvaarbaar sal wees. Met bogenoemde in gedagte voel die ondersoeker dat aandag geskenk behoort te word aan die idee van 'n "supra-parlement" soos by geleentheid al deur die bekende Suid-Afrikaanse sosioloog, prof. N.J. Rhoadie, gelug. As die "langs-mekaar-ontwikkeling" van die Blankes en Kleurlinge in dieselfde staatkundige gebied vir Suid-Afrika bestem is in die huidige politieke bestel, is dit baie onwaarskynlik dat dié twee groepe van mekaar sal wegbeweeg - daar bestaan geen historiese presedent hiervoor nie.

Deur te beweer dat 'n "supra-parlement" waarin verteenwoordiging van beide die Blanke en Kleurlinge verwesenlik is, die "doodsvonnis" van die Blanke beteken, blyk nie 'n goeie teen-argument te wees wanneer ons die alternatiewe bejeën nie: 'n uiteindelijke magstryd tussen Blank en Kleurling sodra laasgenoemde hom op 'n hoër sosio-ekonomiese vlak bevind en sy bedingingsposisie sodanig verbeter het dat hy aan die Blanke politieke ultimatus begin stel. Behorende tot die breë Westerse kultuurfamilie, sal die Kleurlinge se nasionale eise en aspirasies in 'n Westerse idioom geformuleer word. Hoe gaan die Blanke sy gelyke baanargument dan regverdig? Die kernvraag bly: watter oplossing is daar wanneer die Kleurling die plafon van sy huidige politieke potensiaal bereik? 'n Vraag wat veral betekenis verkry in die lig van onlangse eise gestel deur Hoofmanne Kaiser Matanzima en Buthelezi van die Transkei en Zululand onderskeidelik. Laasgenoemde het geen "plafon" oor hul staatkundige ontwikkeling nie en kan ten volle ontwikkel tot outonome nasie-state. Die huidige politieke beleid ten opsigte van die Kleurlinge impliseer 'n vertikale kaste-sistoom wat 'n gevaarlike element inhou aangesien by die Kleurlinge 'n besliste "consciousness of kind" aangewakker en ingeskerp word. "It could but end in revolt and the succession of one minority rule by another."¹⁵⁾ Hierbenewens moet die feit in gedagte gehou word dat die

/gemiddelde aanwas.....

15) Cilliers, S.P.: op. cit., p. 8.

gemiddelde aanwas van die Kleurlinge per eenheid baie hoër is as dié vir die Blankes. (Vergelyk Hoofstuk II, Tabel 3).

Prof N.J. Rhoadie¹⁶⁾ stel die dilemma ten opsigte van die Kleurlinge in Suid-Afrika, onder andere soos volg:

"At this stage two basic realities about White-Coloured relations should be emphasised:

(a) Fully-fledged nationhood for the Coloureds, modelled on the traditional Western model and rooted geo-politically in a separate, viable fatherland, is too obviously unrealistic to merit serious consideration. This so-called alternative will become even less credible with the passage of time.

(b) Closer association in the direction of a socio-politically undifferentiated "common society" is, for as far as we can see into the future, equally unlikely, for the simple reason that the mass of the dominant (White) group conceptualise the Coloureds as a separate socio-political category and have voted the governing Party a mandate to treat them accordingly. The White voters are overwhelmingly in favour of socio-political pluralism and purely technical-scientific arguments do not and will not alter this de facto situation. And as long as the voters favour a socio-politically differentiated system of White-Coloured relations, for so long will they enforce their will through the normal party-political channels. Moreover, I am confident that no White government, in the foreseeable future, will receive a mandate from the electorate to move in the direction of a socio-politically undifferentiated "common society." This seems to me to be a hard-core reality. In terms of purely scientific criteria, the Coloureds constitute neither a separate 'volk' nor a separate 'race'. But this scientific judgement does not nullify the fact that Whites conceptualise the Coloureds as a separate socio-political category,

/and neither.....

16) "The Coloureds and the Middle Road", uit "New Nation", Aug 1971, p. 5.

and neither will this judgement persuade Whites, within the foreseeable future, to adopt a 'common society' approach."

Die ondersoeker is van mening dat, sosiologies benader en in perspektief gesien op lang termyn, 'n nouer band van samesyn tussen die Blankes en Kleurlinge onvermydelik is. 'n Legio van politieke en sosio-ekonomiese faktore asook selfs druk van buite die Suid-Afrikaanse grense, sal hiertoe aanleiding gee. Die voortdurende interaksie tussen Blank en Kleurling maak sodanige nouer assosiasie feitlik vanselfsprekend.

Die hoop dat Blank en Kleurling, ondanks hul kulturele en ekonomiese verweefdheid, binne 'n gemeenskaplike vaderland permanent op parallelle bane differensieel sal ontwikkel, is sosiologies ondenkbaar en soos reeds gesê, sonder historiese presedent. Die vraag kan ook gestel word of Bruin nasionalisme eendag sy aktiewe strewe na soewereine seggenskap en selfverwesenliking sal laat vaar, omdat parallellisme nie daarvoor voorsiening maak nie, of omdat die belange van die Blanke daardeur nie gedien word nie.

Ons moet aanvaar dat parallelle ontwikkeling 'n noodgedwonge en realistiese beleid vir die huidige is, maar die realiteite van die volgende paar dekades gaan ons "... tot nouer politieke assosiasie ... dwing."¹⁷⁾ Met ander woorde, parallelle ontwikkeling sal uiteindelik lei tot minstens 'n vorm van politieke integrasie tussen die Blanke en Kleurling. Dit moet egter nie verwar word met sosiale en biologiese integrasie nie. Laasgenoemde sal nie noodwendig op 'n nouer politieke assosiasie volg nie. Die Blanke het reeds die beginsel van 'n sosio-polities ongedifferensieerde een-maan-stem verwerp en sal beslis nie in die huidige politieke bestel die Kleurlinge op sodanige wyse akkommodeer nie. Hiervoor sal die kiesers nie binne die voorsienbare toekoms 'n mandaat aan enige Blanke Suid-Afrikaanse regering gee nie.

/ As ons

17) Rhoadie, N.J. by geleentheid van 'n toespraak - 2/9/74.

As ons dus 'n oorkoepelende "opperparlement" of "supra-parlement" voorsien, gaan dit hier om akkommodasie deur die Blanke van die Kleurlinge en Indiërs binne een gemeenskaplike vaderland. In die lig van die volgende realiteite voel die ondersoeker is bogenoemde 'n moontlikheid wat 'n element van rewolusie kan uitskakel:

- (a) 'n Eie Vaderland vir die Kleurling is onmoontlik,
- (b) die noue verweefdheid van Blank en Kleurling op velerlei terreine,
- (c) die feit dat beide groepe die een vaderland moet deel,
- (d) die hoër ontwikkelingspeil wat die Kleurlinge mettertyd in 'n sterker sosio-politieke bedingingsposisie gaan plaas,
- (e) die morele verwerplikeid van enige tweede-klasburgerskap vir die Kleurling,
- (f) die groeiende wêreldwye afkeur van die formele en geïnstitusionele toepassing van 'n kleur- en rassedifferensiaal in die toekenning van politieke en burgerregte, en
- (g) 'n internasionale tydsbestel wat Blank en Kleurling in Suid-Afrika onvermydelik in 'n bondgenootskap, gebaseer op 'n gemeenskaplike lojaliteit aan een vaderland, gaan indwing.

In sodanige supra-parlement kan die Blanke vanweë sy onmiskenbare hoër maatskaplike, opvoedkundige en ekonomiese ontwikkelingspeil as die toonaangewende vennoot dien. Sake van gemeenskaplike belang soos landsbeveiliging, die bestryding van kommunisme, belasting, ens., kan saam besleg word.

Prof Rhoadie stel dit so: "Die parlementêre liggaam waarna ek verwys, hoef nie die bestaande Blanke Parlement te vervang nie; niks verhoed ons om 'n nuwe parlementêre liggaam in die lewe te roep nie, 'n liggaam funksioneel georganiseer om die unieke verhoudingsituasie in Suid-Afrika

te hanteer. Dit sal 'n parlement vir gemeenskappe wees, elk met 'n eie sosio-politieke identiteit en beslis nie 'n parlement geskoei op 'n sosio-polities ongedifferensieerde een-man-een-stem-samelewing nie."¹⁸⁾

Vir bogenoemde ontwikkeling is die elementêre institutionele masjinerie reeds in werking. Wat die uiteindelijke parlement genoem sal word, is nou van minder belang. Wat wêl van belang is, is dat die Suid-Afrikaanse, en in besonder ook die Afrikaner se lewenswyse en waardesisteem onaangestas kan bly voortbestaan sonder gevaar van ontwording van laasgenoemde se kultuur. Die ondersoeker glo dat sodanige politieke ontwikkeling nog met die breë beginsels van afsonderlike ontwikkeling te versoen is aangesien die Blanke se identiteit nie bedreig word nie.

Die ondersoeker wil beweer dat die grootste onmiddellike taak ten opsigte van die Kleurlinge is om laasgenoemde tot 'n menswaardige sosio-ekonomiese lewenspeil te verhef deur omvangryker en intensiewer onderwys en meer doeltreffende benutting van Kleurlingmannekrag. 'n Hoër lewenspeil kan 'n laer geboortesyfer by die Kleurling tot gevolg hê.

Hoe die Blanke ook al as dominante groep in Suid-Afrika voel, een feit staan soos 'n paal bo water: die ou, steriele debattering oor die dichotomie van òf sosio-politieke integrasie òf segregasie (met 'n tuisland) is futiel en blyk deur die denkende Blanke en Kleurling-leiers verwerp te word. Oor die "midde-weg" wat gevolg moet word sal meer besin moet word en die komplekse veelvolkige samelewing van Suid-Afrika sal nog nadere studie verg om tot nuwe benaderings en gevolgtrekkings te kan kom wat sal lei tot vrede en geluk vir elke gemeenskap binne die groter nasionale samelewing van Suid-Afrika. Dit gaan aanpassing en doelgerigte vorming vereis wat selfs oor 'n paar geslagte heen kan sny. "Ons moet eenvoudig beseef dat watter oplossing ons ook al vir ons verhoudingsprobleme kies, dit gaan pynlik wees en ongemaklike aanpassings verg."¹⁹⁾ Sonder

/om spesifiek.....

¹⁸⁾ Ibid.

¹⁹⁾ Uit referaat gelewer deur prof N.J. Rhodie op Vrouekongres van F.V.R.V. op 1 - 3 April 1970.

140.

om spesifiek oor die metodes van aanpassing uit te wei, is dit noodsaaklik dat byvoorbeeld opvoedkundige programme in werking gestel word om beter rassebetrekkinge te bevorder.

Dit is onnodig om te beweer dat die bevordering van 'n klimaat van wellewendheid waarin goeie rassebetrekkinge kan gedy, nie slegs beperk kan bly tot die politieke arena nie. Die volk van môre behoort en moet vandag deur middel van opvoedkundige programme ingelig te word om nie slegs ongesonde vooroordeel te temper nie, maar om gevoelige en teer aspekte tydens kontakmomente te vermy. Indien ons in Suid-Afrika 'n Westerse en Christelike kultuur en waardesisteem aanhang, dan sou enige apartheid wat absoluut slegs op grond van ras of kleur gebaseer is, op niks anders as blatante rasisme neerkom nie.

Wetenskaplike studie van die rassebetrekkinge in Suid-Afrika (asook van ander lande) kan baie bydra tot beter betrekkinge tussen die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika. Die ondersoeker sluit af met die beskeie hoop dat die onderhawige ondersoek ook sal bydra tot 'n helderder insae, 'n beter verstandhouding en onderlinge toegeneentheid tussen die Blankes en Kleurlinge wat hul onderskeie lotsbestemminge in 'n gemeenskaplike vaderland moet deel.

B I B L I O G R A F I E

A. GEPUBLISEERDE WERKE EN PROEFSKRIFTE

1. Danton, M.: Race Relations, London, Tavistock Publications Ltd., 1967.
2. Bettelheim, B. en Janowitz, M.: Social Change and Prejudice, including Dynamics of Prejudice, London, The Free Press of Glencoe, Collier-Macmillan, Ltd., 1964.
3. Dogardus, E.S.: Sociology, New York, The Macmillan Co., 1941.
4. Cilliers, S.P.: Maatskaplike Navorsing, Stellenbosch, Kosmo-uitgewery Edms. Bpk., 1965.
5. Cilliers, S.P.: Sosiologie, 'n Sistematiese Inleiding, en Joubert D.D.: Stellenbosch, Kosmo-uitgewery, Edms., Bpk., 1968.
6. Cilliers, S.P.: The Coloureds of South Africa, Kaapstad, Danier Uitgewers Bpk., 1963.
7. Cilliers, S.P.: Wes-Kaapland. 'n Sosio-ekonomiese Studie, Stellenbosch, Kosmo uitgewers (Edms) Bpk., 1964.
(Red)
8. Claassen, C.J.: Man on the Reservation, A Sociological Study of an American Indian Community, Pretoria, D.Phil-proofskrif, Universiteit van Pretoria, 1967.
9. Cruse, H.P.: Die opheffing van die Kleurlingbevolking, Stellenbosch, C.S.V. van Suid-Afrika, 1947.
10. De Villiers Graaff, e.a.: The Cape Coloured Vote, A common Roll or Political Apartheid, Johannesburg, Juta & Co., Ltd., ongedateer. Johannesburg. ('n Minderheidsverslag uitgebring kort na die Parlementêre Onderzoek na die omstrede Aparte Verteenwoordigingswet van 1953 ten opsigte van die Kleurlinge).

/11. Du Plessis, I.D.

11. Du Plessis, I.D.: The Coloured People of South Africa: Some aspects of their present position, Referate SADRA Jaarvergadering, Januarie 1955.
12. Du Toit, A.S.: Kontak en Assosiasie van Kleurling met Bantoe in die Kaapse Skiereiland, D. Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1958.
13. Goode, W.J. en Hatt, P.K.: Methods in Social Research, New York, McGraw-Hill Book Co., Inc., 1952.
14. Greyling, H.L.: Die Toekoms van die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika, Pretoria, Volkshandel Gedenkalbum, Die Afrikaanse Handelsinstituut, April 1970.
15. Greyling, H.L.: Enkele beskouings oor die moontlike Sosio-Ekonomiese Posisie van die Kleurlinggroep in die Toekomstige Bevolkingspatroon, Tydskrif vir Rasse Aangeleenthede (SADRA) Jaargang 15, Nr. 4, Oktober 1964.
16. Kish, L.: Survey Sampling, New York, John Wiley and Sons, 1965.
17. Lazarsfeld, P.: Problems in Methodology, in Merton, Droom en Cottrell (reds), Sociology Today, New York, 1959.
18. Marais, J.S.: The Cape Coloured People, 1652 - 1937 Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1957.
19. Park, Robert E.: Race and Culture, Illinois, The Free Press, Glencoe, 1950.
20. Rex, John: Race Relations in Sociological Theory, London, Weidenfeld and Nicolson, 1970.
21. Rhoadie, N.J. en Venter, H.J.: Die Apartheidsgedagte, Kaapstad en Pretoria, H.A.U.M., 1960.
22. Sadie, J.L.: Demografiese Aspekte van die Kleurlingbevolking, Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Julie 1964, Vol. 5, Nr. 4.

/23. Suzman, Arthur:.....

23. Suzman, Arthur: Race Classification and Definition in the Legislation of the Union of South Africa, 1910 - 1960 - A survey and Analysis, herdruk uit "Acta Juridica", SAIRR, 1960.
24. Theron, E. en Swart, M.J.: Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika, 'n Verslag van SADRA in-sake die Kleurling, Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boek-handelaars, 1964.
25. Thompson, L.M.: The Cape Coloured Franchise (New Africa Pamphlet No. 20),
26. Van der Walt, Tj.: Huweliksverbintenisse tussen Kleurlingvroue en Dantoemans: 'n Sosiologiese ontleding van die huwelike van 200 Kleurlingvroue met Dantoemans, woonagtig in die Kaapse Skiereiland, D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1970.
27. Van der Walt, Tj.: Kleurlingbehuising in Eersterust, Pretoria. 'n Sosiologiese ontleding met besondere verwysing na onwenslike behuisingstoestande en die houding van die Kleurling ten opsigte van hul behusingsomstandighede, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1966.
28. Ziervogel, C.: Brown South Africa, Maskew Miller, Cape Town, Ltd., ongedateerd.
- D. AMPTELIKE VERSLAE:
29. Federale Vroueraad Volksbelang: Verslag van Vroue volkskongres oor "Verantwoordelike Ouerskap", Bloemfontein, 1 - 3 April 1970.
30. Sensusverslag: Stedelike en Plattelandse Bevolking van Suid-Afrika, 1904 - 1960, Pretoria, Nr. 02-02-01 Buro vir Statistiek, 1960.
31. Departement van Inligting;
namens Departement van
Kleurlingsake : "Leuse vir Eersterust se Kinders", Alpha, Vol. IV, Nr. 8, Augustus 1966.

32. Volksraadsdebatte: Hansard.
33. Thornton-verslag, Sir E.M.: (gepubliseer 1939) insake die Administrasie van gebiede wat verstedelik word maar nog nie onder die beheer van Plaaslike Bestuur bestaan nie - 1938 - '39. U.G. 8/1940. Staatsdrukker, Pretoria, 1939.

C. KOERANTE, TYDSKRIFTE, AMPTELIKE RADIO-AANKONDIGINGS

I. KOERANTE:

- (a) Dagbreek (later "Rapport")
- (b) Sunday Times en verskeie Afrikaanse en Engelse dagblaai.


II. BROSJURES:

- (a) Departement van Inligting en Kleurlingsake: Kleurlingvolksgroepe van Suid-Afrika (Gekleurde brosjure), 1964.
- (b) Institute of Race Relations: The Cape Coloured People Today, Johannesburg, ongedateerd.

D. WETTE:

- (a) Die gewysigde Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers (Wet Nr. 30 van 1965).
- (b) Die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad (Wet Nr. 49 van 1964).

Bylaag tot Alpha, Desember 1969.



Die vyf lede van die Uitvoerende Bestuur van die Raad is v.l.n.r. mnre. S. S. Cloete (Landelike gebiede en nedersettings), W. J. Bergens (Onderwys), T. R. Swartz (Voorsitter en Finansies), W. J. Louw (Plaaslike Bestuur), en P. J. Pietersen (Gemeenskapswelsyn en Pensioene).

DIE KLEURLINGE VAN EERSTERUST SE SIENING VAN HUL
HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE SOSIO-POLITIEKE POSISIE
IN DIE DREÏ SUID-AFRIKAANSE DEVOLKINGSTRAKTUUR.

deur
HENRY D. SMIT

Promotor: Prof. dr. N.J. Rhoadie.

Departement: Sosiologie.

Graad waarvoor verhandeling ingedien is: M.A.

Maleiergroep - sterk deur die Eersterustse Kleurlinge verwerp word. Daar heers 'n intense bewustheid van onderlinge groepsverskille. Ten spyte daarvan dat 86% van die Kleurlinge hulself as 'n volk beskou, is tot die slotsom geraak dat die Kleurlinge nie per definisie of in sosiologiese sin 'n volk vorm nie.

Ongeveer 75% van die Kleurlinge identifiseer sterk met die Kaapse Kleurlinge.

Wat huweliksverbintenisse met ander rassegroepe betref, voel die onderhawige Kleurlingegroep dat wetgewing ingedien behoort te word om sodanige huweliksverbintenisse tussen Kleurling en Bantoes, asook Kleurlinge en Indiërs, te verbied.

Op party-politieke vlak lê die Kleurlingmassa nog braak in die sin dat hulle geen duidelike party-politieke oortuigings of verbintenisse openbaar nie.

Die Kleurlinge gaan 'n tydsgewrig van politieke vergesigte binne en die Verteenwoordigende Kleurlingraad het beperkte politieke mag binne sy bereik gebring. Die reaksie hierop sien ons in die verwerping van integrasie asook die status quo. Vir 70% van die Eersterustse Kleurlinge vorm afsonderlike ontwikkeling as 'n aparte volksgroep met 'n eie tuisland, die politieke ideaal. Een-derde van die 70% "tuislanders" wil egter nie die Griekwas en Maleiers as burgers in hul "vaderland" aanvaar nie.

Ten slotte het die ondersoeker die sosio-politieke implikasies van die siening en begeertes van die Eersterustse Kleurlinge ondersoek en tot die slotsom geraak dat daar onder andere 'n duidelike korrelasie bestaan tussen die "tuislandverwerpers" en hul hoër opvoedkundige peil. Met ander woorde dit is hoofsaaklik die "laer" stratum onder die Eersterustse Kleurlinge wat 'n tuisland begeer.

Die ondersoeker het verskillende politieke moontlikhede vir die Kleurlinge in Suid-Afrika bespreek en daarop gewys dat indien Blank Suid-Afrika die toekoms met gerustheid en hoop op vrede, op die gebied van goeie en gesonde rassebetrekkings, wil tegemoetgaan, intensiewe programme ten opsigte van 'n versnelde verhoging van die sosiaal-opvoedkundige en ekonomiese peil van die Kleurlinge in Suid-Afrika in werking gestel behoort te word.

Vraelysnr.

Huisnr en Straat

NAVORSINGSKEDULE

U ANTWOORDE IS VERTRAOLIK

A. Identifisering.

	Dlank	Kleurling	Cantoe		
A.1. Voorkoms:	Velkleur	1	2	3	1

A.2. Wat is u huwelikstaat?

G	Nooit Getr.	Alleenlopend			
		Oorl.	Verl.	Geskei	
1	2	3	4	5	2

A.3. Wat is u huistaal?

Eng. en Afr.	Afr.	Eng.	Ander	
1	2	3	()	3

A.4. Geslag?

M	V	
1	2	4

A.5. Wat is u kerkverband?

Spesifiseer	
()	5-6

A.6. Hoe oud is u? (Voltooide jare)

20- 24	25- 29	30- 34	35- 39	40- 44	45- 49	50- 54	55- 59	60+	
1	2	3	4	5	6	7	8	9	7

/A.7. Waar

A.7. Waar is u gebore?

Dorp/Stad	Plaas
1	2

8

A.8. Hoelank woon u al in Eersterust?

Minder as 1 jr.	1 - 2 jr	3 - 5 jr	6+
1	2	3	4

9

A.9. Waar het u voorheen gewoon?

Dorp/Stad	Plaas
1	2

10

A.10. Waar het u die grootste gedeelte van u lewe gewoon?

Dorp/Stad	Plaas
1	2

11

A.11. Hoeveel jaar het u in die Kaap-provinsie gewoon?

Geen	-4	5-9	10-19	20+

12

A.12. Wat is u beroep?

Huisvrou	Werkloos	Arbeider	Klerk	Ambagsman	Profes-sioneel
1	2	3	4	5	6

13

A.13. Wat is u maandelikse inkomste?

Geen Stud	Geen h.vr	Geen werkl	-20	20-29	30-39	40-49	50-59	60-69	70-99
01	02	03	04	05	06	07	08	09	10

100- 149	150- 199	200+
11	12	13

14-15

A.14. Wat is u hoogste opvoedkundige kwalifikasies?

Laer as St. 6	St.6	St.7	St.8	St.9	St.10	Dipl.	Graad
1	2	3	4	5	6	7	8

16

D.1. Beskou u uself as 'n K.Kleurling/Griekwa/Maleier?

K.Kl.	Griekw.	Mal.
1	2	3

17

D.2. Uit watter groep kom u Vader? D.w.s. as wat was u vader bekend?

Griekw.	Mal.	K.Kl.	Dlant	Santoe	Indiër
1	2	3	4	5	6

Weet nie
7

18

D.3. Waar is u Vader gebore?

Kaap	Tvl.	Natal	O.V.S.	Weet nie	Ander
1	2	3	4	5	()

19

/D.4. Uit

D.4. Uit watter groep kom u Moeder?
 D.w.s. as wat was u Moeder bekend?

Griekw.	Mal.	K.Kl.	Blank	Dantoe	Indiër	Weet nie	
1	2	3	4	5	6	7	20

D.5. Waar is u Moeder gebore?

Kaap	Tvl.	Natal	O.V.S.	Weet nie	Ander	
1	2	3	4	5	6	21

D.6. Indien u in die Kaap kon bly, met watter Kleurlinggroep sou u verkieslik assosieer?

Maak nie saak nie	Griekw.	Mal.	K.Kl.	
1	2	3	4	22

D.7. Hoekom?
 23

D.8. Het u eie en/of aangetroude familie in die Kaap en indien wel, watter deel van die Kaap?

Nee	Stad/Dorp	Plaas	
1	2	3	24

D.9. Hou u kontak met hulle?

Ja	Nee	
1	2	25

D.10. Het u kontak met ander Kleurlinge (behalwe familie) in die Kaap? Indien wel, watter deel van die Kaap?

Nee	Stad/Dorp	Plaas	
1	2	3	26

C.1. U het gemerk ons praat van K.Kleurlinge, Griekwas en Maleiers. Is ons reg om so te onderskei of bestaan hulle nie as aparte groepe nie?

Ja	Nee	
1	2	27

C.2. Voel u dat u en die ander Klourlinge in S.A. een aparte volk is, of nie?

Ja	Nee	
1	2	28

C.3. Sou u verkies dat daar 'n Tuisland vir die Kleurlinge moet wees? Indien wel, waar behoort sodanige Tuisland(e) geleë te wees?

Nee	Ja (Spesifiseer)	
1		2 29

C.4. Indien die Kleurlinge eendag 'n selfregerende nasie met 'n eie regering en parlement word, moet hulle verteenwoordiging in die V.V.O. geniet?

Ja	Nee	
1	2	30

C.5. Voel u dat daar verskille bestaan tussen Griekwa, Maleier en K.Kleurlinge, of nie? Indien wel, is dié verskille groot of klein?

Nee	Ja		
	Groot	Klein	
1	2	3	31

/C.6. As u nie.....

C.6. As u nie 'n Griekwa of Maleier is nie en ongetroud, sal u bereid wees om met òf 'n Griekwa, òf 'n Maleier in die huwelik te tree?

Nee	Griekwa en Maleier	Griekwa	Maleier	32
1	2	3	4	

C.7. Glo u dat hierdie groepname soos Griekwa, Maleier en Kaapse Kleurling later sal verdwyn en dat u één volk sal word?

Ja	Nee	Weet nie	33
1	2	3	

C.8. Watter van die volgende groepe behoort NIE in die Kleurlingvolk opgeneem te word nie?

Al drie een volk	Griekw.	Mal.	K.Kl.	34
1	2	3	4	

C.9. Voel u dat hierdie groepe liewer kans gegee moet word om aparte woonplekke te bewoon, of nie?

Ja	Nee	35
1	2	

C.10. Sal u die Maleiers (wat Moslems is) as deel van 'n Kleurlingvolk aanvaar?

Ja	Nee	36
1	2	

/C.11. Sou u.....

C.11. Sou u verkies om een van die volgende genoem te word? Indien nie, hoe wil u genoem word?

Griekw.	Mal.	K.Kl.	Druin- mense	Kleurl.	Druin Afr.	Ander (Spesi- fiseer)
1	2	3	4	5	6	()

 37

C.12. Dink u die Regering behoort wetgewing daar te stel om ondertrouery tussen Kleurling en Bantoe of tussen Kleurling en Indiër uit te skakel?

Nee	Bantoe	Indiër	Bantoe en Indiër
1	2	3	4

 38

C.13. Is u lid van enige Kleurling politieke party? Indien wel, watter party? (U hoef nie te sê watter party as u nie wil nie).

Nee	Ja	Die Party is:
1	2	()

 39

C.14. Sou u graag eendag 'n eie aparte vaderland met 'n eie regering wou hê?

Ja	Nee
1	2

 40


C.15. Indien wel, wil u dat al die Kleurlinge, Maleiers, Griekwas en Kaapse Kleurlinge moet saamwoon onder één Kleurlingregering en Kleurlingparlement?

N.v.t.	Ja	Nee
1	2	3

 41

/C.16. Indien

DIE EERSTE SITTING VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE KLEURLINGRAAD



Voor sittende v.l.n.r.: P. J. Pietersen (Wupperthal), Mev. M. M. Gabriels (Benoem), S. S. Cloete (Steinkoph), Eerw. A. C. Jacobs (O.V.S.-Noord), W. J. Louw (Protea), G. du Preez (Swartberg), Eerw. W. J. Bergins (Benoem), L. W. Holander (Karee), T. R. Swartz (Benoem), I. S. Petersen (Benoem), P. T. Sanders (O.V.S.-Suid), S. M. Brown (Haarlem), M. D. Arendse (Tafelberg), J. E. Nash (Oos-Kaap), E. G. Rooks (Greenwood-Park), G. J. Fortuin (Breërivier), Mev. Nora Potts (Outeniqua), M. T. Fakier (Suid-Kaap), E. D. Dunn (Natal-Binneland), F. E. Peters (Heideveld), E. Domingo (Rust-Ter-Vaal). Tweede ry: v.l.n.r. H. J. Coverdale (Noord-Transvaal), D. S. Habelgaarn (Benoem), J. A. Rabie (Reigerpark), J. Poley (Benoem), J. A. Ferris (Benoem), E. C. Swales (Benoem), G. I. Julies (Gelvandale), L. S. Leon (Diamant), A. Stanley (Liesbeeck), W. D. Plaatjies (O.V.S.-Sentraal), W. E. Johannes (Kasselsvlei), P. J. J. Meyer (Genadendal). Derde ry v.l.n.r.: J. Muller (Benoem), S. P. J. Smith (Adendorp), J. C. Inglis (Benoem), W. J. Swartz (Witwatersrand), A. J. L. Winnaar (Benoem), A. A. S. le Fleur (Benoem), Solly Essop (Bokkeveld), W. Pieterse (Benoem), J. D. Pietersen (Rietvlei), J. C. Oosthuizen (Mamre), W. J. Meyer (Bonteheuwel), Dr. R. H. Arendse (Bergrivier), V. Sass (Elsiesrivier). Vierde ry v.l.n.r.: A. Adams (Benoem), P. Swartz (Benoem), D. E. September (Benoem), P. J. Jacobs (Benoem), W. S. Africa (Benoem), Dr. C. C. Pilcher (Benoem), E. F. Jones (Strandfontein), Eerw. H. J. Hendrickse (Bethelsdorp), F. W. Theron (Kalahari), N. S. Middleton (Wentworth), L. V. du Preez (Newclare), J. L. Segers (Visrivier).

Afwesig: D. M. G. Curry (Pniel), M. B. Savahl (Benoem).